# DIE EERSTE ALGEMENE VERKIESING NA DIE VORMING VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA, 1910

I.D. van der Walt

Verhandeling voorgelê ter voldoening aan die vereistes vir die graad M.A. aan die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. onder leiding van prof. dr. J.S. du Plessis.

Potchefstroom
1976

## VOORWOORD

Die vorming van die Unie van Suid-Afrika in 1910 het in sekere sin die voorafgaande geskiedenis afgerond en 'n nuwe tydperk ingelui. Die eenwording is goed be=skrywe, onder andere deur L.M. Thompson in sy Unification of South Africa. Oor die eerste algemene verkiesing in September 1910, wat 'n uitvloeisel was van die eenwording en waarna dikwels slegs terloops verwys is, is baie min gepubliseer. Hierdie studie het ten doel om daardie leemte te vul.

Die navorsing oor die onderwerp het 'n baie wye veld ge=dek omdat al die politieke partye in al die provinsies gedek moes word. Die meeste studiemateriaal lê opge=sluit in die belangrikste koerante (regeringsgesind, opposisie en onafhanklik), van daardie tyd aangevul deur private versamelings en ander bronne.

Skrywer is baie dank verskuldig aan die studieleier, prof. dr. J.S. du Plessis, vir sy hulp en leiding en ook aan dr. P.F. van der Schyff wat met sy besondere kennis van die politieke geskiedenis baie waardevolle wenke en hulp verleen het.

My taak is ook baie vergemaklik deur die vriendelike hulp wat ontvang is van personeellede van die verskil=lende argiefbewaarplekke en biblioteke dwarsdeur die land waar navorsing gedoen is. Besondere vermelding verdien die personeel van die Ferdinand Postmabiblioteek vir hulpvaardigheid en vriendelike diens.

Ek spreek ook graag my dank uit vir finansiële hulp wat ontvang is van die Raad vir Geesteswetenskaplike Na=vorsing en van die Transvaalse Onderwysdepartement.

INHOUDSOPGAWE

Bladsy

I. STAATKUNDIGE EENHEID ........................ 1

1. Konstitusioneel ............................ 1

(a) Kaapkolonie en Natal ................. 1
(b) Transvaal en Oranjerivierkolonie ..... 2

2. Die Nasionale Konvensie .................... 4
3. Grondwetlike bepalings ..................... 6

(a) Die Volksraad ........................ 6
(b) Die Senaat ........................... 10
(c) Provinsiale regering ................. 11

II. VERKIESINGS VOOR 1910 ..................... 14

1. Die Kaapkolonie ............................ 14
2. Natal ...................................... 19
3. Die Boererepublieke ........................ 21
4. Transvaal en die Oranjerivierkolonie ...... 30

III. PARTYPOLITIEKE REORIëNTERING EN REORGANI= SASIE IN 1910 ............................ 35

1. Pogings tot 'n nuwe partyverdeling ........ 35
2. Die eerste uniale party: Die Arbeiders ... 45
3. Dr. Jameson stig 'n nuwe party: Die Unioniste .................................. 50
4. Die regeringspartye: Amalgamasie? ........ 56

(a) Amalgamasie? ......................... 56
(b) Transvaal ............................ 61
(c) Die Kaapkolonie ...................... 65
(d) Die Vrystaat ......................... 66

5. Natal: Afsydig ............................ 76

Bladsy

IV. AMPTELIKE VERKIESINGSORGANISASIE .......... 79

1. Afbakeningskommissie ...................... 79

(a) Samestelling van die kommissie ....... 79
(b) Opdrag aan die kommissie ............. 80
(c) Die verslag van die kommissie ........ 81
(d) Ontleding van die verslag ............ 84

2. Amptelike voorbereidingswerk wat die ver= kiesing moes voorafgaan .................. 89

(a) Benoeming van eersteminister ......... 89
(b) Die samestelling van die Kabinet ..... 93
(c) Ander hoë amptenare .................. 97

V. VERKIESINGSVELDTOG (1) : DIE EERSTE SKOTE KLAP ..................................... 99

1. Die pers .................................. 99
2. Beleidsverklarings ........................ 107

(a) Generaal Botha se manifes ............ 107
(b) Die program van die Unioniste ........ 110
(c) Ooreenkomste en verskille ............ 113
(d) Die Arbeiders ........................ 116
(e) Die Onafhanklikes .................... 117

VI. VERKIESINGSVELDTOG (2) : KANDIDATE EN NOMINASIES ............................... 120

1. Nominasie- en verkiesingsdatums ........... 120
2. Wie gaan genomineer word? ................. 121
3. Onbestrede nominasies ..................... 128
4. Die bestrede kiesafdelings ................ 130

(a) Kaapprovinsie ........................ 131
(b) Transvaal ............................ 133
(c) Die Vrystaat ......................... 137
(d) Natal ................................ 138

Bladsy

VII. VERKIESINGSVELDTOG (3) : VERKIESINGS= VRAAGSTUKKE ........................... 141

1. "Hertzogisme" en "Rassehaat" .............. 141
2. Die Sjinese arbeidsvraagstuk en die Kapi= taliste .................................... 164
3. Administratiewe aangeleenthede ............ 170

(a) Staatsfinansies en staatsdiens ....... 170
(b) Die R600-toekenning .................. 172
(c) Die Truter-verslag ................... 174

4. Die Afskeidingsbeweging in die Oostelike Provinsie ................................. 176

VIII. VERKIESINGSVELDTOG (4) : HULPMIDDELE EN TEGNIEKE .............................. 180

1. Vergaderings .............................. 180
2. Pers en propaganda ........................ 193

IX. STEMDAG 15 SEPTEMBER 1910 EN UITSLAE ...... 207

1. Verkiesingskoors .......................... 207
2. Die eerste uitslae en reaksie daarop ...... 213
3. Die volledige uitslae ..................... 220

X. ONTLEDING, BETEKENIS EN WAARDEBEPALING .... 223

1. Stempersentasie ........................... 223
2. Stemmetotaal .............................. 225
3. Hoe die uitslag vertolk is ................ 228

(a) Die Nasionaliste ..................... 228
(b) Die Pretoria-Oos kragmeting .......... 234
(c) Die Unioniste ........................ 237
(d) Die Arbeiders ........................ 240
(e) Natal en die Onafhanklikes ........... 241

Bladsy


4. Verwante aangeleenthede .................. 246

(a) Tussenverkiesings as gevolg van die uitslag ............................ 246
(b) Die Natalse Volksraadslede ........... 248
(c) Die Senaat ........................... 249
(d) Hertzog-onderwyswet .................. 250
(e) Hertzogprys .......................... 251

XI. SLOTBESKOUING ............................ 253

XII. BYLAES .................................. 264

(a) Opsomming van die program van beginsels van die S.A. Arbeidersparty .......... 264
(b) Unionist Party of South Africa: Programme ............................ 267
(c) Manifes van generaal Botha ........... 272
(d) Natal Party: Programme .............. 276
(e) Lys van name van regters, administra= teurs en senatore - 31 Mei 1910 ...... 279
(f) Lys van name van onbestrede verkose lede ................................. 281
(g) Die uitslag in die betwiste kiesafde= lings ................................ 284

XIII. BRONNELYS .............................. 298

# HOOFSTUK I

## STAATKUNDIGE EENHEID

Met die Vrede van Vereeniging is die twee voormalige Republieke ook onder die Britse vlag gebring. In die daaropvolgende paar jaar het daar 'n ongekende politieke ontwaking dwarsoor Suid-Afrika plaasgevind wat uitge= loop het op die verlening van Selfbestuur aan Transvaal en die OranjeVrystaat. Vanweë verskeie probleme, by= voorbeeld doeane en spoorweë, het die gedagte aan 'n eenheidstaat spoedig weer sterk na vore gekom en uit= eindelik gekulmineer in die hou van 'n Nasionale Kon= vensie in 1908-09. Hier is finaal besluit op Uniewording en het die bepalings vir die grondwet van die nuwe staat sy beslag gekry.

### 1. Konstitusioneel

Die nuwe grondwet het bepaal dat 'n landswye algemene verkiesing gehou moes word om 'n Volksraad daar te stel en so die regeringsmasjinerie in volle werking te laat tree. Dié stap sou 'n ingrypende verandering op be= staande toestande meebring, waar elk van die afsonderlike state alreeds 'n eie tradisie en geskiedenis op konsti= tusionele gebied deurleef het.

#### (a) Kaapkolonie en Natal

Sedert die oorname van die Kaap deur Groot-Brittanje in

1806 is die aanvanklike militêre bewind spoedig opgevolg deur kroonkolonieregering en verteenwoordigende regering totdat verantwoordelike bestuur in 1872 toegeken is. Dit was geskoei op die Britse model met 'n parlement wat uit twee kamers bestaan en aan wie die ministers verant= woordelik was. Teen 1910 was die Kaapkolonie deeglik geskool in die Britse parlementêre stelsel.[1]

Die Voortrekkers het vir 'n kort tydperk die Republiek Natalia bestuur. Vanaf die anneksasie in 1843 het Natal onder Britse koloniale bestuur gestaan, aanvanklik onder 'n luitenant-goewerneur en vyf lede, maar slegs in uit= voerende hoedanigheid omdat die wetgewende gesag nog by die Kaapse regering berus het.[2] In 1857 het Natal 'n beperkte vorm van verteenwoordigende bestuur verkry en toe eers sy afhanklikheid van die Kaapkolonie verloor. Eers in 1893 het Natal verantwoordelike bestuur ontvang met 'n tweekamerparlement en 'n uitvoerende gesag wat berus het by 'n goewerneur en 'n kabinet.[3] Op die vooraand van unifikasie was daar nie 'n sterk of ervare regering in Natal aan bewind nie.

(b) Transvaal en die Oranjerivierkolonie

Met die vredesluiting op 31 Mei 1902 het die staatsvorm,

---

1. D.W. Krüger: The age of the generals, p. 14.
2. C.F.J. Muller, (red.): Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis, p. 184.
3. Ibid., p. 196

waaraan die Transvaalse en Vrystaatse burgers vir byna 'n halfeeu gewoond was, verdwyn. 'n Uitnodiging deur lord Milner aan generaals Botha, Smuts en De la Rey om in 'n genomineerde wetgewende raad te dien is van die hand gewys omdat dit geen verantwoordelike selfbestuur was nie.[4)]

Die vervanging van lord Milner as Britse Hoë Kommissaris deur lord Selborne gedurende April 1905 en die parle= mentêre oorwinning van sir Henry Campbell-Bannerman, met sy liberale ministerie, in Januarie 1906 in Engeland, het groot politieke invloed op veral die gewese republieke uitgeoefen. Transvaal het politieke voordeel behaal toe selfbestuur toegeken is en generaal Louis Botha in Maart 1907 aan bewind gekom het.[5)] Dit is in November 1907 in die Oranjerivierkolonie opgevolg met die bewindsoor= name van Abraham Fischer as eerste minister. Die kon= stitusies van albei die kolonies was min of meer dieself= de met die wetgewende mag gesetel in 'n tweekamerparle= ment en die uitvoerende gesag in die hande van 'n kabinet wat aan die parlement verantwoordelik was.[6)] Dit is opvallend dat binne die bestek van ses jaar na die einde van die Anglo-Boereoorlog die regering weer in die hande van Afrikaners oorgegaan het: "Instead of the British

---

4. S.C. Buxton: General Botha, p. 10.
5. B. Spoelstra: Die bewindsaanvaarding van die Botha-regering oor Transvaal as selfregerende Britse Kolonie in 1907, Ajb. 1953, II, p. 335.
6. Muller, a.w., p. 329.

governing from Whitehall, through a High Commissioner and two Lieutenant Governors, the Boers were now in complete political control".[7)]

Teen 1908 was die konstitusionele posisie in die ver= skillende kolonies sodanig dat al vier oor selfregering beskik het met konstitusies wat in hoofsaak ooreenge= stem het. 'n Opvallende verskil was egter dat in Transvaal en die Oranjerivierkolonie die stemreg slegs beperk was tot manlike Blankes, terwyl in die Kaapkolonie geen onderskeid gemaak is tussen Britse onderdane op grond van ras of kleur nie.[8)] In Natal kon Kleurlinge en Bantoes onder sekere voorwaardes stemreg verkry. In praktyk egter het slegs Blanke mans en 'n baie ge= ringe getal Nie-Blankes die stemreg besit.[9)]

## 2. Die Nasionale Konvensie

Selfregering waaroor al vier die kolonies teen die einde van 1907 beskik het, sowel as die behoefte aan een= wording, ter wille van doeane, spoorweë, hawens en ander gemeenskaplike sake het daartoe aanleiding gegee dat al meer en meer stemme opgegaan het om vereniging te be= werkstellig. Op die Interkoloniale konferensie oor die

---

7. G.H. Calpin: There are no South Africans, p. 69.
8. Krüger, a.w., p. 14.
9. L.M. Thompson: The Unification of South Africa, 1902-1910, p. 111.

spoorweg- en doeanekwessie wat in Mei 1908 in Pretoria gehou is, het generaal Smuts die leiding geneem en is besluit om 'n Nasionale Konvensie te hou om 'n grondwet vir 'n verenigde Suid-Afrika op te stel.[10)]

'n Gees van samewerking het die lede van die Nasionale Konvensie besiel en veel is in die werk gestel om daarvan 'n sukses te maak. Die gees van samewerking spreek ook daaruit dat verteenwoordigers uit regerings- en opposisiegeledere en selfs onafhanklikes aangewys is. Daar is dikwels gedurende, maar veral ná die Kon=vensiesittings na die goeie gees en goeie gesindheid, die sogenaamde "Convention Spirit" verwys,[11)] want inderdaad was daar 'n groot mate van verdraagsaamheid en toegewingsgesindheid as gelet word op wat deur die Konvensie gedoen en bereik is.

Die toekoms sou moes uitwys of die goeie gees en gesind=heid, na Uniewording en veral gedurende die verkiesings=tydperk sou bly voortbestaan.

Na sittings in Durban en Kaapstad is 'n konsep-grondwet aan die onderskeie koloniale regerings voorgelê en sonder noemenswaardige teenkanting goedgekeur. Natal het verkies om 'n referendum, wat ten gunste van die

---

10. Vir besonderhede sien Thompson, a.w., eerste vier hoofstukke tot by p. 171.
11. Krüger, a.w., p. 48.

konsepwet uitspraak gelewer het, te hou.[12)]

Na nog 'n sitting in Bloemfontein en nadat al die koloniale regerings gedurende Junie 1909 die hersiene konsep-grondwet goedgekeur het, is afgevaardigdes be= noem om dit aan die Britse Parlement voor te lê. In Augustus 1909 het albei huise van die Britse Parlement dit goedgekeur.[13)] By wyse van 'n koninklike prokla= masie van 2 Desember 1909 is 31 Mei 1910 gestel as die dag waarop die grondwet in werking sou tree, "perhaps a subtle reminder of the peace treaty which ended the South African War exactly eight years before".[14)]

3. Die Suid-Afrikawet van 1909: Die grondwetlike be= palings wat betrekking het op die verkiesing

Dit is nie die doel van hierdie studie om die grondwet van die Unie van Suid-Afrika, algemeen bekend as die Suid-Afrikawet van 1909, te bespreek nie, maar slegs enkele aspekte wat betrekking het op die verkiesing wat na Uniewording gevolg het, kortliks toe te lig.[15)]

(a) Die Volksraad

---

12. E.H. Brookes & C. de B. Webb : A History of Natal, pp. 243-244.
13. Thompson, a.w., . pp. 309-362.
14. Krüger , a.w., p. 49.
15. Hierdie wet is gepubliseer in G.W. Eybers: Select Constitutional Documents illustrating South African History 1795-1910, pp. 517-558.

(i) Die stemreg

Die stemregbepalings vir die verkiesing van lede vir die Volksraad was 'n netelige kwessie omdat daar groot ver= skille oor die aangeleentheid was.

In die Kaapkolonie kon alle manlike Britse onderdane wat hulle name, adresse en beroepe kon skryf, minstens R100 jaarliks aan salaris ontvang of vaste eiendom ter waarde van minstens R150 besit, in parlementêre ver= kiesings stem. Daar was ook geen kleurslagboom wat lid= maatskap van die twee kamers van die parlement geraak het nie. In Natal kon alle Britse onderdane die stem= reg ontvang as hulle minstens R192 per jaar verdien of vaste eiendom besit het wat jaarliks minstens R20 aan huur kon oplewer. In die praktyk is die wet egter op so 'n wyse toegepas dat Nie-Blankes vir alle praktiese doeleindes uitgesluit was van die stemreg. Geen Nie-Blankes het in Transvaal of die Oranjerivierkolonie stemreg besit nie.[16)] Hier was inderdaad 'n netelige kwessie. Die Transvaal en die Oranjerivierkolonie kon probeer om die ander twee kolonies in ooreenstemming met hulle s'n te bring of die Kaap kon sy stemregkwa= lifikasies na die ander drie provinsies probeer uitbrei het. As die status quo-posisie gehandhaaf word kon dit

---

16. Thompson, a.w., p. 11; E.A. Walton: The Inner History of the National Convention of South Africa, p. 117.

byvoorbeeld beteken dat 'n Blanke wat in een provinsie stemreg gehad het, mag bevind dat hy dit in 'n ander provinsie nie het nie. Dieselfde sou vir Kleurlinge en Bantoes wat in die Kaapprovinsie stemgeregtig was, geld. Daarby was die Imperiale regering begerig dat daar geen kleurskeidslyn sou wees nie.[17)]

Hierdie netelige kwessie is eindelik opgelos deur 'n kompromis waardeur die status quo-posisie gehandhaaf is.[18)]

(ii) Verteenwoordiging: kiesafdeling

Om 'n verdeling van kiesafdelings tussen die provinsies te verkry is gebruik gemaak van die 1904-sensus. Daar=volgens was die aantal kiesers soos volg:[19)]

| | | |
|---|---|---|
| Kaapkolonie | : | 167 546 |
| Transvaal | : | 106 493 |
| Oranjerivierkolonie | : | 41 014 |
| Natal | : | 34 784 |

---

17. Thompson, a.w., p. 217. Die Naturelle-stemreg word ook volledig behandel in J.J. van Tonder se ongepubliseerde M.A.-verhandeling: Die naturellekwessie in die Suid-Afrikaanse Party=politiek voor Unifikasie, pp. 170-180.
18. Thompson, a.w., p. 225.
19. Ibid., p. 230.

Generaal Smuts het egter die Konvensie oorreed om as gevolg van uitbreiding in Transvaal, sy getal as 119 179 te neem. Dit sou uiteindelik aan Transvaal ses meer setels laat toekom.

Volgens bogenoemde syfers sou die verteenwoordigers in 'n Volksraad van 120 lede, waarop reeds ooreengekom was, respektiewelik soos volg wees: 55.46, 39.45, 13.58 en 11.51 of 55½, 39½, 13½ en 11½. Met dié syfers as maat=staf is ooreengekom om dié van die Kaapkolonie en Transvaal met 4½ en 3½ te verminder en dit by die Vry=staat en Natal onderskeidelik te voeg. Dit sou die verteenwoordiging dan te staan bring op:

| | | |
|---|---|---|
| Kaapkolonie | : | 51 |
| Transvaal | : | 36 |
| OranjeVrystaat | : | 17 |
| Natal | : | 16 |

Om Natal gelyk te stel met die OranjeVrystaat is 'n ekstra setel aan Natal toegeken, wat die groot totaal op 121 kiesafdelings te staan gebring het. Die Vrystaat en Natal, as kleiner provinsies, is hierdeur tegemoet gekom. Voorsiening is ook gemaak vir die verdere uit=breiding van kiesafdelings totdat 'n maksimum van 150 bereik sou word. Vir die doel is ook die 1904-sensus-syfers geneem, behalwe dat Transvaal s'n nou aanvaar is as 106,493. Dit het beteken dat Transvaal vir elke 2,891 addisionele kiesers bo die getal 106,493 'n kies=

afdeling sal bykry. Vir die Vrystaat en Natal was die vereiste getal vir addisionele kiesafdelings 49,147 en vir die Kaapkolonie 167,546. Hierdie toewysing was grootliks in die guns van Transvaal, danksy die plei= dooie van generaal Smuts.[20)]

(iii) Kiesstelsel

Van veel groter politieke belang as die aantal setels vir die Volksraad, was die kiesstelsel in elke provinsie, en veral hoe kiesafdelings afgebaken kan word. Die grond= wet het voorsiening gemaak vir die daarstelling van 'n afbakeningskommissie, wat volgens sekere faktore die afbakening moes doen. Die werk van die eerste afbake= ningskommissie word in hoofstuk IV behandel.

(b) Die Senaat

Benewens die Volksraad sou daar ook 'n Senaat wees. Die redes vir die instelling van hierdie tweede kamer van die parlement was om aan die kleiner provinsies gelyke verteenwoordiging te gee en om daarin verteenwoordigers te benoem om na die belange van die Naturelle en Gekleur= des om te sien. Daar moes ook in die Senaat aan die verskillende partye verteenwoordigers gegee word wat in

---

20. Walton, a.w., p. 177; Thompson, a.w., p. 230; Eybers, a.w., Art. 33, p. 526.

verhouding sou wees met die partye se getalsterkte onder die kiesers.[21] Die uiteindelike besluit het derhalwe voorsiening gemaak vir:

(i) Die benoeming deur die Goewerneur-generaal-in-rade van agt senatore waarvan minstens vier 'n deeglike kennis moes hê van die behoeftes van die gekleurde rasse;

(ii) die verkiesing van agt senatore vir elke provin= sie deur die lede van albei wetgewende liggame in 'n gesamentlike sitting. Hierdie senatore moes voor die aanvang van Unie op 31 Mei 1910 deur die onderskeie koloniale parlemente aangewys word.[22]

(c) Provinsiale regering

Die belangrike vraag of die grondwet moes berus op die basis van unie of federasie het uiteindelik uitgeloop op 'n uniale regeringsvorm wat tot 'n groot mate 'n kompromis was, omdat voorsiening gemaak is vir die stigting van provinsies met magte van regering en ad= ministrasie in plaaslike sake.

Dié magte het voorsiening gemaak vir die behartiging van sake soos onderwys (hoër onderwys uitgesluit), hospitale,

---

21. Thompson, pp. 204-212; Eybers, a.w. pp. 524-526.
22. Thompson, a.w., pp. 208-210; Eybers, a.w., pp. 524-526.

plaaslike besture (munisipaliteite, afdelingsrade en ander plaaslike rade), paaie, vis- en wildbeskerming, markte en sake van plaaslike aard.

Ten opsigte van die onderwys lui artikel 85, subartikel (iii) soos volg: "Education, other than high education, for a period of five years and thereafter until Parlia= ment otherwise provides". Die byvoeging "for a period of five years" lewer die bewys dat daar bedenkinge was oor die wenslikheid om die onderwys in die hande van die provinsies te laat.[23)] Hierdie bepaling ten opsigte van die onderwys het aanleiding gegee tot die brandendste politieke vraagstuk in die eerste verkiesing naamlik die Onderwyswet van generaal Hertzog in die Vrystaat.

Aan die einde van die besprekinge oor provinsiale bestuur is ter wille van die Afrikaners die Oranjerivierkolonie se naam verander na OranjeVrystaat.[24)]

Die Afrikaans- en Engelssprekendes is deur hierdie een= wording oënskynlik nader aan mekaar gebring. Vir hulle was Uniedag 1910 die begin van 'n nuwe era, 'n tydperk waarin die twee Blanke rasse 'n eerlike poging kon aan= wend om saam te werk. Die vooruitsigte was goed vir 'n rooskleurige toekoms. Die Nie-Blankes daarenteen wat

23. Thompson, a.w., p. 254.
24. Thompson, a.w., p. 256.

grootliks uitgesluit was wat die stemreg aanbetref, was ongelukkig oor die toedrag oor sake. Hulle moes die prys betaal vir die groter eenheid wat verkry is.[25)]

---

25. G.H.L. le May: British Supremacy in South AFrica, 1899-1907, p. 215.

# HOOFSTUK II

## VERKIESINGS VOOR 1910

Die nuwe staatkundige eenheid, wat in 1910 tot stand gekom het, sou graag 'n splinternuwe begin wou maak. Dit sou egter moeilik wees om heeltemal los te kom van die verlede. 'n Tradisie in mindere of meerdere mate het al in sommige state ontstaan en dit sou 'n invloed hê op die nuwe staat en veral in 'n verkiesing wat op hande was.

### 1. Die Kaapkolonie

Sedert die eerste keer verkiesings gehou is, na 1854, is kandidate vir die parlement deur kiesers voorgestel en gesekondeer deur die opsteek van hande en die uitslag is deur die verkiesingbeampte bekend gemaak. Tot met die instelling van geheime stemming in 1894 was stemming in die openbaar. Algemene verkiesings was baie keer uitgerek tot selfs oor 'n tydperk van vyf maande. Tussenverkiesings is dikwels gehou as gevolg van die bedanking en afsterwe van lede. Voorsiening is gemaak vir tweejaarlikse registrasie van kiesers.[1)]

---

1. J.L. McCracken: The Cape Parliament, 1854-1910, p. 32. Die skrywer wy hoofstuk 3 aan parle= mentêre verkiesings.

Voor 1880 was die groot getal onbestrede nominasies 'n kenmerk van die verkiesings. Daarvoor was daar ver= skillende redes. Vir 'n groot meerderheid was par= lementêre instellings iets vreemd en daarby het die parlement hom vir 'n lang tyd meer besig gehou met handels- en stedelike aangeleenthede as met boerdery= sake. Uiteenlopende verskonings is soms deur kiesers aangevoer waarom hulle nie gaan stem het nie. Die groot distansie na die stemplek, die parlement het geen voordeel vir die boere ingebring nie, die kiesers het vergeet, hulle het geploeg, die veldkornet het hulle nie gewaarsku nie, was onder andere redes wat genoem is.[2)] Dan was daar nog swak organisasie aan die kant van die owerheid. Vir 'n belangelose en onwillige kieserspubliek het verkiesingsveldtogte die werk geword van plaaslike komitees, agente of vriende van die kan= didate.[3)]

Na die ontstaan van die Afrikanerbond het stemwerwery 'n intensiewer vorm aangeneem. So het Cecil Rhodes byvoorbeeld in die hewig betwiste 1898-verkiesing 'n deskundige uit Engeland gekry om sy verkiesingsveldtog te behartig. Persoonlike kontak met kiesers is beklem= toon en verder is gebruik gemaak van kleurvolle baniere en allerlei gedrukte materiaal.[4)]

---

2. McCracken, a.w., pp. 34-35.
3. Ibid., p. 36.
4. Ibid., p. 37.

'n Kenmerk van die verkiesings in stedelike gebiede was die goed bygewoonde vergaderings. Op die platteland was die enigste vergaderings wat goed bygewoon is, dié wat saamgeval het met die Nagmaalsgeleentheid.[5] Ongesonde praktyke soos omkopery en intimidasie het meegebring dat wetgewing daarteen ingestel is in 1859 en 1883. Dit het egter 'n demper geplaas op die vakan= siestemming wat veral voor 1883 geheers het.[6]

Toe Verantwoordelike Regering in 1872 aan die Kaapkolonie toegeken is, was daar nog geen politieke partye nie en was daar skynbaar op daardie tydstip ook geen behoefte daaraan nie. Die tradisie van onafhanklikheid was 'n belangrike rede waarom politieke partye langsaam ont= staan het.[7] Die stigting van die Boeren Beschermings= vereeniging in 1878 en die Afrikanerbond in 1879 het merkbare belangstelling in die politiek gebring soos geblyk het in die verkiesing van 1878-1879 en dié van 1883-1884.[8] Vir die Afrikanerbond as politieke orga= nisasie was die jaar 1888 baie belangrik omdat die Commissie van Toezicht toe onder voorsitterskap van J.H. Hofmeyr in die lewe geroep is om die behartiging van verkiesings waar te neem.[9] Dit het daarna in toe=

---

5. McCracken, a.w., p. 39.
6. Ibid., p. 41.
7. T.R.H. Davenport: The Afrikaner Bond, The History of a South African Political Party 1880-1911, p. 306.
8. Ibid., p. 71, 89.
9. Ibid., p. 124.

nemende mate 'n baie belangrike rol in verkiesings en die keuse van kandidate gespeel.

Die Jameson-inval het verreikende politieke gevolge vir die hele Suid-Afrika gehad. In die Kaapkolonie het dit 'n breuk gebring tussen Rhodes en die Afrikanerbond en dit het tot 'n groot mate Engelse en Afrikaners in oppo=nerende groepe bymekaar gebring. Gevolglik was die 1898-verkiesing 'n felle stryd waarin daar vir die eerste keer twee duidelik uitkenbare partye deelgeneem het. Die slagkreet in die verkiesing was "Union Jack" versus "Vierkleur" en was 'n stryd tussen die Progres=siewe Party en die Afrikanerbond oor die vraagstuk van Britse oorheersing, veral met betrekking tot Trans=vaal.[10)]

Met die opkoms van die mynindustrie is al hoe meer geld spandeer aan verkiesingsveldtogte.[11)] In die 1898-ver=kiesing, toe Rhodes 'n deskundige uit Engeland ingevoer het om sy verkiesingsveldtog te voer, het geld so 'n groot rol gespeel dat dit nie vreemd is dat daar in 1902 'n wet aangeneem is nie, wat 'n beperking geplaas het op die uitgawes wat 'n kandidaat mag aangaan.[12)]

---

10. Davenport, a.w., p. 183; B.K. Ross,: A Study of politics in the Cape Colony from January 1908 to May 1910, p. 8; P.F. van der Schyff: Die Unioniste Party in die Suid-Afrikaanse Politiek, 1910-1921, p.5.
11. McCracken, a.w., p. 42.
12. Ibid., pp. 37-41 en 119.

Die sukses wat die Progressiewes onder leiding van dr. Jameson in die 1904-verkiesing behaal het, kan veral daaraan toegeskrywe word dat hulle beter georganiseerd was, dat lede 'n belofte van lojaliteit aan die party moes aflê en dat die Kaapse rebelle (10 000 van hulle) se stemreg ontneem is.[13)] In die volgende verkiesing in 1908 is die bordjies verhang. Merriman se slagspreuk voor die verkiesing was "Sound finance and closer union".[14)] Die oorwinning wat deur Merriman en sy ondersteuners behaal is, was die grootste in die geskiedenis met 'n baie hoë persentasie stemming op die platteland.[15)] Die redes vir die neerlaag van dr. Jameson in die ver= kiesing was die onderlinge verdeeldheid, die oorwegend stedelike karakter van die party, swak partyorganisasie, sy verbintenis met die mynbelange, die uitgesproke Britse kleur van die party en die swak administrasie van land= sake.[16)] Die burgers (rebelle) wie se stemreg hulle in die vorige verkiesing ontneem was, het toe weer aan die verkiesing deelgeneem.

---

13. Davenport, a.w., p. 249.
14. Ross, a.w., p. 4.
15. M.A.S. Grundlingh: The Parliament of the Cape of Good Hope - with special reference to party politics, 1872-1910, p. 414; Ross, a.w., p. 8. In die kies= afdeling Riversdal was die stempersentasie byna 92%.
16. Grundlingh, a.w., p. 414; Van der Schyff, a.w., p. 6; Ross, a.w., p. 8.

## 2. Natal

Natal het in 1857 'n beperkte vorm van verteenwoordi= gende bestuur verkry, wat voorsiening gemaak het vir 'n Wetgewende Raad, bestaande uit twaalf verkose en vier genomineerde lede.[17)] Die eerste verkiesing in Februarie 1857 is gevoer oor die behandeling van Bantoes en Indiërs.[18)] Die meeste kandidate het hulle sterk uitgespreek teen die "verligte" Bantoebeleid van die regering en teen verlening van stemreg aan Bantoes.[19)]

Alhoewel daar al in 1874 in die Wetgewende Raad gevra is vir die instelling van verantwoordelike regering, was daar nog nie soveel steun daarvoor nie, want in die verkiesing van 1882 kon die pleitbesorgers daarvoor net drie lede verkies kry. Die agitasie vir selfregering het hoofsaaklik vanuit Durban gekom en het toegeneem sodat die voorstanders daarvan in die 1892-verkiesing die meerderheid behaal het.[20)] Die rede waarom geen partye in die tyd tot 1893 gevorm is nie, moet daaraan toegeskrywe word dat die verkose lede 'n verenigde en permanente opposisie gevorm het teen die uitvoerende ge= sag van die amptenare.[21)]

---

17. Brookes, a.w., p. 75.
18. Ibid., p. 75, 255.
19. Ibid., p. 77.
20. Ibid,, pp. 170-178.
21. Ibid., p. 254.

Die eerste verkiesing na instelling van selfbestuur in 1893 het glad nie enige noemenswaardige verkiesingskrete of partygroepering opgelewer nie. Leiers soos John Robinson en Harry Escombe het na 1893 eerder daarna gestrewe om goeie regering daar te stel as om partye en 'n aanhang om hulleself op te bou.[22)] Die verkiesings het eerder om persoonlikhede en persoonlike vraagstukke gegaan. Daar was wel 'n mate van verdeling tussen "coast" en "up-country", dit wil sê tussen Durban met sy handelsbelange en Pietermaritzburg en distrikte met sy boerderybelange.[23)]

Natal was die enigste staat waar daar voor en na die Anglo-Boereoorlog geen partyvorming plaasgevind het nie en waar die verkiesings nie gevoer is oor die belangrike vraagstuk van Britse oppergesag nie.[24)] Die kort lewens=duur van die ministeries in Natal[25)] is toe te skryf aan die afwesigheid van politieke verdeeldheid en 'n tradi=sie van ongebondenheid in die politieke lewe.[26)]

---

22. Brookes, a.w., p. 255.
23. Gwendolen M. Carter: The Politics of In=equality, South Africa since 1948, p. 28; A. Keppel Jones, South Africa, p. 158.
24. Brookes, a.w., pp. 195-198.
25. J. Robinson, 1893-1903; G.M. Sutton, 1903-5; C.J. Smythe, 1905-6 en F.R. Moor, 1906-1910.
26. Brookes, a.w., p. 212.

## 3. Die Boererepublieke

Die belangrikste verkiesings wat in die Boererepublieke gehou is, was dié om offisiere, lede van die Volksraad en 'n staatspresident te verkies. Daar is van 'n direkte kiesstelsel gebruik gemaak en die verkiesing het vry van party-politieke invloede plaasgevind.[27)]

Offisiere is by meerderheid van stemme gekies soos volg: assistent-veldkornette en veldkornette deur die stem=geregtigde burgers van die wyke, kommandante deur die burgers van die distrikte en die kommandant-generaal deur die burgers van die Repbuliek,[28)] aanvanklik vir 'n onbepaalde tyd, maar later vir tien jaar.[29)] In die Vrystaat was die posisie ten opsigte van die kommandant-generaal heeltemal anders, aangesien daar slegs in oorlogstyd so 'n persoon verkies is.[30)] In die drie verkiesings wat in die Transvaal gehou is om 'n kommandant-generaal te kies is Piet Joubert by al

---

27. J.S. du Plessis: Die ontstaan en ontwikkeling van die amp van die staatspresident in die Zuid-Afrikaanse Republiek (1858-1902), Ajb. 1955 I, p. 137.
28. P.R. Botha: Die staatkundige ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Republiek onder Kruger en Leyds, p. 17.
29. M.C.E. van Schoor en J.J. van Rooyen: Republieke en Republikeine, p. 119.
30. Ibid., p. 119.

drie geleenthede met oorweldigende meerderhede verkies.[31]

Die verkiesing van lede van die Volksraad het op 'n baie eenvoudige manier plaasgevind. In die Vrystaat moes 'n kandidaat deur minstens tien burgers skrifte=lik gevra word om hom verkiesbaar te stel en die ver=soek sowel as sy antwoord moes in die staatskoerant verskyn. Die landdros het die verkiesingsdag bepaal en al wat die kiesers moes doen, was om in die openbaar op die bepaalde tyd en plek, hul naam op die kieslys van die betrokke kandidaat te teken. Die Volksraad het self die kieslyste ondersoek en goedgekeur waarna die kandidaat met die meeste stemme die ampseed moes aflê. Hierdie eenvoudige metode van verkiesing was moontlik omdat bedrog en intimidasie in die republikein=se dae iets ongehoords was.[32] Persone is gekies op grond van hulle persoonlike hoedanighede en bekwaamhede en om die agting wat hulle in hulle eie onderskeie ge=meenskappe geniet het.[33] In die republikeinse buur=

---

31. J.J. van Heerden: Die Kommandant-generaal in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek.Ajb. 1964, II) voetnote op pp. 115, 121 en 137 gee die uitslae van die verskillende verkiesings onder=skeidelik soos volg: 1884: Joubert 3 260 teenoor 83 stemme uitgebring op 12 ander kandidate; 1885: Joubert 3 915 teenoor 464 stemme vir 9 ander kandi=date (Na sy bedanking in 1885 het Joubert hom weer verkiesbaar gestel); 1895: Joubert 9 031 teenoor 590 stemme vir 10 ander kandidate.
32. Van Schoor & van Rooyen, a.w., p. 114.
33. D.S. Jacobs: Abraham Fischer in sy tydperk 1850-1913, Ajb. 1965, II, p. 209.

staat is omtrent op dieselfde wyse lede vir die Volksraad verkies.

Die verkiesing van 'n staatspresident[34] was 'n baie belangrike gebeurtenis want die leiding van die staats=hoof sou tot 'n groot mate die toekoms van die staat en die volk bepaal. Die amp van die staatspresident het veral belangrik geword na die ontdekking van goud en die stryd wat daarna ontstaan het.

'n Baie belangrike kenmerk van die verkiesing van 'n staatspresident in albei die Boererepublieke was dat die tydperk vanaf die nominasie van die kandidate tot met die verkiesing baie stil verloop het, met uitsonde=ring van die laaste tien jaar van die bestaan van die republieke. Die genomineerde kandidate se antwoorde op die sogenaamde rekwisisies was beskou as beleids=verklaringe of verkiesingsmanifeste. Daarom het hulle dit onnodig geag om verkiesingsveldtogte te voer.[35]

Die staatspresident is met meerderheid van stemme vir 'n tydperk van vyf jaar deur die stemgeregtigde burgers verkies, nadat hy as 'n kandidaat by wyse van 'n rekwi=sisie of versoekskrif deur die burgers genader is of as hy deur die Volksraad daartoe versoek is.[36] Die

---

34. Die hele aangeleentheid van die verkiesing van 'n staatspresident word behandel deur J.S. du Plessis, a.w., pp. 133-149.
35. Du Plessis, a.w., pp. 140-141.
36. Van Schoor & van Rooyen, a.w., p. 92 en 116.

staatspresident se verpligtinge het onder andere inge= sluit dat hy jaarliks saam met 'n lid van die Uitvoerende Raad 'n reis deur die land moes onderneem om aan die volk die geleentheid te gee om hul belange en behoeftes aan hom voor te lê.[37] 'n Ander aspek wat hiermee ver= band gehou het, was dat die publiek altyd die reg gehad het en dit ook gebruik het, om met memories of versoek= skrifte na die Volksraad te gaan. Dit verklaar tot 'n groot mate waarom sogenaamde verkiesingskrete en party= vorming heeltemal afwesig was.

In Transvaal was die verkiesing van M.W. Pretorius as president sonder noemenswaardige voorvalle. Na sy mis= lukte optrede in verband met die diamantsaak en sy be= danking in 1871 is daar buite die Republiek gesoek na 'n kandidaat. Op sterk aanbeveling van pres. Brand en na 'n rondreis in Transvaal is ds. T.F. Burgers in 1871 as president verkies. Sy bewind is beëindig met die anneksasie in 1877. Die tydperk tussen die twee Vry= heidsoorloë, 1881 tot 1899 word gekenmerk deur die verkiesing van S.J.P. Kruger as staatspresident vir vier agtereenvolgende termyne. By elke geleentheid het hy teenstand ondervind van die Kommandant-generaal Piet Joubert. By twee van die verkiesings was daar 'n derde kandidaat betrokke.

---

37. Van Schoor & van Rooyen, a.w., pp. 92 en 116.

Om die standpunte en persoonlikhede van die twee leiers, Kruger en Joubert, het daar 'n "konserwatiewe" en 'n "liberaal-progressiewe" groep ontstaan, wat aangedui is as die Kruger- en die Joubert-party respektiewelik. Paul Kruger het nadruk gelê op die onafhanklikheid van die Republiek op die wortel van die volksverlede. Piet Joubert het hom ook vir die onafhanklikheid be= ywer, maar hy het gemeen dat dit alleen kan gebeur deur 'n progressiewe of liberale beleid teenoor die Uitlanders te volg. Alhoewel hier van "partye" melding gemaak word, was daar nie sprake van 'n duidelike afgebakende leier= skap, 'n definitiewe politieke program van beginsels, 'n partykoukus of 'n doeltreffende partyorganisasie nie. In die twee verkiesings in die tagtigerjare het die felheid ontbreek wat ná 1890 geopenbaar is, soos deur die uitslae bewys is: 1883: Kruger - 3 431, Joubert - 1 171; 1888: Kruger - 4 483, Joubert - 834 stemme.[38]

Vanaf 1890 het daar 'n sterk opposisie teen die regering van president Kruger ontstaan wat op sy duidelikste openbaar is in die presidentsverkiesing van 1893. Nie net het die Engelssprekendes 'n opposisie-groep gevorm deur die stigting van die National Union in 1892 nie[39],

---

38. C.T. Gordon: The growth of Boer opposition to Kruger 1890-1895, p. 207.
39. Ibid., p. 205.

maar die opposisie van die Joubertparty het in fel= heid toegeneem. Hulle het die bewind van Kruger as tirannies en onbuigbaar voorgestel. Aanvalle is gemaak op die finansiële beleid, die konsessies en monopolieë, die spoorwegbeleid, die beweerde onbekwaamheid en korrupsie van die administrasie, die onderwysbeleid, die aanstelling van Hollanders in belangrike staats= poste en die weerhouding van die stemreg aan die Uit= landers.[40)]

Die opposisie teen die Kruger-bewind het in 1892 so fel geword dat 'n sentrale Joubertkomitee gestig is,[41)] en daar is selfs in November 1892 'n Joubertkongres in Pretoria gehou.[42)] Hulle is ywerig ondersteun deur die koerant Land en Volk.[43)]

Krugerkomitees is ook daarna in die lewe geroep en is op hul beurt weer gesteun deur De Volksstem. Laasge= noemde koerant het die Joubertparty aangeval oor hul "Amerikaanse metodes" en gewaarsku dat sulke verkie= singsmetodes tot nadeel van hul party sal wees in die verkiesing.[44)]

In die verkiesing van 1893 is die tradisie verbreek toe hoofregter J.G. Kotze, wat ook 'n kandidaat was, 'n

---

40. Gordon, a.w., behandel in hoofstuk 2 en 5, die ver= skillende vraagstukke.
41. Ibid., pp. 197-198.
42. Ibid., p. 201.
43. Ibid., p. 195.
44. Ibid., p. 201.

verkiesingsveldtog gehou het. Hierin is hy gevolg deur Joubert.[45] Kruger het 'n naelskraapse oorwinning in hierdie hewig betwiste verkiesing behaal, met 7 881 stemme teenoor 7 009 van Joubert en regter Kotze se skrale 81.[46] Een van die gevolge van die verkiesing was dat die Volksraad in 1894 die vorming van ver= kiesingskomitees verbied het.[47]

Die Jameson-inval in Transvaal het die Republiek as die prooi van imperialistiese magte aangedui. Terwyl die meerderheid van die bevolking solied agter Kruger ge= staan het, het die progressiewes se aanhang tot 'n groot mate oorgegaan van Piet Joubert na S.W. Burger. Die uitslag van die presidentsverkiesing in 1898 het op 'n klinkende oorwinning vir Kruger uitgeloop met 12 684 stemme teenoor Burger se 3 814 en Joubert se 2 009.

In die Vrystaat was die republiek gelukkig om vir J.H. Brand vanaf 1864 tot met sy dood in 1888 as president te hê. Hierdie eertydse knap Kaapse advo= kaat het gedurende 'n tydperk van byna 'n kwarteeu hom= self as 'n voortreflike staatsman openbaar. Hy het die vertroue van die volk geniet en daarom was die presi=

---

45. Du Plessis, a.w., p. 141.
46. De Volksstem 13.4.1893.
47. Du Plessis, a.w., p. 143; J.A. Mouton: Genl. Piet Joubert in die Transvaalse Geskiedenis, p. 174; J.S. Marais: The Fall of Kruger's Republic, pp. 10, 200.

dentsverkiesings gedurende sy bewind 'n blote forma= liteit. Ten spyte van die feit dat pres. Brand in stryd met die volk se wense, al hoe simpatieker teen= oor Britse instellings geword het, was die vertroue in hom sodanig dat hy kort voor sy dood deur die Volksraad vir 'n vyfde termyn benoem is.[48)]

Na die dood van pres. Brand in 1888 het die Volksraad hoofregter F.W. Reitz genomineer en is hy ook deur die volk onbestrede verkies tot staatspresident, asook vir 'n tweede termyn in 1893.[49)] Hy het om gesondheidsredes in 1895 bedank.

Die keuse van die Volksraad vir 'n opvolger van pres. Reitz het op die hoofregter van die republiek, naamlik M.T. Steyn geval. Hy was, ewe as die vorige twee presidente, 'n regsgeleerde. Steyn was die enigste nominasie van die volksraad maar J.G. Fraser en ds. Van der Lingen het ook nominasies ontvang en het hulle as kandidate laat nomineer.

Die verkiesing in 1896, na die Jameson-inval, het af= gewyk van al die vorige verkiesings omdat daar nou vir

---

48. Muller, a.w., p. 217. Sy skerpe veroordeling van die Afrikanerbond het bv. daartoe gelei dat die liggaam nooit in die Vrystaat kon wortel skiet nie.
49. J.G. Fraser: Episodes in my Life, pp. 161-162; J.A. Coetzee: Politieke groepering in die wording van die Afrikanernasie, pp. 242-243.

die eerste keer twee kandidate teenoor mekaar te staan gekom het met teenoorgestelde opvattinge.[50] Steyn was ten gunste van nouer samewerking met die Suid-Afrikaanse Republiek. Fraser het dit teengestaan en nouer samewerking met die Britse kolonies verlang.[51]

Die simpatie wat die Vrystaters met die Transvalers ge= had het, het grootliks in die guns van Steyn getel.[52] Fraser se kandidatuur is geskaad deur die groot steun wat hy van die Jingo-pers ontvang het.[53] Fraser self het beweer dat Steyn teen hom gekant was onder andere omdat "there was always a tail of the Union Jack sticking out about you".[54] Dit was teen die verkie= singstradisie om in die Vrystaat te organiseer vir 'n presidentsverkiesing, maar Fraser het afgewyk en die land deurreis om vergaderings te hou en het ook ver= kiesingskomitees gevorm.[55]

Die uitslag was 'n klinkklare oorwinning vir die ge= dagte van nouer samewerking met die Suid-Afrikaanse Republiek: Steyn 6 887, Fraser 1 367 en Van der Lingen 30 stemme.

---

50. Fraser, a.w., p. 193.
51. N.J. van der Merwe: Marthinus Theunis Steyn, 'n lewensbeskrywing, deel I; p. 64; Coetzee, a.w., p. 243.
52. Ibid., p. 58.
53. Ibid., p. 68.
54. Fraser, a.w., p. 191. Fraser gee 'n beskrywing van die presidentsverkiesing (pp. 189-268).
55. Coetzee, a.w., p. 245; Van der Merwe, a.w., p. 67.

4. Transvaal en die Oranjerivierkolonie

In 1904 is twee partye deur Engelssprekendes in Trans=vaal gestig. Die Progressiewes het die toekenning van selfbestuur bestry, terwyl die ander party, die Trans=vaal Responsible Government Association hulle daarvoor beywer het. Na die toekenning van selfbestuur het laasgenoemde party in 1906 saam met die Reform Club ('n splintergroep wat van die Progressiewes weggebreek het) en 'n ander groep die Transvaal Political Association hulle kragte saamgesnoer en 'n nuwe gematigde party, die sogenaamde National Association gevorm, wat hom veral ten doel gestel het om die partyverdeling op rassegrondslag, te bestry.[56)] Intussen is aan die begin van 1905 die Het Volkparty deur die Afrikaners in die lewe geroep.

Die vasstelling van 'n verkiesingsdatum, 20 Februarie 1907, was die teken vir hernude partyorganisasie. Die Sjinese arbeidskwessie en die bekendmaking van die Lytteltonkonstitusie het die lede van die National Association baie nader aan die Het Volk gebring.[57)] 'n Verkiesingsooreenkoms is tussen die Nationals en die Het Volk aangegaan waarby ook die Arbeiders inge=sluit is. Generaal Botha het dit wenslik gevind om ter wille van sy konsiliasiebeleid ook Engelse in sy

---

56. Van der Schyff, a.w., pp. 7-9.
57. Ibid., p. 11.

geledere te hê.[58]

Die Progressiewes wat die toekenning van selfregering bestry het omdat hulle bang was dat die regering in die hande van Afrikaners sou val, se begeerte was dat die toekomstige regering van die land "a British government, carried on British principles by British officials and British institutions" moes wees.[59] Hulle begeerte om alle Engelse in 'n sentrale party te verenig het nie werklikheid geword nie. Die Engelse was verdeeld onder byna al die partye naamlik die Progressiewes, die Nationalists, die Arbeiders en selfs in die Het Volk, terwyl die Afrikaners byna eensgesind in die Het Volk verteenwoordig was.[60]

Die verkiesing wat hoofsaaklik gevoer is oor die Sjinese vraagstuk en die imperiale verbintenis het op 'n klin=kende oorwinning vir die Het Volk-Nationals-vennootskap uitgeloop. Die uitslag was:[61] Het Volk 37, Progressiewes 21, Nationalists 6, Arbeiders 3 en Onafhanklikes 2 setels.

Een van die verkiesingsooreenkomste was dat indien die gekombineerde partye die verkiesing sou wen, sou sir Richard Solomon die eersteministerskap kry.[62] Solomon, 'n vooraanstaande lid van die Milner-administrasie en

---

58. Le May, a.w., p. 211.
59. Aangehaal deur Van der Schyff, a.w., p. 10.
60. Le May, a.w., p. 209.
61. W.K. Hancock: Smuts I the Sanguine Years, 1870-1919, p. 226.
62. Le May, a.w., p. 209; Spoelstra, a.w., p. 345.

die Progressiewe Party, het aan die begin van 1907 oorgestap na die Nationals waarvan sy broers, Harry en E.P., lede was. Sir Richard is as kandidaat gestel teen sir Percy Pitzpatrick teen wie hy 'n onverwagte en opvallende neerlaag gely het. Deurdat hy uitge= skakel is, het die eersteministerskap ewe onverwags in die hande van generaal Botha beland.

Die uitslag was nie alleen 'n groot oorwinning vir genl. Botha se konsiliasiebeleid nie, maar ook vir die Het Volk-party as 'n politieke organisasie. Al die plattelandse kiesafdelings, op een na, naamlik Barberton, is deur die Het Volk verower, met 'n gemid= delde stempersentasie van 73 teenoor 68 vir die hele Transvaal en 65 vir die Witwatersrand.[63] Van die uitslag sê Le May "The results of the election were received by the British Party with horrified surprise."[64] Dat die Arbeiders slegs drie lede verkies kon kry, was hoofsaaklik daaraan toe te skryf dat die Engelse pers hulle die skrik op die lyf gejaag het teen die Afri= kaners en die Afrikaners wat arbeiders was, bevrees was vir die linkse elemente in arbeidsgeledere.[65]

---

63. Le May, a.w., p. 211.
64. Ibid., p. 211.
65. F.J. Grobler: Die invloed van geskoolde blanke arbeid op die Suid-Afrikaanse politiek van 1886 tot 1924, p. 68.

In die Oranjerivierkolonie het die Afrikaners in 1906 onder leiding van generaal J.B.M. Hertzog oorgegaan tot die stigting van die Orangia-Unie.[66] Hertzog het die leierskap van die nuwe party vrywilliglik afgestaan aan Abraham Fischer.[67] Die vinnige groei van die Orangia-Unie en ongegronde vrees vir oorheersing deur die Afrikaners het aanleiding gegee tot die stigting van die Arbeidersparty en die Constitutional Party. Laas=genoemde party met sir John Fraser as leier is in Januarie 1907 gestig met die doel om die Orangia-Unie te opponeer en omdat hulle bevrees was vir Boereoor=heersing.[68]

Die nuwe grondwet wat op 10 Junie 1907 gepubliseer is, het voorsiening gemaak vir 'n Wetgewende Raad van elf lede, benoem deur die goewerneur, en 'n Wetgewende Vergadering bestaande uit agt-en-dertig gekose lede. Die verkiesingsdatum was 20 November 1907.

Die verkiesing het 'n klinkende oorwinning aan die Orangia-Unie besorg. Die Orangia-Unie het dertig kan=didate verkies gekry, die Constitutional Party het al

---

66. A.H. Marais: Die ontstaan en ontwikkeling van party-politiek in die Oranjerivierkolonie, 1902-1912, pp. 46-66.
67. Jacobs, a.w., p. 344.
68. A.H. Marais, a.w., pp. 70-71.

vier die Bloemfonteinse setels verower, en die Onaf= hanklikes vier. Die Arbeidersparty kon nie hond haar= af maak nie.[69] 'n Hoë stempersentasie van 77 per= sent is behaal.[70]

'n Verontrustende verskynsel met die verkiesings van 1907 in die twee noordelike kolonies, was dat die kloof tussen stedelike en plattelandse setels groter geword het.[71] Geen party kon so 'n verwydering in sy geledere bekostig nie.

Die verkiesings van 1907 in Transvaal en die Oranje= rivierkolonie het getoon dat die Afrikaanssprekendes hulle baie vinnig aangepas het by partypolitieke or= ganisasies en met groot sukses verkiesings kon voer. Met die oorwinning wat die Afrikanerbond in die Kaap= provinsie in 1908 aan Merriman besorg het, is daar toe in drie van die vier Britse kolonies manne aan bewind gebring met behulp van politieke partye wat deur Afri= kaners ondersteun is. 'n Ander verskynsel wat hom openbaar het, is dat in elkeen van die drie kolonies die regering kon staatmaak op 'n aansienlike steun van gematigde Engelse. In die vierde kolonie, naamlik Natal, was daar geen politieke partygroepering nie.

---

69. Marais, a.w., bylae H op p. 235.
70. Jacobs, a.w., p. 343.
71. Davenport, a.w., p. 261.

# HOOFSTUK III

## POLITIEKE REORIëNTERING EN REORGANISASIE IN 1910

### 1. Pogings tot 'n nuwe partyverdeling

Teen die einde van 1909, nadat die eenwording van die vier kolonies werklikheid geword het deur die aanname van die Suid-Afrikawet, is die Suid-Afrikaanse poli= tiek oorheers deur spekulasie oor wie die eerste eersteminister van die Unie van Suid-Afrika sal wees en veral deur die vraag van die voortbestaan van die partye of die vorming van nuwe partye. Die leiers het besef dat hulle hul partye gereed moet kry vir die verkiesing wat een of ander tyd na Uniewording gehou moes word. Die Suid-Afrikawet het wel bepalings be= vat en datums gestel oor die inwerkingtreding van die regering en administrasie en die werk van die Afbake= ningskommissie, maar daar was nog geen datum vir 'n verkiesing vasgestel nie. Dit was die voorreg van die Regering! Vanselfsprekend sou elke party die grootste voordeel of indien moontlik die grootste voorsprong wou verkry. Organisasie of reorganisasie het dus noodsaaklik geword en daarvoor hoef nie tot 31 Mei 1910 gewag te word nie.

Gedurende die Nasionale Konvensiesitting het daar 'n baie goeie gees van samewerking geheers en is algemeen gehoop dat die Unie op dieselfde grondslag van stapel

gestuur sou word.[1] Die gedagte is sterk gepropageer dat 'n regering saamgestel moet word uit regerings- en uit opposisiegeledere, soos die geval was met die ver= teenwoordigers op die Nasionale Konvensie, met ander woorde pleidooie is gelewer vir 'n koalisieregering.[2]

Sir Percy Fitzpatrick het alreeds gedurende die Kon= vensiedae in private gesprekke en deur korresponden= sie sy idee van 'n "Fresh Start" begin propageer. Gevolglik was die idee al goed bekend toe hy dit eers in Maart 1910 in 'n pamflet "The Union: a plea for a fresh start" en in koerante laat publiseer het.[3] Daarin het hy aan die hand gedoen dat die bestaande

---

1. J.X. Merriman: Selections from the corres= pondence of John X. Merriman, 1905-1924: sir J. Rose-Innes-Merriman, 24.2.10; J.J. Oberholster en M.C.E. van Schoor: President Steyn aan die Woord, Openbare geskrifte en toesprake van Marthinus Theunis Steyn, p. 161.
2. Thompson, a.w., p. 433. Koalisie is vatbaar vir meer as een vertolking. Die term "koalisie" kan gebruik word vir die samesmelting of samewerking van regerings- en opposisiepartye óf vir die same= smelting of samewerking van die bevriende partye. Gerieflikheidshalwe en om verwarring te voorkom word onderskeidelik die terme "koalisie" en "amalgamasie" gebruik.
3. Van der Schyff, a.w., p. 19. Die stuk het o.a. ook in Ons Land, 31.3.1910 en die Cape Times, Weekly Edition, 23.3.1910 verskyn.

partye met hulle rassegrondslae[4] moet verdwyn, dat daar werklike samewerking moet wees tussen Boer en Brit en dat 'n nuwe party op uniale grondslag gevorm moes word, wat albei rasse sal insluit. Die party moes die konvensiegees openbaar en die konsiliasiebe=leid van Botha volg en moes onder leiding staan van manne soos Botha en Jameson.[5]

Dr. L.S. Jameson het vanaf die Konvensiesittings begin dink aan die moontlikheid van koalisieregering. Die aansporingsgedagte het hy juis in die Konvensie gevind, want was die Nasionale Konvensie dan nie 'n bewys dat die twee rasse, Boer en Brit, kon saamwerk nie?[6] Jameson het ook bevriend geraak met generaal Botha en ander Afrikaners en hy was nie bevooroordeeld teenoor hulle soos byvoorbeeld Farrar en Chaplin, wat hulle nie wou vertrou nie.[7] Maar die grootste rede waarom Jameson koalisie wou aangaan, was om vir die Engelsman op politieke gebied te red wat hy kon red. As imperialis en geestelike erfgenaam van Rhodes en algemeen beskou as die leier van die Britse gedagte in Suid-Afrika moes

---

4. In die tydperk is die term "ras" algemeen gebruik om die verskillende blanke taalgroepe, d.w.s. Afrikaners en Engelse, van mekaar te onderskei.
5. Thompson, a.w., p. 433; Van der Schyff, a.w., p. 19; W.K. Hancock: Smuts I, the Sanguine Years, 1870-1919, p. 269.
6. I. Colvin: The life of Jameson, Vol. II, p. 288.
7. Thompson, a.w., p. 433.

die bewind-oorname deur Afrikanervoormanne gedurende die laaste paar jare vanaf 1907 hom met kommer vervul het. Met Afrikaners alreeds aan bewind in drie van die vier kolonies, was dit 'n uitgemaakte saak dat die Afrikaners ook die regering van die Unie sou oor= neem.[8] Jameson sou dit graag wou verhoed en hy het dus alle rede gehad om 'n poging aan te wend om Boere= oorheersing uitgeskakel te kry of om dit minstens minder effektief te maak. Die beste manier om dit te verkry het vir hom in 'n koalisieregering gelê.

Jameson het tydens hul besoek aan Engeland vir generaal Botha genader met sy voorstel van 'n "Best men Govern= ment".[9] So 'n regering sou dan saamgestel word uit die bekwaamste manne uit alle partye, ongeag ras.[10] Jameson wou 'n nuwe party hê, saamgestel uit "like-minded people, excluding the extremists on both sides."[11] Daar was 'n groot ooreenkoms tussen die sogenaamde "Fresh Start"-gedagte van Fitzpatrick en die "Best men Government"-idee van Jameson,[12] omdat in albei gevalle weggebreek sou moes word van die ou bestaande party= verdeling.

Generaal Botha was die idee van dr. Jameson goedgesind omdat dit gestrook het met sy konsiliasiebeleid en omdat

---

8. Ross, a.w., p. 97; Colvin, a.w., p. 288.
9. Colvin, a.w., p. 287.
10. Thompson, a.w., p. 435.
11. Ibid., p. 435.
12. Van der Schyff, a.w., p. 24.

hy baie begerig was om die steun van soveel Engels= sprekendes as moontlik te kry. Hy het tydens sy Europese besoek in 1909 die ambisieuse plan gehad om R100 000 bymekaar te maak "om een goed en groot dage= lyksche Engelsche courant te openen,"[13] met die hoop om baie steun van die Engelssprekendes te verkry. Hy het later daarvan melding gemaak dat in Johannesburg "zÿn daar duizende Engelschen die, als wÿ met takt te werk gaan, gereed staan om met ons samen te werken."[14] Die onderhandelinge wat generaal Botha alreeds in Engeland en Skotland en daarna in Suid-Afrika met dr. Jameson gevoer het, bewys dat generaal Botha baie simpatiek gesind was teenoor dr. Jameson se idees.

Dit moet in gedagte gehou word dat die groothartige daad van Brittanje om slegs vyf jaar na die vrede van Vereeniging selfregering aan Transvaal te skenk vir generaal Botha 'n lewenslange lojaliteit teenoor Brittanje verseker het. Sy bewindsoorname in Trans= vaal, met die hulp van die gematigde Nationals-groep, sy twee besoeke aan Engeland en die ophef wat daar van hom gemaak is,[15] het generaal Botha baie nader

---

13. Steyn-versameling, Botha, Bad Kissingen, s.d.- Steyn, vermoedelik na aanleiding van vroeëre korrespondensie gedurende Junie of Julie 1909.
14. F.S. Malan-versameling, Botha - Malan, 18.3.10.
15. Merriman, Mev.A. Merriman - J. Merriman, 19.7.09, p. 140.

aan die Engelse gebring. Dit alles het daartoe meegewerk dat generaal Botha homself al as 'n goeie Brit begin beskou het.[16)]

Daarby kom ook nog dat generaal Botha gedurende die eerste maande van 1910 baie gunstige publisiteit in byna alle koerante ontvang het. Die feit dat hy bo die Engelssprekende Merriman, nie alleen deur goedgesinde koerante nie, maar veral deur die opposisiekoerante, as kandidaat vir die premierskap sterk aangeprys is, moes hom baie gunstig gestem het vir samewerking. Ook was daar Engelssprekendes soos Thomas Hyslop van Natal en H. Lindsay van Transvaal wat die vorming van 'n nuwe party "of the moderate men of both races" onder leierskap van 'n man soos generaal Botha sterk bepleit het.[17)] Generaal Botha sou niks meer verwelkom het nie as om die leier van 'n sterk sentrale party van Afrikaans- en Engelssprekendes te wees nie.[18)]

Om groter steun onder Engelssprekendes te verkry, was

---

16. D.W. Krüger: Parties and Policies, 1910-1960, p. 8.
17. Steyn-versameling, Hyslop - Steyn, 14.2.10; 19.2.10 en 23.2.10; F.S. Malan-versameling, Hyslop - Malan, 9.2.10 en 28.2.10; W.K. Hancock en Jean van der Poel: Selections from the Smuts Papers, II, Hyslop - Smuts, 24.2.10, p. 617 en 15.3.10, p. 630; Lindsay - Smuts, 14.12.98, p. 594.
18. Thompson, a.w., p. 433.

generaal Botha bereid om verder te gaan as wat die meeste Afrikaanssprekendes vermoed het en het hy op 'n stadium vir dr. Jameson 'n plek in 'n kabinet in vooruitsig gestel mits die publiek daarvoor te vinde sou wees.[19] Florrie, dogter van sir John Fraser, wat in noue voeling met kolonel Crewe[20] was, het aan haar vader in 'n briefgedeelte, gemerk "Private", ge= skryf dat generaal Botha onderhandelinge met dr. Jameson voer oor samewerking. Sy en kol. Crewe betwyfel dit of generaal Botha die moed sou hê om dit enduit deur te voer.[21] Sir Mathew Nathan, die uittredende goewerneur van Natal, het ook teenoor Merriman opge= merk dat generaal Botha ten gunste van koalisie was.[22]

Teenoor persone soos Merriman, pres. Steyn, F.S. Malan en andere het generaal Botha ontken dat hy ten gunste van koalisie was.[23] Wat het hy in die skild gevoer? Wou hy kyk tot watter mate samewerking verkry kon word of het hy tyd probeer wen?

Watter verdere stappe generaal Botha ook al beoog het, sy onmiddellike plan van aksie was om 'n nuwe party te

---

19. Colvin, a.w., p. 289; Thompson, a.w., p. 436.
20. Kolonel Crewe was later in die jaar die sekretaris van die Unioniste Party en kandidaat in Oos-Londen.
21. Fraser-versameling, 2.3.10.
22. Merriman, Merriman-Steyn, 12.2.10, 1910, p. 165; Merriman - J. Rose-Innes, 20.2.10, p. 169.
23. Hancock & Van der Poel, II, Smuts - Merriman, 22.2.10, p. 611; Smuts - Steyn, 22.2.10, p. 613.

stig, met 'n nuwe naam en 'n breë beleid wat ook vir baie Engelssprekendes aanneemlik sou wees. Hy het gehoop om die Afrikanerpartye met heelwat Engelssprekendes te versterk. Met die oog hierop het generaal Botha gedurende Desember 1909 aan Merriman, F.S. Malan en A. Fischer die amalgamasie van die regerende partye van die Kaap, Vrystaat en Transvaal voorgestel.[24)] Nadat D. Graaff aan die begin van Januarie 1910 besoek afgelê het by generaals Botha en Smuts het hy oor die samesprekinge verslag gedoen aan F.S. Malan en oor amalgamasie geskryf:[25)] "They appear to be willing to amalgamate Het Volk and Unie if we do not see our way clear to join hands at present but they are of opinion that it will be a great draw for all moderate Englishmen to join our organisation if the existing ones are amalgamated under some generally acceptable name".

Die konsep-manifes wat generaal Botha aan die ander leiers gestuur het, is opgevolg met 'n konferensie in Kaapstad tussen Merriman, Botha en Fischer vanaf 24 tot 27 Januarie 1910. Op die konferensie is afgesien van die stigting van 'n nuwe party en besluit dat die bestaande partye elkeen op sy eie voorlopig sal voortbe=

---

24. Hancock & Van der Poel, a.w., pp. 595-596.
25. F.S. Malan-versameling, D.Graaff - Malan, 17.1.10.

staan. Daar is ook teen koalisie, soos deur die oppo= sisie-pers bepleit, besluit.[26)] Voor die konferensie het Merriman, wat homself vanweë senioriteit as die sterkste aanspraakmaker op die eersteministerskap be= skou het, koalisie veroordeel met onder andere die vol= gende woorde:[27)] "All this talk about Coalition seems not only foolish but positively mischievous. Existing parties form the only basis for the parties of the future".

Generaal Botha was bitter teleurgestel in sy verwagtinge.[28)] 'n Nuwe party of 'n party met 'n nuwe naam sou tog 'n beter kans staan om baie gematigdes uit die Engelsspre= kende politieke geledere na sy party oor te haal as wat die bestaande partye dit sou kon doen. As hy nie eners= denkendes in 'n nuwe party kon trek nie, watter kans sou hy hê om van die gematigdes uit die opposisiegeledere te betrek?

Die uitlatings van dr. Jameson gedurende die eerste maande van 1910 oor die goeie samewerking en onderhande= linge tussen hom en generaal Botha en die stilswye van generaal Botha op daardie tydstip het baie agterdog onder Afrikaner-leiers laat ontstaan. Dit het daartoe

---

26. Davenport, a.w., p. 294; Laurence, Sir Perceval, The Life of John Xavier Merriman, p. 315; F.V. Engelenburg, Genl. Louis Botha, p. 194.
27. Colvin, a.w., p. 290.
28. Steyn-versameling, Botha - Steyn, 28.2.10.

aanleiding gegee dat die een Afrikanerleier na die ander hulle sterk uitgespreek het teen enige vorm van samewerking met manne soos dr. Jameson.

Dit het vir generaal Botha teen die tweede helfte van Maart 1910 duidelik geword dat hy nie die teenkanting van leiers soos Merriman, Fischer en andere sou kon bekostig nie en dat hy dus sou moes afsien van verdere onderhandelinge met dr. Jameson.[29] Hy het die kat versigtig uit die boom gekyk. Hy sou nie omgee om party[30] Afrikaanssprekendes se steun te verloor in ruil vir baie Engelssprekendes s'n nie, maar hy sou nie baie Afrikaanssprekendes wou verloor vir die wins van 'n onseker getal Engelssprekendes nie.

Dokter Jameson wat altyd gehoop het dat generaal Botha koalisie of een of ander soort van samewerking sou be= werkstellig, was dit nietemin te wagte dat generaal Botha op een of ander stadium nie kans sou sien tot samewerking met die Progressiewes nie. Hy het al op 24 Januarie 1910 sy bedenkings hieroor aan sy broer Sam bekend gemaak.[31] Teen die einde van Maart 1910 was dit dus ook vir dr. Jameson duidelik dat daar geen

---

29. H. Spender: General Botha: the career and the man, pp. 219-220.
30. In korrespondensie met pres. Steyn het hy meer= male verwys na hardekoppe en party mense wat sal moet padgee (Steyn-versameling, Botha - Steyn, 17.9.09, 18.4.10).
31. Colvin, a.w., p. 290.

verdere kanse vir samewerking was nie. Hy het besef dat hy alreeds kosbare tyd verloor het met die oog op die reorganisasie van sy eie en die ander bevriende partye en dat hy dadelik alles in die werk sal moet stel om 'n sterk opposisieparty in die lewe te roep. Sy party sou egter nie die eerste wees om op uniale grondslag gevorm te word nie; dié onderskeiding sou die Arbeidersparty te beurt val.

## 2. Die eerste uniale party: Die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty

In Transvaal is in 1905 die Political Labour League uit 'n amalgamasie van verskillende arbeidersgroepe gevorm. Na samesprekings tussen dié vereniging en ander arbeidersorganisasies is op 13 Mei 1906 die Independent Labour Party (I.L.P.) gestig.[32] Met die oog op die naderende verkiesing van 1907 het die ar= beiders hulleself georganiseer en op 9 Desember 1906 is die Labour Representation Committee deur die ver= teenwoordigers van tien organisasies, insluitende die I.L.P. gestig.[33] Op 23 Desember 1906 het ook die

---

32. Grobler, a.w., pp. 51-64.
33. Die organisasies was volgens Grobler, a.w., p. 65: Independent Labour Party, die Witwatersrandse Vak- en Arbeidersraad, die Sons of Russian Freedom, die Suid-Afrikaanse Masjiniste en Stokersvereniging, die Johannesburgse tak van die Geamalgameerde Ingenieursvereniging, die Tipografiese Vakbond, Vorwärts, die Italiaanse Sosialiste, Joodse So= sialiste en die Johannesburgse Tremwerkers Vakbond.

Transvaalse Mynwerkersunie geaffillieer.[34] Drie Arbeiders is verkies in die verkiesing van 1907.[35]

Ook in Bloemfontein is in 1906 oorgegaan tot die stig= ting van 'n Arbeidersparty. Hulle het hulle veral op spoorwegpersoneel toegelê, maar het geen rol in die politieke lewe van die tyd gespeel nie.[36]

In Natal waar die geskoolde werkers meesal aan die spoorweë en die hawe verbonde was, het hulle al voor 1900 begin organiseer. In 1903 is die Labour League gestig, maar dit het weer doodgeloop. In 1906 het al die vakbonde en sosialistiese verenigings saamge= snoer en die Natal Labour Representation Committee gestig, wat in 1907 met die hulp van dr. C.H. Haggar en W.H. Andrews alle vakbonde laat affilieer het. Dit is hierdie Natalse Arbeidersparty wat die leiding geneem het om 'n Suid-Afrikaanse Arbeidersparty te stig.[37]

Alhoewel daar 'n groot groep arbeiders in die Kaap= kolonie op die spoorweë en hawens en op die diamant= myne in Kimberley werksaam was, was hulle geen krag

---

34. Grobler, a.w., p. 65.
35. Ibid., p. 68.
36. A.H. Marais, a.w., pp. 66-67.
37. Grobler, a.w., pp. 107-135.

op die politieke front nie en is daar voor 1910 nooit 'n Arbeiderskandidaat vir die Parlement verkies nie.[38] Baie arbeiders was Kleurlinge wat die Arbeidersparty nie vertrou het nie, vanweë sy beskerming van die Blanke arbeiders, veral in Transvaal. Die Kleurlinge het eers die Progressiewes en later die Unioniste ge= steun.[39]

Op die pleidooie vir vereniging deur Andrews by die stigting van die Natalse Arbeiderspatry in 1907 in Natal was daar so 'n gunstige reaksie dat 'n konferen= sie in Oktober 1908 in Durban gehou is, waar besluit is om een party vir al vier die kolonies te stig. Haggar het opdrag gekry om propaganda dwarsdeur die land te maak. Op 'n volgende konferensie in Durban in Januarie 1909 is die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty toe gestig en 'n voorlopige konstitusie opgestel. Op 9 Oktober 1909 het afgevaardigdes van oor die hele land onder voorsitterskap van Andrews in Johannesburg ver= gader om die voorlopige konstitusie te bespreek en te verwerk, wat egter eers finaal aanvaar is op 'n latere konferensie in Durban in Januarie 1910. Op dié kon= ferensie is H.W. Sampson as president en dr. C.H. Haggar as algemene sekretaris gekies.[40]

---

38. McCracken, a.w., p. 120.
39. Grobler,a.w., p. 139.
40. Ibid., pp. 140-143; Thompson, a.w., p. 460.

'n Poging in Junie 1910 deur P. Whiteside en Haggar aan Arbeiderskant om met generaals Botha en Smuts 'n verkiesingsooreenkoms te bewerkstellig, het nie ge= slaag nie.[41] Die Arbeiderleiers het egter daarin geslaag om vir F.H.P. Creswell en sy vriend Wybergh in hulle geledere te betrek.[42] Creswell wat tot op dié stadium buite die partypolitiek gestaan het, het dit wenslik geag om 'n parlementêre groep te verkry om sy idees bekend te maak. As bestuurder van die Village Main Reef-myn het Creswell na die Engelse Oorlog met welslae bewys dat ongeskoolde Blanke arbeid ekonomies aangewend kan word. Creswell het hom verset teen die gebruik van Sjinese arbeiders op die goudmyne en dit het hom tot die politiek laat toetree.[43] Die Arbeidersparty het die naaste aan sy ideale gestaan en nadat die groep hom genader het, het hy in Junie 1910 ingewillig om die leiding van die party op hom te neem.[44]

Die Arbeidersparty is by geleentheid van 'n dinee van die Amalgamated Society of Carpenters and Joiners op

---

41. Grobler, a.w., p. 153; R.K. Cope: Comrade Bill, The Life and Times of W.H. Andrews, Workers Leader, p. 114.
42. Grobler, a.w., p. 153; The Star, 29.6.10.
43. Margaret Creswell: An epoch of the Political History of South Africa in the life of Frederich Hugh Page Creswell, pp. 13-54.
44. Grobler, a.w., p. 153; Creswell, a.w., p. 54; Diamond Fields Advertiser, 28.6.10; The Star, 29.6.10.

4 Junie 1910 deur Peter Whiteside in die verkiesings= veldtog ingelei.[45] Hy het die geleentheid gebruik om aanvalle op die ander twee partye te doen. Die Het Volk is gekritiseer omdat hulle nog nie 'n beleid bekend gemaak het nie. 'n Skerp aanval is op die Unioniste gemaak, wat wel 'n beleid het, maar geen nuwe beleid nie. Die Arbeiders daarenteen het "a programme, full of clear cut principles."[46]

Met die inwerkingtreding van die Unie was daar dus 'n party wat na die belange van die arbeiders wou omsien en wie se doelstellings kortliks soos volg was:[47]

(a) om die arbeiders deeglik te organiseer as 'n politieke mag;

(b) 'n meer regverdige arbeider-verteenwoordiging in die Parlement te verkry en

(c) om die nodige hervormings teweeg te bring.

Die party wat eerste in die veld was en met 'n leier soos Creswell, se kanse was dus oënskynlik goed om in

---

45. Rand Daily Mail, 6.6.10.
46. 'n Opsomming van die Program van beginsels van die S.A. Arbeidersparty word as bylae A opgeneem.
47. Grobler, a.w., voetnoot 8, p. 142.

sekere stedelike kiesafdelings, waar daar baie werkers was, groot aanhang te verkry.

### 3. Dokter Jameson stig 'n nuwe party: die Unioniste Party

Alhoewel daar al vroeër politieke groepering onder die Engelse in die Kaapkolonie was, was dit die Jameson-inval in Transvaal wat die Engelse saamgesnoer het. Hulle verdediging van Cecil John Rhodes en verdoeming van "Krugerisme" het in 1898 uitgeloop op die tot=standkoming van die Progressiewe Party, met Rhodes as belangrikste leidsman. Hierdie "British-minded" party het as kampvegter vir Britse oppergesag, Britse eer en Britse tradisies opgetree.[48] Dokter Jameson het na die dood van Rhodes in 1902 leier van die party geword en is in die organisasie daarvan ywerig bygestaan deur Thomas Smartt. Die Party se naam is in 1904 verander na South African Unionist Party. Hierdie party het in 1904 die parlementêre verkiesing gewen en aan bewind gebly tot 1908, waarna dit die opposisie gevorm het teen die Merrimanregering.

Onder die Engelssprekendes in Transvaal was daar voor die Anglo-Boereoorlog al politieke organisasies wat

---

48. Van der Schyff, a.w., p. 5; Ross, a.w., p. 8.

gemik was teen die regering van die Republiek. Soos reeds aangetoon, was die Engelssprekendes na die oorlog en op die vooraand van toekenning van selfbestuur ver= deeld onder die Progressiewes, die National Union en die Arbeiders. Die Progressiewes het as opposisiegroep na die verkiesing nie 'n goedgeorganiseerde en doel= treffende opposisie gevorm nie.[49)]

Nadat die Orangia-Unie die bewind in die Oranjerivier= kolonie oorgeneem het, het hulle tot so 'n mate 'n sukses daarvan gemaak dat die Constitutional Party eintlik as opposisie nie veel beteken het nie. Al= hoewel die opposisie in die Vrystaat van die swakste in die hele land was, het juis hulle die ammunisie verskaf vir die grofgeskut wat in die verkiesingstryd op generaal Botha en sy kollegas afgevuur is. Die teenstand van die opposisie in die Vrystaat teen generaal Hertzog se Onderwyswet het die belangrikste verkiesingstrydpunt gelewer.[50)]

Natal het 'n afsydige houding ingeneem en wou sy on= afhanklike posisie bewaar. Dit het nou tot 'n mate van dr. Jameson afgehang in hoeverre hy steun in Natal sou kon verkry. Dit staan vas dat Natal voor die ver=

---

49. Thompson, a.w., p. 39.
50. A.H. Marais, a.w., pp. 116-117.

kiesingsveldtog homself byna geheel en al van die be= staande partye in die ander gebiede vry gehou het.

Tydens 'n besoek aan die ander kolonies teen die einde van 1909 en begin van 1910 het dr. Jameson samesprekings gevoer met generaal Botha, pres. Steyn en ook met persone in Natal. Sy koalisieplanne het egter die wind van voor gekry.[51] Hierdie onderhandelinge tussen generaal Botha en dr. Jameson het egter daartoe gelei dat werksaamhede in eie geledere vertraag is. Jameson het egter gelyk= tydig met sy besoek ook met Farrar en Chaplin van Transvaal onderhandel oor die stigting van 'n sentrale party van Progressiewes. Op daardie tydstip was sir Percy Fitzpatrick so meegevoer met sy "Fresh-Start"-kampanje dat sy lidmaatskap van die Progressiewe Party aan 'n dun draadjie gehang het.[52] Fitzpatrick het as gevolg van wrywing met Farrar, leier van die Progres= siewes, op die tydstip bedank as onderleier van die party.[53] In die Vrystaat kon dr. Jameson reken op die steun van die Constitutional Party.[54] In Natal het dr. Jameson toestande vreemd gevind sodat hy in 'n

---

51. Colvin, a.w., p. 290; Thompson, a.w., p. 440; J.P.R. Wallis: Fitz, the story of Sir Percy Fitz= patrick, pp. 152-154.
52. Thompson, a.w., p. 436.
53. Van der Schyff, a.w., p. 23; B.K. Long: Drummond Chaplin, his life and times in Africa, p. 97.
54. Thompson, a.w., p. 440.

skrywe aan sy broer Sam oor Natal opmerk:[55] "... but from my visit to Natal I find they are still of the pure grocer variety - ostensibly British but really in Botha's pocket as the dispenser of good things. A miserable crowd who are not fit to run a Town Council, not to speak of responsible Government". Teen die middel van Januarie 1910 was dr. Jameson dus in 'n posisie om voorraadopname te maak. Daaruit kon hy af= lei dat hy die steun van die meeste Engelssprekendes agter hom het om in die eerste plek koalisie te verkry en tweedens indien dit sou misluk, die Engelssprekendes in 'n sterk opposisieparty te verenig.[56]

Toe dit dus vir dr. Jameson duidelik geword het dat sy koalisieplanne misluk het, het hy besef dat hoe gouer hulle eie geledere gesluit kon word, hoe beter.[57] Dokter Jameson, Farrar en Chaplin het in Maart 1910 weer in Kimberley vergader. Met die oog op die stig= ting van 'n nuwe sentrale party, het Chaplin 'n program opgestel wat later deur dr. Jameson en Farrar goedge= keur is.[58] Op die sesde Jaarkongres van die Progres= siewe Party van Transvaal, gehou op 4 April 1910 in Johannesburg, is die saak van nouer samewerking gunstig

---

55. Aangehaal deur Colvin, a.w., p. 290.
56. Thompson, a.w., p. 440; Colvin, a.w., p. 292;
57. Van der Schyff, a.w., pp. 27-28.
58. Ibid., p. 28.

ontvang.[59] Die gevolg was dat Jameson 'n konferensie van alle Progressiewes vir 9 Mei te Bloemfontein belê het, wat egter as gevolg van die dood van koning Eduard VII uitgestel moes word tot 23 Mei 1910.[60]

Die uitgestelde konferensie het op 23 en 24 Mei in Bloemfontein onder voorsitterskap van sir John Fraser, leier van die Constitutional Party in die Vrystaat, plaasgevind. Die stigtingsvergadering is bygewoon deur 112 afgevaardigdes van die Progressiewe Partye in Transvaal en die Kaapkolonie en van die Constitutional Party van die Vrystaat, met 'n paar waarnemers van Natal.[61] Die volgende leiers was onder andere teen=woordig: dr. Jameson, Smartt, Crewe en Walton van die Kaapkolonie; Farrar, Fitzpatrick, Chaplin, Phillips en Duncan van Transvaal en sir John Fraser van die Vrystaat.[62]

Dokter Jameson sou hom graag wou loswikkel van die aktiewe politiek in Suid-Afrika.[63] Hy is egter reeds vroeër algemeen as die toekomstige leier van Engels=sprekendes in Suid-Afrika beskou[64] en was op daardie tydstip reeds te ver betrek en hy is dan ook eenparig

---

59. Van der Schyff, a.w., p. 29; Cape Times, 5.4.10.
60. Ibid., p. 30.
61. Ibid., p. 30.
62. The Star, 28.5.10: Foto met byskrif.
63. Colvin, a.w., p. 295.
64. Fraser-versameling, Florrie - sir John Fraser, 2.3.10; Van der Schyff, a.w., p. 32.

in hierdie hoedanigheid gekies. Op 24 Mei word op 'n geesdriftige openbare vergadering deur dr. Jameson die ontstaan van die nuwe party die Unionist Party of South Africa aangekondig.[65] Hoewel ander name soos die National Progressive Party en die Progressive Party ook genoem is, het die nuwe party na versigtige oorweging besluit op die bogenoemde naam, kortweg ge= noem Unionist Party,[66] of Unioniste Party.

Met die oog op Uniewording en die verkiesing het die party sy program van beginsels bekend gemaak.[67]

Die party wat die meeste Engelssprekendes van die Unie ingesluit en 'n week voor Uniedag tot stand gekom het, het die Unie en die naderende verkiesing tegemoet ge= gaan met die ideaal van "Equality of opportunity ... and the rapid development of the country in the common interest of the country..."[68] Jameson se beleid as leier van die opposisie was "to oppose racialism, to work for the progress of South Africa, and to support General Botha against the extremists."[69]

---

65. The Star, 25.5.10; Colvin, a.w., p. 293.
66. The Star, 26.5.10; Van der Schyff, a.w., p. 30.
67. Fraser-versameling. Benewens 'n Engelse kopie is daar ook 'n Hollandse kopie: Vereenigings Party van Suid-Afrika: Beginselen; The Star, 25.5.10; Kruger: Parties and Policies, p. 45; Van der Schyff, a.w., Bylae A; Cape Times, 11.6.10. Word as bylae B aangeheg.
68. Aangehaal deur Van der Schyff, a.w., p. 34.
69. Colvin, a.w., p. 293.

## 4. Die Regeringspartye

### (a) Amalgamasie of net samewerking?

Generaal Botha het na sy terugkeer uit Europa teen die einde van 1909 sy idees in verband met die vorming van 'n nuwe party probeer uitvoer. Sy oogmerk was die samesmelting van die partye wat op daardie tydstip aan bewind was in Transvaal, die Vrystaat en die Kaapkolonie, onder 'n nuwe naam en met 'n program van beginsels so wyd dat dit moontlik kon wees vir baie lede van die opposisie om by die party aan te sluit. Aan die einde van Desember 1909 het hy briewe, waarby 'n kon=sep-manifes ingesluit was, aan Merriman, F.S. Malan en Fischer, as leiers van hul onderskeie partyorganisasies, gestuur.[70] Op dieselfde tydstip was generaal Botha ook nog met onderhandelinge met dr. Jameson besig.

Op dié skrywe en manifes het F.S. Malan geantwoord dat hy saamstem dat 'n poging aangewend moet word om ge=matigde aanhangers van ander partye by hulle te laat aansluit.[71]

---

70. Hancock & Van der Poel, pp. 596.
71. Hancock & Van der Poel, a.w., F.S. Malan - Botha, 4.1.10, p. 599.

Die beste manier om dit te bereik, meen hy, sal wees om die drie partye (Bond, Unie en Het Volk) onder 'n nuwe naam te amalgameer, waarby die gematigde ondersteuners van die opposisie gevolglik makliker sou aansluit. Daar is egter 'n ander weg wat ingeslaan kan word, naam= lik om 'n werkende ooreenkoms tussen die genoemde partye te bewerkstellig, sodat hulle met gesamentlike kragte by die aanstaande verkiesing kon optree. Malan wys daarop dat die Bond vanaf 1903 slegs 'n onderdeel is van die Suid-Afrikaanse Party. Aangesien dit nie sonder gevaar van verdeeldheid verkry was nie, waarsku hy dat daar versigtig te werk gegaan sal moet word. Enige verande= ring in die konstitusie sou op die komende Bondskongres in Maart goedgekeur moes word. Oor die manifes wou hy nie kommentaar lewer nie, omdat dit afgehang het van die vraag of die bestaande organisasies sou amalgameer óf tot 'n werkende ooreenkoms sou geraak. In presies dieselfde trant skrywe F.S. Malan ook aan pres. Steyn.[72)]

Merriman het in antwoord op generaal Botha se manifes daarop gewys dat hy Botha so verstaan dat hy 'n samesmel= ting van Bond, Het Volk en Unie verlang en dat Engels= sprekendes by die party sal kan aansluit.[73)] Hy wys

---

72. Steyn-versameling: F.S. Malan - pres. Steyn, 12.1.10.
73. Merriman, a.w., Merriman - Botha, 5.1.10, p. 159; Hancock & Van der Poel,a.w., p. 5; Merriman - Botha, 5.1.10, p. 602.

daarop dat die Suid-Afrikaanse Party juis op dié grond= slag werk. Dit omvat die Bond en het 'n Engelssprekende (hyself) as leier en drie van sewe kabinetsministers is Engelssprekend. Hy sien nie in waarom dieselfde nie ook met 'n uniale party kan gebeur nie. Hy weet ook van geen beter naam as die Suid-Afrikaanse Party nie. Dit is op 'n breër basis as Het Volk en die Unie en kan diegene aantrek wat nie vir die genoemde organisasies afsonderlik kans sien nie. Hy was nie juis ten gunste van 'n geskrewe manifes nie. Hy is egter van mening dat hulle geen politieke aksie moet neem voor die koms van die goewerneur-generaal nie. Hy verwelkom die vooruit= sig om generaal Botha in die Kaap te hê vir samesprekings.

Die Kaapstadse konferensie aan die einde van Januarie 1910 het vir generaal Botha nie na wense verloop nie. Nie net is koalisie heeltemal verdoem nie, maar generaal Botha kon ook nie die ander leiers oorhaal om sy konsep-mani= fes te aanvaar nie. Merriman het deur sy houding en krasse uitlatings generaal Botha heeltemal van hom ver= vreem en 'n verwydering het tussen die twee leiers inge= tree. Generaal Botha het nie weer met Merriman onder= handel nie.[74)]

---

74. Steyn-versameling, Botha - Steyn, 28.1.10; F.S. Malan-versameling, Botha - Malan, 18.3.10.

Daarteenoor het F.S. Malan en generaal Botha al nader na mekaar beweeg.[75]

Aan die begin van Februarie 1910 skrywe Malan aan gene= raal Botha oor die sake wat hulle bespreek het.[76] In= dien generaal Botha die Het Volk wil reorganiseer dan behoort hy

(a) dit duidelik te maak dat dit reorganisasie en geen nuwe organisasie is nie;

(b) dat die reorganisasie slegs bedoel is om die Trans= vaal tegemoet te kom vanweë spesiale omstandighede van die kolonie en

(c) om te verhinder dat wat in die Transvaal gedoen word 'n nadelige uitwerking op die res van Suid-Afrika sal hê is dit wenslik dat generaal Botha voeling met die ander leiers sal behou deur sy voorstelle eers vertroulik aan hulle voor te lê.

Wat die toekoms van hulle party aanbetref, is Malan beslis van opinie dat die eerste stap die vestiging van een party onder een naam met 'n breë program van begin= sels behoort te wees. Om die party te vestig ag hy dit

---

75. F.S. Malan-versameling, Botha - Graaff, 9.2.10.
76. Ibid., Malan - Botha, 7.2.10.

van groot belang om 'n konferensie van genooides, van wie verwag kan word om saam te werk, te belê. Hierdie konferensie behoort 'n breër basis as die Bond, die Unie en Het Volk te hê. Malan ag dit onwenslik om op daardie tydstip die bestaande politieke organisasies op te hef en 'n splinternuwe een in die plek daarvan te stel. Hy is oortuig dat die Bond nie ryp is vir die stap nie, dat dit tot verdeeldheid sal lei en dat die nuwe organisasie nie genoeg prestige sal hê om gesag= hebbend by die eerste verkiesing op te tree nie. Hy gee voorkeur aan die naam De Zuid-Afrikaanse Nationale Party. Met die inhoud van sy brief stem ook Graaff en De Waal saam.[77)]

Van die voorgestelde konferensie het egter niks gekom nie. F.S. Malan, het, nadat hy, De Waal en Graaff die saak van die konsepmanifes en die konferensie bespreek het, by generaal Botha aanbeveel dat die konferensie uitgestel moet word tot na die 31ste Mei.[78)] Hulle voer as rede aan die veranderde omstandighede wat ont= staan het as gevolg van die toesprake van die vorige paar weke. In die toesprake van Merriman op 5 en 17 Februarie te Carnarvon en Malmesbury onderskeidelik het

---

77. F.S. Malan-versameling, Malan - Botha, 22.2.10.
78. Ibid.

hy op 'n skerp manier koalisie veroordeel en die on= middellike amalgamasie van die Het Volk, Orangia-Unie en die Suid-Afrikaanse Party veroordeel.[79)] Hy het hom ook sterk uitgespreek teen wat hy bestempel het as die afkeurenswaardige gebruik om nie te sê wat jy bedoel nie.[80)] Die opposisiekoerante het Merriman dadelik aangeval. Hy is bestempel as "the leader of the reactio= naries, and accused of speaking at the lowest level of party politics, stirring up racialism, betraying his English heritage and killing the Best men Government project."[81)]

Die toesprake het ook grootliks tot die argwaan van gene= raal Botha bygedra. Die slotsom was dat elke kolonie die saak van nouer samewerking op hulle onderskeie kon= gresse, wat gedurende Maart en April gehou sou word, sou voorlê.

(b) Transvaal

Alhoewel generaal Botha se plan om 'n nuwe party te vorm met die Kaapstadse konferensie misluk het, het hy egter nie tou opgegooi nie. Hy wou die plan om 'n nuwe

---

79. Merrimam,a.w.,pp. 155-156: uittreksels uit dagboek en voetnote.
80. Ibid., p. 156. Laasgenoemde sou veral gemik gewees het teen generaal Botha wat op daardie stadium ge= swyg het.
81. Aangehaal uit Cape Times, 6, 7.2.10 by Merriman, a.w., p. 155.

party te stig minstens in sy eie provinsie deurvoer. Hy het gevolglik van die begin van Februarie af en ge= durende Maart die hele Transvaal deurreis en sy plan om die Het Volk te reorganiseer aan sy komitees ver= duidelik. Hy het heelhartige steun ontvang.[82)] Aan= gespoor deur hierdie sukses, het generaal Botha aan die begin van Maart weer konsep-manifeste uitgestuur, die keer aan F.S. Malan[83)], Fischer[84)] en Steyn.[85)]

Generaal Botha het ook die Transvaal National Associa= tion betrek. Die liggaam se hoofbestuur het op 5 Maart 'n vergadering gehou saam met die Hoof Komitee van Het Volk.[86)] Op dié vergadering het generaal Botha 'n ver= duideliking gegee van die beoogde nuwe party. Die uit= voerende komitee het daarop die konsepmanifes aanvaar en op 10 Maart ontvang Smuts 'n skrywe van F.B. Adler, sekretaris van die liggaam, waarin gemeld word "That the Executive is prepared to accept the draft manifesto of the proposed new Party" en sekere wysiginge voorge= stel word.[87)] Die Nationals het dus reeds, byna twee weke voor die Het Volk-kongres toegetree tot die Suid-Afrikaanse Nasionale Party wat nog gestig moes word.

---

82. F.S. Malan-versameling, Botha - Malan, 18.3.10.
83. Ibid., Malan - Botha, 14.3.10.
84. Fischer-versameling, Fischer - Botha, 26.3.10.
85. J.M.H.van Aardt: Die Botha-bewind in Transvaal, p. 570.
86. Hancock & Van der Poel, II, pp. 626-629. Notules van vergaderings van 5 en 9 Maart 1910.
87. Ibid., pp. 625-626.

Daar is baie uitgesien na die kongres van Het Volk veral omdat generaal Botha die vorige maande 'n stilswye be= waar het. Diegene wat gewag het op 'n dramatiese af= kondiging van koalisie en 'n wegbreek van die ou partye, was teleurgesteld. Generaal Botha wat sy woorde in die openbaar getel het, het in sy openingsrede gewys op die oogmerke en prestasies van Het Volk en die afge= vaardigdes in Pretoria oorreed om toe te stem tot die reorganisasie van Het Volk sodat dit op 'n uniale basis kon bestaan, alle bevriende organisasies kon om= vat en 'n politieke tuiste kon bied aan Afrikaans- sowel as Engelssprekende Suid-Afrikaners.[88)]

Die reaksie van die Cape Times op die toespraak van generaal Botha was dat aangesien hy hom nie definitief uitgespreek het ten gunste van "non party administra= tion" nie, dit alleen een vertolking kan hê: "Party influences, party associations and party circumstances have been too strong," en dat die Progressiewes sal moet begin organiseer.[89)]

Die afgevaardigdes het eenparig 'n besluit geneem wat die Hoofd Komitee opdrag gegee het om die nodige stappe te doen om van die toe-bestaande Het Volk en ander po= litieke organisasies van soortgelyke beginsels, sowel

---

88. Van Aardt, a.w., p. 570.
89. Cape Times Weekly, 30.3.10.

as alle Blankes in Suid-Afrika wat saamstem met daardie beginsels, 'n nuwe politieke organisasie te vorm.[90]
Die naam van die nuwe party was Die Suid-Afrikaanse Nationale Party. Geen beleidsverklaring is egter uit= gereik nie en die publiek moes nog tot die middel van Junie wag voordat generaal Botha die program van die party laat aankondig het. Dit het gebeur toe generaal Botha op sy eerste openbare vergadering na Uniewording die publiek op 14 Junie in die Operahuis in Pretoria toegespreek het. Halfpad het generaal Botha sy toe= spraak onderbreek en het dr. Bok, sy private sekretaris, die manifes in Engels en Hollands voorgelees.[91] Die manifes is onder die naam van generaal Botha aan die publiek bekend gestel en het die grondslag gevorm vir die samewerking met die Bond, Unie en die Natalse Volksvereniging.[92]

---

90. Thompson, a.w., p. 447.
91. Dit is dieselfde manifes wat aan die begin van Maart deur generaal Botha uitgestuur is en waarop sekere wysigings deur Malan, Fischer en die Nationals voor= gestel is.
92. Dit verskyn in D.W. Kruger, se South African Parties and Policies op p. 48 en is as bylae C in dié werk opgeneem.

(c) Die Kaapkolonie

Alhoewel F.S. Malan 'n voorstaander geword het van generaals Botha en Smuts se breë Suid-Afrikaanse nasionalisme[93)] en hy sterk ten gunste was van same= werking met die bevriende partye het hy voorasnog nie kans gesien om die koloniale partyorganisasie op te skort en te vervang met een sentrale party nie. Malan het onderneem om by die Bondskongres die gemoe= dere van diegene wat onrustig geword het oor die af= wagtende houding wat generaal Botha met betrekking tot die Unie-regering ingeneem het, gerus te stel.[94)]

Die ses-en-twintigste Bondskongres wat vanaf 31 Maart op Beaufort-wes in sitting was, het op aanbeveling van die Kommissie van Toezicht besluit om veranderings in die konstitusie aan te bring as gevolg van die ver= anderde omstandighede na Uniewording.[95)] Aan die Kommissie van Toezicht is volmag verleen om met partye van gelyke aard 'n konferensie te belê om samewerking of amalgamasie van bevriende organisasies te bespreek.[96)] Hulle moes egter terug rapporteer aan die Kongres, in=

---

93. F.S. Malan-versameling, Malan - Smuts, 28.2.10.
94. Ibid., Malan - Botha, 25.3.10.
95. Cape Times Weekly, 6.4.10.
96. Cape Times, 4.4.10; F.S. Malan-versameling, Malan - Botha, 11.4.10.

dien nodig aan 'n buitengewone vergadering.[97] Die Bond het op die stadium nog nie kans gesien om hulle eie organisasie prys te gee nie.[98]

(d) <u>Die Vrystaat</u>

In die antwoord op die konsep-manifes wat generaal Botha aan die begin van Maart aan Fischer gestuur het, het Fischer gemeld dat hy die geleentheid gehad het om dit vertroulik met 'n paar van sy vriende te bespreek.[99] Hulle is tevrede met die naam en ontwerp en doen aan=bevelings vir sekere wysigings. Hy verlang ook sekere inligting met die oog op die Kongressitting wat op 19 April begin. Botha antwoord daarop dat die hele re=organisasieplan in komitee op hulle kongres bespreek is. Die besluit wat in die openbaar geneem is, was soos die wat in komitee bespreek is.[100] Die manifes was die grondslag waarop die kongres van die Orangia-Unie van 19 en 20 April se werksaamhede sou berus.

Op die kongres het Fischer hom uitgespreek ten gunste van nouer samewerking met die Afrikanerorganisasies. Daar moes volgens hom 'n organisasie gestig word wat

---

97. Davenport, a.w., p. 298.
98. Ons Land, 2.4.10.
99. Fischer-versameling, Fischer - Botha, 26.3.10.
100. Ibid., Botha - Fischer, 4.4.10.

vir Suid-Afrika kan werk soos die Orangia-Unie vir die Vrystaat gewerk het.[101] President Steyn het in sy openingstoespraak ook die saak van nouer samewerking aangevoer.[102] Hy glo dat dit die beste sou wees om die eerste verkiesing onder die statute van die Orangia-Unie te hou. Hulle kon nie aanneem dat alle politieke geskilpunte meteen sou verdwyn nie. Hy twyfel nie daaraan nie dat, as die partye mekaar beter leer ken en leer vertrou het, hulle sal saamsmelt om later in 'n nuwe groepering oor te gaan.[103] Die be= spreking oor nouer vereniging is agter geslote deure gevoer.[104]

Volgens die notule van die kongres is die doel sodanig gewysig dat die Orangia-Unie vir die belange van die Vrystaat in besonder en Suid-Afrika in die algemeen sou optree. Die Kongres het aan die Centraal Bestuur opgedra om "Alle zoodanige stappe te nemen als raad= saam mogen geacht worden om de eenheid van die belangen

---

101. A.H. Marais, a.w., p. 168.
102. Steyn, a.w., pp. 168-174.
103. A.H. Marais, a.w., p. 171.
104. Hertzog-versameling, Orangia-Unie, Band 144: Verrichtingen van het vÿfde jaarlÿksch Congres der Orangia Unie te Bloemfontein gehouden op 19 en 20 April 1910: Bylaag A, besluit nr. 4, p. 19.

onder een naam erkend te krÿgen, en om het doel dier party in een programma van beginselen zamen te vaten".[105)]

Alhoewel hulle nog hulle eie organisasie en bestuur be=hou het, het die Orangia-Unie met die besluite ook toe=getree tot die sogenaamde Nasionale Party, of Nasiona=liste, 'n benaming wat van toe af algemeen gedurende die verkiesingsveldtog gebruik is vir die regerings=partye.[106)]

5. <u>Natal: Afsydig</u>

In Natal was daar voor Uniewording nie politieke partye en 'n regering op daardie grondslag nie, soos reeds aan=getoon in hoofstuk II. Die eienaardige politieke si=tuasie is deur Thomas Hyslop, 'n vooraanstaande boer en politikus van Natal, soos volg aan president Steyn verduidelik:[107)] "I daresay we here in this colony are in a different position from men in the other colonies. We have strictly speaking no parties as we divide up on personalities not on questions of principle. For example, Moor, Smythe and I have all been in the same ministry as collegues and are pretty well agreed on ge=

---

105. Ibid., a.w., besluit nr. 5, p. 19.
106. Die Cape Times en die tydskrif Round Table het graag die benaming "ministerialists" gebruik.
107. Steyn-versameling, T. Hyslop - pres. Steyn, 23.2.10.

neral principles. Yet Smythe and I are now in opposi= tion to the Moor ministry simply bacause we do not consider that Moor is fit to be a prime minister. Again when Smythe and I were in office together last, four of the present ministers Gubbins, Carter, Greene and Cliff were amongst our followers and only joined Moor when he was forming his ministry, or in one case, later. All of us here, have something in common with the various parties in die other colonies but would not like to be identified with any one of them and for that reason we want a new party of moderate men who wish to break their old ties and work together to make Union a success". Dit kan stellig aanvaar word dat bogenoemde houding 'n taamlik algemene gevoel onder die Engelssprekendes in Natal verteenwoordig.

Die Afrikaners van Natal het na die Anglo-Boereoorlog Boereverenigings gestig waaruit in 1906 die beweging ontstaan het wat die naam gekry het van Het Kongres. 'n Eie bestuur is gekies en jaarliks is 'n kongres ge= hou. Behalwe dat aandag aan boerebelange geskenk is, het ook politieke sake aandag gekry.[108] Op die Kon= gres van 1909 is die statute goedgekeur, die doelstel= lings waarvan was : "Het Kongres heeft ten taak de

---

108. Vir die geskiedenis van die Afrikaners se poli= tieke strewe in Natal is gebruik gemaak van E.G. Jansen se insiggewende werkie: Die Natalse Boere= kongres, 1906-1911.

overweging, bevordering en beskerming van die volks- en landsbelangen van Natal in 't bizonder en van Zuid-Afrika in 't algemeen".

Gedurende die referendumkampanje in Natal het daar 'n groot mate van samewerking tussen Afrikaans- en Engels=sprekendes ontstaan. Daar het teen die einde van 1909 'n beweging ontstaan om met die oog op die verkiesings wat in 1910 sou plaasvind, die Het Kongres se deure wyer oop te stel vir Engelssprekendes. Met die oog hierop is tot reorganisasie oorgegaan.

'n Buitengewone vergadering is op Vryheid op 21 Januarie 1910 gehou. Daar is besluit dat met die oog daarop om die beste moontlike manne vir die Unieparlement en die Provinsiale Raad te verkry die statute verander word, dat 'n uitnodiging aan al die inwoners van Natal gerig sal word om by die Het Kongres aan te sluit en dat orals takke gestig sal word met die doel voor oë om meer Engelssprekendes as lede te kry. Kort na die buitengewone vergadering het die sekretaris, E.G. Jansen, in opdrag 'n vertaling van die statute en 'n gepaard=gaande brief aan redakteurs van alle Engelse koerante in Natal gestuur.[109)]

In die Engelse pers was daar nie entoesiasme vir die

---

109. Jansen, a.w., pp. 20-21.

Het Kongres nie. Dit is waarskynlik as gevolg van die ongunstige kritiek dat Engelssprekendes die vyfde Kongres wat op 18 en 19 Mei op Vryheid gehou is, swak bygewoon het. Nietemin was ses-en-twintig verenigings verteenwoordig, asook afgevaardigdes van die Landbou-unie in Natal en van die Political Association van Dun= dee.[110] Die naam van Het Kongres is verander na De Natal Volksvereniging en die bestuur sou bekend wees as die Sentrale Komitee. Op die kongres is die wens= likheid uitgespreek om met organisasies wat dieselfde doel het saam te werk en aan die bestuur is dit opge= dra om afgevaardigdes te stuur as so 'n uitnodiging sou kom.[111] Dit het gebeur toe M.W. Myburgh en H.J. Bosman, wat lede was van die Wetgewende Vergadering, aan die begin van Junie 1910 op uitnodiging van generaal Botha 'n besoek aan Pretoria gebring het.[112]

Generaal Botha was in hoë aansien by die mense in Natal. Sy konsiliasiebeleid, sy gesindheid soos ge= openbaar op die Nasionale Konvensie en die feit dat hy 'n gebore Nataller was, het alles daartoe meegehelp.

---

110. Die Political Association is 'n vereniging wat in die lewe geroep is met die oog op die nade= rende Uniale verkiesings.
111. De Vriend des Volks, 24.5.10.
112. The Star, 6.6.10: Vryheid-korrespondent.

Hyslop was uitgesproke in sy begeerte dat 'n nuwe party gevorm moet word wat verhewe moes wees bo die rassestryd, onder leiding van 'n leier soos generaal Botha.[113)] Hy het egter sterk daarteen gewaarsku dat die Natallers nie bereid is om deur die Afrikaners oorheers te word nie.[114)]

Die belangstelling onder Afrikaners het gemaak dat sommige Engelse koerante hulle lesers aangespoor het tot organisasie. Die Natal Witness het aan die saak 'n hoofartikel gewy onder die opskrif "Getting ready".[115)] Die koerant het die stigting van 'n uitsluitlike Natalse Party bepleit. Hy verwag dat partye op rassegrondslag daargestel sou word en dat die Volksvereniging hom sal verbind met die regeringsorganisasies in die ander kolonies. Daarom moet daar vroegtydig georganiseer word want "our Dutch friends" het al die voorbeeld ge= stel.

Die Natal Mercury het ook gereageer.[116)] Die redakteur bepleit ook die vorming van 'n onafhanklike party in Natal. Natal kan nie met die Volksvereniging, wat 'n

---

113. Steyn-versameling, Hyslop - Steyn, 14.2.10.
114. Ibid., Hyslop - Steyn, 23.2.10.
115. Natal Witness, 31.1.10.
116. Natal Mercury, 1.2.10.

verbasende ooreenkoms toon met die Bond, Unie en Het Volk, 'n ooreenkoms aangaan nie. Die konstitusie be= vredig nie "for its Dutch origin is stamped upon it from start to finish, and similar to the Bond, it throws all power in the hands of the Central Committee, who, like the Hoofd Committee, are autocrats". Dit was duidelik dat die blad bevrees was vir "Dutch domination".

In Natal het 'n houding ontwikkel dat Natal homself "aloof" moet hou en sy eie identiteit nie moet prysgee nie. Die gedagte is waarskynlik goed uitgedruk in 'n artikel onder die opskrif "Our position under Union", deur "Imperialist" as hy die volgende weg van optrede aandui:[117)] "Natal must stand aloof from the intrigues and the stratagems of both dr. Jameson and mr. Merriman. Neither of them is a leader Natal has or can have any faith in. She must enter the Union untrammelled by pledges, and unfettered by promises exacted from her public men. She must in short, retain her "picturesque individuality" which, after all, means her freedom of the schackles of party, whether representative of pluto= cracy or racialism, whose ideals are the ideals of self".

Hierdie gesindheid het werklikheid geword toe 68 persone, hoofsaaklik van Pietermaritzburg en Durban, onder voor=

---

117. Natal Witness, Weekly Edition, 26.3.10.

sitterskap van C.G. Smith, 'n suikerboer en L.W.V., op 26 Mei 1910 in Pietermaritzburg vergader het en 'n nuwe party, die sogenaamde Natal Party, gestig is.[118)] Die program van beginsels is op 22 Junie goedgekeur.[119)] Die byeenkoms is weer in Pietermaritzburg gehou, onder leiding van dieselfde voorsitter en is bygewoon deur slegs vyftien persone, waarvan tien uit Durban.[120)]

Die Natal Witness het die vorming van die nuwe party verwelkom. Die vooruitsig was dat Natal se belange "will be beter safeguarded;"[121)] Op die vraag hoekom die party nie by een van die ander partye aansluit nie ant=woord die koerant "that this should not be done for the very good reason that Natal might be no better off absorbed by the Progressives than absorbed by the Three Bonds." Natal moet vir sy eie regte opkom.[122)] Hulle party is nie 'n deel van die Opposisie nie, hulle party is ook nie 'n party wat gaan staan vir die hoogste bieër nie. Hulle sal later wanneer nodig besluit watter

---

118. The Friend, 27.5.10; Natal Witness, 28.5.10; De Afrikaner, 30.5.10; P.H. Coetzee: Party-politiek in Suid-Afrika sedert 1910: 'n histo=ries-staatsfilosofiese studie, p. 82.
119. Die program van beginsels word as bylae D opgeneem.
120. Natal Witness, 25.6.10; The Star 23.6.10.
121. Natal Witness, 28.5.10.
122. Natal Witness, 9.6.10.

party, indien enige, hulle sal steun.[123]

Die Natal Mercury meen dat alhoewel die stigters van die Natal Party dit met goeie bedoelings gedoen het, Natal beter sou doen deur hom te vereenselwig met die Unio=niste Party.[124] Die blad het toe 'n ander deuntjie gesing as aan die begin van Februarie vroeër in die jaar. Hulle het nou gesê dat die belange van Natal nie gedien kon word deur die stigting van nog nuwe partye nie, maar eerder deur die aansluiting by die Unioniste Party en die stigting van takke van die party.[125] The State het dit betwyfel of die Natal Party werklik on=afhanklik sou kon bly indien dié party se lede verkies word.[126]

Die kandidate van die Natal Party het hulle almal as onafhanklikes laat benoem en as sodanig aan die ver=kiesing deelgeneem.[127]

By die stigting van die Unioniste Party in Bloemfontein op 23 en 24 Mei 1910 het Natal geen verteenwoordigers gehad nie, behalwe 'n paar waarnemers.[128] Jameson het gehoop dat Natal mettertyd sy party sou steun.

---

123. Natal Witness, 23.6.10.
124. Natal Mercury, 17.6.10.
125. Natal Mercury, 24.6.10.
126. The State, Julie 1910, p. 126.
127. Brookes, a.w., p. 266.
128. Van der Schyff, a.w., p. 30.

Op 'n vergadering van die Durban Political Association wat op 14 Junie 1910 in Durban gehou is, is die wenslik=heid uitgespreek om 'n tak van die Unioniste Party te stig.[129] 'n Aantal takke van die Unioniste Party het dan ook tot stand gekom en die Natal Mercury het die verkiesingsveldtog vir hulle gevoer.

Die redes waarom die Unioniste gesukkel het om in Natal ingang te vind, moet onder andere daaraan toegeskryf word dat twee Natallers in die kabinet opgeneem is en dat generaal Botha 'n besoek aan Natal gebring het waar hy deur C.G. Smith ontvang is. Generaal Botha se kon=siliasiebeleid het 'n goeie indruk op Natal gemaak en sy invloed daar het toegeneem. In Natal het die gesindheid "to trust the Dutch" veld gewen.[130]

## 6. Die Nie-Blankes

Volgens die Kaapse Gazette[131] was daar in 1909 142 367 kiesers in die Kaapkolonie geregistreer, waarvan meer as tien persent Kleurlinge en meer as vyf persent Bantoes was. In minstens twaalf kiesafdelings was die Nie-Blankes meer as twintig persent van die kiesers.[132]

---

129. Natal Mercury, 16.6.10.
130. Brookes, a.w., p. 245.
131. Gazette nr. 9209 van 3.9.09, pp. 803-816.
132. Cape Province Official Gazette, 26.7.10.

Die Kleurlinge was polities georganiseer in die African Political Organisation (A.P.O.) met dr. A. Abdurahman as hulle leier. Die organisasie is in 1902 deur 'n groepie Kleurlinge gestig wat daarna gemik het om die wetlike en politieke regte wat Kleurlinge in die Kaap=kolonie besit het na die noordelike kolonies uit te brei.[133)] Met die verkiesing van dr. Abdurahman in 1905 as voorsitter van die organisasie betree die A.P.O. 'n breër terrein en word dit 'n sterk en wydvertakte organisasie onder die Kleurlingbevolking dwarsdeur Suid-Afrika.[134)] Teen 19(9 was daar al sowat 'n honderd takke[135)] en Kleurlinge was die sterkste verteenwoordig in kiesafdelings soos Newlands (29%), Stellenbosch (28%), Suid-skiereiland (23%) en Kaapstad-Kasteel (22%). In 1909 verskyn die eerste uitgawe van die A.P.O. 'n twee=weeklikse koerant aanvanklik onder redaksie van dr. Abdurahman self.[136)]

Die Kleurlinge en Bantoes het na die mislukking van die Schreiner-sending in 1909 na Engeland, om te protesteer teen die beperkte naturelle- en kleurlingstemreg in die konsep-Unie-grondwet, hulle van aktiewe deelname aan die politiek onttrek.

---

133. Troup, Freda, South Africa, p. 207.
134. Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, dl. I, pp. 1-2.
135. J.S. Marais, The Cape Coloured People, p. 276.

Die A.P.O. het hulle jaarlikse vergadering in 1910 op 28 Maart in Port Elizabeth gehou. Dokter Abdurahman, die president,- het in sy openingsrede dit betreur dat dit wat hulle onder die Kaapse regering geniet het, nie ook van toepassing was onder Unie nie.[137)] By geleentheid van Uniedag, 1910, het dr. Abdurahman gesê dit is nie 'n dag van vreugde vir die Kleurlinge nie, maar 'n dag van droefheid en rou.[138)] Die Kleurlinge het geen besluit geneem oor hulle posisie onder die Unie nie, behalwe dat hulle oorweging daaraan geskenk het om 'n kandidaat te stel om die term "European descent" te toets.[139)]

Die Bantoes was in minder mate nog as die Kleurlinge geïnteresseerd in die verkiesing. Uit dokumente in die Schreiner-versameling is dit duidelik dat die Naturelle nie eensgesind was oor wie hulle sou steun nie.

137. Natal Witness Weekly, 2.4.10.
138. The Star, 2.6.10.
139. Cape Times, 5.4.10.

# HOOFSTUK IV

## VERKIESINGSORGANISASIE

### 1. Die verslag en werksaamhede van die Afbakenings= kommissie

#### (a) Samestelling van die Kommissie

Die Suid-Afrikawet van 1909 het bepaal dat die eerste Afbakeningskommissie saamgestel moes word en moes fun= geer tussen die datums van die aanname van die wet en die inwerkingtreding van Unie, wat op 31 Mei 1910 vasgestel is. Gevolglik het die "Governor-in-council" van elk van die vier kolonies 'n regter benoem om 'n Afbakeningskommissie te vorm, te wete sir Perceval Laurence (Kaapkolonie), W.H. Beaumont (Natal), sir William Solomon (Transvaal) en A.W. Fawkes (Oranjerivier= kolonie).[1]

Die kommissie wat op 1 November 1909 in Bloemfontein vergader het met sir P. Laurence as voorsitter[2] en

---

1. Art. 38 van die Suid-Afrikawet van1909 omskrywe die samestelling van 'n Afbakeningskommissie.
2. Sir P. Laurence het in 1906 in Transvaal ook al op 'n Afbakeningskommissie gedien.

G.R. Hofmeyr, klerk van die Transvaalse Wetgewende Vergadering, as sekretaris, het sy werksaamhede op 10 Mei afgehandel en dit is op 31 Mei 1910 bekend gemaak.[3)]

(b) <u>Opdrag aan die kommissie</u>

Die funksie en magte van die kommissie is omskrywe in artikels 39, 40 en 42. Hiervolgens was dit die taak van die kommissie om elke provinsie in kiesafdelings volgens die grondwetbepalings te verdeel. 'n Belang= rike bepaling was die voorskrif dat die kommissie deeg= lik oorweging moes skenk aan: gemeenskaplike of ver= deeldheid van belange; maniere van kommunikasie; fisiese faktore; reeds-bestaande grense en verspreid= heid en digtheid van bevolking. Om daaraan te kan voldoen is 'n maksimum- en minimum-afwyking van vyftien persent meer of minder as die kwota toegelaat.[4)] Die kwota vir elke provinsie sou bepaal word deur die totale aantal kiesers, soos verkry deur die laaste registrasie

---

3. Die verslag is opgeneem in "Reports of the Select Committees, Vol. III, 1910-1911, First session, First Parliament" en gepubliseer onder die opskrif "Report of the Delimitation Commission under the South African Act, 1909". In volgende voetnote sal na die verslag verwys word as Verslag van die Afbakeningskommissie.
4. S.A.-wet, Art. 40(3).

van kiesers, te verdeel deur die aantal kiesafdelings.[5]

(c) Die verslag van die Afbakeningskommissie

Om sy eerste taak, naamlik die vasstelling van die kwota, uit te voer, was vir Transvaal en die Kaapkolonie geen probleem nie, omdat daar in 1909 registrasie van kiesers in die twee gebiede plaasgevind het en al die nodige inligting beskikbaar was. Ten spyte van die feit dat kieserslyste in die Vrystaat foutief en ver= ouderd was, was die kommissie aangewese op die 1907- kieserslys.

In Natal was daar 'n nuwe kieserslys, wat volgens be= werings onbetroubaar was. Tog het die kommissie daar= van gebruik gemaak en dit nie nodig gevind om sy be= vindings te verander nie nadat Natal en ook die Vrystaat in Desember 1909 en April 1910 onderskeidelik nuwe kieserslyste laat verskyn het.[6]

Ten opsigte van die registrasiewette het Transvaal en die Vrystaat die minste probleme opgelewer omdat die stem= regkwalifikasies beperk was tot manlike persone van

---

5. S.A.-wet, Art. 40(1) en (2).
6. S.A.-wet, Artikels 3 en 7. Verslag van die Af= bakeningskommissie.

Europese afkoms, waar elke kieser geregistreer was by sy verblyfplek en waar daar slegs enkellidverteen=woordiging was. In die Kaapprovinsie en in 'n minder mate in Natal het die registrasie van kiesers hoof=brekens aan die kommissie besorg. In die Kaapprovin=sie het die kiesafdelings elk van vier tot sewe ver=teenwoordigers gehad. Die kieswette was verder inge=wikkeld omdat daar sekere salaris- en beroepskwalifi=kasies vereis is, asook sekere eenvoudige opvoedkundige vereistes gegeld het. Verwarring het ook ontstaan deurdat party kiesers hulle woonadresse voorsien het en andere weer dié van hulle werksplekke.[7] Die kom=missie het nadat alle inligting ingewin en ondersoek is, die volgende kwotas vasgestel.[8]

| | Kwota | Maks. | Min. | Aantal Kiesers |
|---|---|---|---|---|
| Kaapkolonie | 2 791 | 3 210 | 2 372 | 142 367 |
| Transvaal | 2 715 | 3 122 | 2 308 | 97 743 |
| Natal | 1 647 | 1 894 | 1 400 | 27 753 |
| OranjeVrystaat | 2 131 | 2 451 | 1 811 | 36 235 |

7. Verslag van die Afbakeningskommissie, art. 8-21.
8. Ibid., art. 22. In die verslag word net die ge=talle in die eerste drie kolomme verstrek. Die syfers onder die opskrif "Aantal Kiesers" is verkry van Florence Rosalie Briand-Kyrik: The delimitation of Constituencies for the Union House of Assembly under the South African Act, p. 97.

Nadat die kwota vasgestel is, het die kommissie probeer vasstel wat die beste metode sou wees om uitvoering te gee aan die reeds genoemde voorskrifte. Die leidrade het baie ooreengestem met byvoorbeeld dié van die Transvaalse Afbakeningskommissie van 1906. Die een leidraad, naamlik verspreidheid en digtheid van bevol= king, was 'n nuwe en enigsins vreemde leidraad. Die kommissie het dit so vertolk dat die bedoeling was dat hulle moes poog om kiesafdelings te skep wat in minder digbevolkte gebiede minder en in meer digbevolkte gebiede meer kiesers sou hê as die kwota. Met die vertolking is die beginsel van belading en ontlading van kiesafdelings neergelê, wat 'n belangrike rol sou speel in die eerste en tewens in alle toekomstige verkiesings.[9)]

Die kommissie het sover as moontlik die vraag van ge= meenskaplike belange, maniere van kommunikasie, fisiese faktore en reeds bestaande grense in aanmerking geneem, alhoewel hulle vanselfsprekend nie vir alle plaaslike versoeke en voorstelle regverdiging kon vind nie.[10)]

Die kommissie vermeld dat hulle in 'n vroeë stadium uitnodigings gerig het aan openbare liggame, politieke organisasies en ander belangstellende groepe om voor= stelle in te dien vir die afbakening van die kiesafde= lings. Baie voorstelle is so ontvang. Van magistrate

---

9. Verslag van die Afbakeningskommissie, Artikels 24 en 25.
10. Ibid., Artikels 26 tot 32.

en ander beamptes is wenke aangevra en nuttige aanbe= velings is so verkry. Met al die data voorhande is konsepskemas vir die onderskeie provinsies opgestel. Die plan om voorlopige skemas bekend te stel is laat vaar ten gunste van 'n plan om vergaderings op sen= trale plekke dwarsdeur die land te hou. Die vergaderings is baie goed bygewoon. Vir baie gebiede is alternatiewe skemas opgestel en na die vergaderings en konferensies was dit vir die kommissie makliker om besluite te neem.[11)]

Die verslag word afgesluit deur te wys op die ernstige wyse waarop probeer is om die opdrag uit te voer en op byvoegsels (alfabetiese lys van kiesafdelings, skedu= les en kaarte), en dank uit te spreek teenoor al die amptenare wat behulpsaam was, veral die sekretaris, mnr. G.R.Hofmeyr[12)].

Die verslag is deur al vier die lede onderteken te Durban op 10 Mei 1910.[13)]

(d) Ontleding van die verslag

Die volgende setels van die Kaapprovinsie, almal stede= lik, was baie naby aan die maksimum kwota van 3 210,

---

11. Ibid., Artikels 33 tot 37.
12. Ibid., Artikels 38 en 39.
13. Die koste van die Afbakeningskommissie het R7 204 bedra: Briand-Kyrik, a.w., bylae 7.

naamlik: Kaapstad-Kasteel 3 203, Kaapstad-Sentraal, Kaapstad-Tuine, Kaapstad-Hawe, Liesbeeck en Newlands elkeen 3 202, Woodstock 3 201, Suid-Skiereiland 3 158, Oos-Londen 3 122, Kimberley en Beaconsfield 3 108 elk.

In die Kaapkolonie was Kaapstad-Kasteel met 3 203 die kiesafdeling met die meeste en Prieska met 2 393 dié met die minste kiesers. In Transvaal het slegs Von Brandis (3 029) meer as 3 000 kiesers gehad en Wakker= stroom die minste naamlik 2 327. In Natal was Durban-Berea (1 785) en Zoeloeland (1 442) en in die Vrystaat Bloemfontein (2 439) en Frankfort (1 944) die kiesaf= delings met onderskeidelik die meeste en minste aantal kiesers.

'n Ontleding van die verslag toon duidelik dat die speling van vyftien persent wat toegelaat is in die praktyk beteken het dat die stedelike kiesafdelings belaai (meer as die kwota) en die plattelandse kiesaf= delings ontlaai (minder as die kwota) was.

Dit het voordeel ingehou vir plattelandse kiesafdelings soos blyk uit die volgende: Kimberley, Port Elizabeth en Oos-Londen het vyf setels met 'n gemiddelde belading van 9,2% en die Kaapse Skiereiland het agt setels met 'n gemiddelde belading van 14,5% gekry. Daarteenoor het elf plattelandse kiesafdelings gemiddeld 8% onder die kwota gehad. Indien geen belading en ontlading toe= gepas sou gewees het nie, sou die aantal stedelike kies=

afdelings een meer en die plattelandse kiesafdelings een minder gewees het.

In Transvaal is sewentien setels aan die Rand en twee in Pretoria toegeken met 'n gemiddelde belading van 5,3% en ses plattelandse kiesafdelings was 8% onder die kwota. In Natal is vyf setels aan Durban en twee aan Pietermaritzburg toegestaan met 'n gemiddelde belading van 6,3% en drie setels met 'n ontlading van 8%. In Bloemfontein het die stedelike kiesafdelings 'n belading van 14,5% getoon.

The Star verstrek die volgende syfers om te bewys dat die platteland bevoordeel is deur die wyse waarop daar van die kwota afgewyk is:[14)]

| Gebiede | Kiesers | Setels | Gemiddeld |
|---|---|---|---|
| Rand | 48 635 | 17 | 2 861 |
| Res van Transvaal | 49 108 | 19 | 2 689 |
| Kaapstad ens. | 34 313 | 11 | 3 101 |
| Platteland (Kaapkolonie) | 107 638 | 40 | 2 600 |
| Durban ens. | 13 983 | 8 | 1 748 |
| Res van Natal | 14 021 | 9 | 1 556 |
| Bloemfontein | 4 497 | 2 | 2 248 |
| Res van Vrystaat | 31 733 | 15 | 2 173 |

14. The Star het in hoofartikels op 6 Junie die syfers vir die Rand en die Transvaalse platteland en op 8 Junie die res van die syfers verstrek. Die Transvaal het egter negentien stedelike kiesafdelings insluitende die twee Pretoriase setels, teenoor sewentien platte= landse kiesafdelings gehad.

In werklikheid was daar veertig stedelike teenoor een-en-tagtig plattelandse kiesafdelings. Proporsioneel sou dit gewees het: drie-en-veertig stedelikes en agt-en-sewentig van die platteland.[15)] Die verhouding tussen belaaide en ontlaaide setels was 61:60.[16)]

Die manier waarop die kommissie die leidraad van dun- en digbevolktheid ("sparsity or density of population") toegepas het, het 'n patroon daargestel van ontlading en belading wat van groot betekenis kon wees in die toekoms. As die politiek op rassegrondslag gedryf sou word, sou die Afrikaners die voordeel hê van die vertolking van die Kommissie omdat daar meer Afrikaans- as Engelssprekendes op die platteland was. Dit was slegs in Natal en in die Oostelike Provinsie waar daar 'n aansienlike aantal Engelssprekendes op die platte= land aangetref is, behalwe in die dorpe, waar daar in al die provinsies heelwat Engelssprekendes was. Daar was maar ongeveer 'n tiental plattelandse kiesafdelings, waar die Engelssprekendes goed verteenwoordig was, teenoor 'n sestigtal kiesafdelings waar Afrikaansspre= kendes ver in die meerderheid was. Die stedelike kiesafdelings, waar daar hoofsaaklik Engelssprekendes was, is belaai. In die stedelike kiesafdelings kon

15. Thompson, a.w., p. 471.
16. Briand-Kyrik, a.w., p. 150.

ook nog ander strominge wat aan die platteland vreemd was, soos arbeidergroepering en sosialistiese elemente, 'n rol speel.

Alhoewel dit volgens die beladings- en ontladingsbegin= sel wil voorkom asof Afrikaanssprekendes bevoordeel is, sou dit onbewustelik en onopsetlik gewees het, want vier Engelssprekende regters sou nie daarvan verdink kan word dat hulle Afrikaanssprekendes doelbewus wou bevoordeel nie.

Dit was waarskynlik as gevolg van die hoë agting wat die Kommissarisse geniet het asook hulle breedvoerige uit= eensetting van die probleme waarmee hulle te kampe ge= had het, en hoe hulle die moeilikhede oorkom het, dat betreklik min kritiek uitgespreek is op hulle werksaam= hede na die verskyning van die verslag. Weliswaar is later gedurende die verkiesingsveldtog kritiek gelewer. So, byvoorbeeld het generaal Botha dit nodig gevind om sy opponent, sir Percy Fitzpatrick, wat beweer het dat die regering geknoei het met die indeling van die kiesafdelings Barberton en Pelgrimsrust, daarop te wys dat die indeling nie die werk van die regering was nie, maar van vier onpartydige regters.[17)]

Nadat op 31 Mei die Afbakeningskommissie se verslag

---

17. De Volkstem, 19.8.10.

bekend gemaak en die regeringsmasjinerie in werking gestel is, was daar niks meer in die weg van die politieke partye om in alle erns die verkiesingstryd te voer nie.

## 2. Amptelike voorbereidingswerk

Omdat die koloniale regerings op 31 Mei sou ophou om te funksioneer was dit nodig dat 'n goewerneur-generaal, 'n eersteminister en sy kabinet, administrateurs, regters en ander hoë amptenare benoem moes word om vanaf Uniedag die landsadministrasie waar te neem. Hierdie benoemings was baie belangrik en het in noue verband gestaan met die verkiesing wat later sou volg. Die benoeming van amptenare, byvoorbeeld administra= teurs en regters, sou daardie persone uitskakel uit die aktiewe politiek en ander sou weer daadwerklik op die politieke terrein betrek word byvoorbeeld die eerste= minister en kabinetslede.

### (a) Benoeming van eersteminister

Herbert Gladstone is in Desember 1909 as goewerneur-genèraal benoem en het op 17 Mei 1910 in Kaapstad aangekom. Dit was sy taak om die eersteminister aan te wys.

As moontlike kandidate het Moor van Natal en Fischer van die Vrystaat nie veel beïndruk nie en kon hulle

buite rekening gelaat word. Sir Henry de Villiers was 'n uitstekende voorsitter van die Nasionale Konvensie maar sy sewe-en-dertigjarige ondervinding as regter het hom van die nodige politieke ondervinding beroof. President Steyn, na wie baie opgesien het, sou Trans=vaalseofKaapse oorheersing uitskakel en beide Botha en Merriman sou dalk gewillig gewees het om onder hom te dien, maar sy gesondheid het dit nie toegelaat nie.[18)] Dokter Jameson kan vanselfsprekend buite rekening ge=laat word. Gladstone se keuse was dus werklik beperk tot twee persone naamlik John X. Merriman en generaal Louis Botha.[19)]

Merriman was verreweg die mees ervare; twee-en-veertig jaar parlementslid, het sedert 1875 in vyf verskillende ministeries gedien en het gedurende sy kort termyn as eersteminister vanaf 1908 tot 1910 die finansiële chaos wat hy van Jameson geërf het, reg geruk.[20)] Hy was buitendien die eersteminister van die oudste en getal=sterkste kolonie. Hy was egter nie so gewild in sy eie

---

18. Thompson, a.w., pp. 449-451.
19. Thompson, a.w., pp. 451-455. 'n Veel meer resente en volledige studie oor die aangeleentheid is ge=lewer deur N.G. Garson: Louis Botha or John X. Merriman: The Choice of South Africa's First Prime Minister.
20. Ross, a.w., p. 105; Garson, a.w., p. 7.

provinsie nie, minder bekend in die ander provinsies en baie ongewild by die Progressiewes.[21] 'n Groot nadeel vir Merriman was dat hy nie 'n sterk party agter hom gehad het nie. Hy was nie lid van die Afrikanerbond nie, en die leier van die liggaam, F.S. Malan, wat vir Hofmeyr na sy dood in 1909 opgevolg het as voorsitter van die Kommissie van Toezicht, het vir generaal Botha gesteun.[22] Merriman se uitgesproke houding teen koalisie het baie in sy onguns getel[23] en hy is deur die grootste deel van die Engelse pers as 'n "wrecker" bestempel.

Generaal Botha was danksy sy sterk persoonlikheid en gerugsteun deur die bekwame, energieke en geleerde Smuts, 'n sterk aanspraakmaker. Nie alleen het hy die steun van feitlik al die Afrikaners gehad nie, maar verbasend genoeg het die meeste Engelssprekendes, waaronder leiers soos Jameson, sir George Farrar, Lionel Phillips, Fraser en Moor vir generaal Botha bo die Engelssprekende Merriman verkies.[25] Dat generaal Botha ook in hoë aansien was in Engeland, veral na sy twee besoeke, in 1907 toe hy die Rykskonferensie byge=

---

21. Fraser-versameling, Florrie - Fraser, 2.3.10; Garson, a.w., pp. 7, 8, 10, 30-33.
22. Thompson, a.w., p. 452; Garson, a.w., pp. 9-10.
23. Garson, a.w., pp. 6, 8, 13.
24. Ibid., p. 8.
25. Thompson, a.w., pp. 452-453; Garson, a.w. pp. 10 en 29.

woon het en in 1909 in geselskap van die Nasionale Konvensielede, ly geen twyfel nie.[26)]

Alhoewel Gladstone geen opdrag van die Imperiale regering ontvang het, oor wie hy as eersteminister moes aanwys nie, was daar tog 'n aanduiding dat die meeste van sy kollegas in die Britse kabinet ten gunste van generaal Botha was.[27)] Wat seker is, is dat Gladstone probeer vasstel het, wie van die twee persone op die grootste steun van die publiek sou kon reken.[28)]

Gladstone is by sy aankoms in Tafelbaai op 17 Mei verwel= kom deur Merriman, Botha, Fischer, Moor en ander leiers. Hy het dadelik met lord Selborne beraadslaag en die vol= gende dae ook met die ander leiers. Daaruit kon hy sien hoe die wind gewaai het.[29)] Dit was geen verrassing toe Gladstone op 21 Mei vir generaal Botha versoek het om 'n kabinet saam te stel nie. Die aankondiging is met algemene byval begroet veral deur die Engelse pers, alhoewel daar ook dadelik begin is met bespiegelinge en bedenkinge oor wie in die kabinet opgeneem sou word.[30)]

---

26. Merriman, a.w., Mev.A. Merriman - haar skoonmoeder, 19.7.09, p. 140; Garson, a.w., pp. 12 en 13.
27. Garson, a.w., pp. 12-15.
28. Ibid., p. 36.
29. Thompson, a.w., pp. 454-455; Garson, a.w., pp. 19-25
30. Natal Mercury, 23 en 27.5.10.

(b) Die samestelling van die Kabinet

Nadat Gladstone generaal Botha gevra het om 'n kabinet saam te stel, het Botha dadelik vir Merriman genooi om in die kabinet te dien. Merriman, wat vanselfsprekend diep teleurgesteld was, het die uitnodiging van die hand gewys.[31)]

Dit was veel makliker vir Gladstone om 'n eersteminister aan te wys as wat dit vir generaal Botha was om 'n kabinet saam te stel. Nadat die "Best men"- en "Fresh Start"-pogings van dr. Jameson en Fitzpatrick misluk het, het Merriman, Botha en Fischer ooreengekom om 'n regering uit die bestaande regeringspartye saam te stel. Generaal Botha se taak was nou om tien persone aan te wys om die eerste regering te vorm. Die veronderstelling was dan ook dat dit saamgestel sou word uit verteenwoor= digers van albei rasse uit al vier die provinsies. Die grootste kopseer vir generaal Botha was wat om met generaal Hertzog te maak. Sluit hy hom in, dan sou hy baie Engelse, wat alreeds deur die Engelse pers die skrik op die lyf gejaag is, vervreem, en dit wou Botha nie graag doen nie. As generaal Botha vir Hertzog sou verbygaan, sou hy die steun van die Vrystaat verloor.[32)]

---

31. Thompson, a.w., p. 455; Laurence, a.w., pp. 317-318; Garson, a.w., p. 25.
32. Van der Merwe, a.w., pp. 243-244; Sarah G. Millin, Generaal Smuts, I, p. 271; L.E. Neame: General Hertzog, p. 81.

Botha het dit aan Smuts en F.S. Malan oorgelaat om Hertzog te pols en te probeer oorreed om 'n pos op die regbank te aanvaar, waarvoor hy egter hartlik be= dank het.[33] Hertzog wou sy plek naas Botha inneem ter wille van die belange van sy volk en die land.[34] In al die tyd totdat die kabinet aangekondig is, het Botha self nie 'n woord met Hertzog gepraat nie.[35]

Na vertoë deur Moor om groter verteenwoordiging in die kabinet vir Natal het generaal Botha toegegee en om nie iemand wat alreeds genooi is uit te sluit nie, het hy 'n oplossing gevind deur elf ministers (die grondwet het voorsiening gemaak vir tien), een waarvan sonder portefeulje, te benoem.[36] Op Uniedag is die kabinet bekend gemaak:

Louis Botha: Eersteminister en Minister van Landbou (Tvl.);
J.W. Sauer: Minister van Spoorweë en Hawens (K.P.);
J.C. Smuts: Minister van Binnelandse Sake, Mynwese en van Verdediging (Tvl.);
J.B.M. Hertzog: Minister van Justisie (O.V.S.);
F.S. Malan: Minister van Onderwys (K.P.);
H.C. Hull: Minister van Finansies (Tvl.);
A. Fischer: Minister van Lande (O.V.S.);

---

33. Thompson, a.w., p. 457, Neame, a.w., pp. 82-83.
34. Neame, a.w., p. 84.
35. Hertzog-versameling, A. 32 Korrespondensie 1902-1915, Lêer nr. 35.
36. Garson, a.w., p. 25; Thompson, a.w., p. 457.

H. Burton: Minister van Naturellesake (K.P.);
F.R. Moor: Minister van Handel en Nywerheid (N.);
D.P. de V. Graaff; Minister van Publieke Werke (K.P.) en
C.O'G. Gubbins: Minster sonder portefeulje (N.).

Generaal Botha het, behalwe dat hy Hertzog teensinnig ingesluit het,[37] probeer om die grootste mate van te= vredenheid te kry. Natal is goed behandel met twee verteenwoordigers, die twee Vrystaatse leiers was daar, Transvaal se onmisbare tweemanskap is aangevul tot drie lede met die insluiting van die Engelssprekende Hull en die Kaapprovinsie, die ou moederkolonie, het die meeste verteenwoordigers, naamlik vier, gehad. Botha kon ook voel dat hy reg laat geskied het aan die Engelse deur die insluiting van vier Engelssprekendes.

Waar Botha voor sy benoeming as eersteminister groot lof en steun van die Engelse pers ontvang het, is hy nou heftig gekritiseer en as 'n swakkeling voorgestel wat moes swig voor rassehaters en ekstremiste, sodat De Afrikaner moes opmerk:[38] "Toe Botha as eerste minister aangestel is, was dit hallelujas. Na sy kabinetsaan= kondiging is dit "Kruis hem".

---

37. Hertzog-versameling, A32 Korrespondensie 1902-1915, lêer nr. 25.
38. De Afrikaner, 9.6.10.

Die grootste beswaar was veral teen die insluiting van Hertzog en in 'n minder mate van Fischer in die kabinet.[39] Die Natal Witness is baie kras in sy kritiek: "by the inclusion of two of the worst reactionaries of race fanatics in South Africa". Die Star kla ook dat Botha gekapituleer het voor die Vrystaatse "racialists".[40]

Daar was by party koerante nie veel waardering vir die feit dat generaal Botha vier Engelssprekendes in die kabinet ingesluit het nie.[41] In sy hoofartikel van 2 Junie 1910 skryf die Natal Witness onder andere: "It is a Boer cabinet from top to bottom, and its policy will be Boer policy and its ideals will be Boer ideals. ... we bitterly regret ... that ever Englishmen were fools enough to resort to arms ..." Die Natalse twee lede moes ook veel kritiek verduur.[42] "They are both regarded by common consent from one end of South Africa to the other as the feeblest elements in the cabinet, and they will prove to be political nonentities, whose influence, so far as concerns any hope of Britishing

---

39. Natal Witness, 1.6.10; Natal Mercury, 1.6.10; Diamond Fields Advertiser, 1.6.10; Cape Times, 31.5.10.
40. The Star, 31.5.10.
41. Natal Witness, 1.6.10, 2.6.10, 9.6.10; Natal Mercury, 1.6.10.
42. Natal Mercury, 1.6.10; Natal Witness 1 en 9.6.10, E.P. Herald, 1.6.10.

the Government, will he simply nil", aldus die Natal Witness van 9 Junie 1910.

Die Rand Daily Mail het in 'n hoofartikel 'n besadigde en bemoedigende waardering oor die lede van die kabi= net geskrywe. Dit doen 'n beroep dat "racial strife" uitgeroei moet word. Die kabinetslede is sodanig dat hulle vertroue inboesem. In geheel kan die buite= wêreld met vertroue uitsien na die Unie.[43)]

(c) Ander hoë amptenare

Die name van regters, administrateurs en ander hoogge= plaaste amptenare is ook op Uniedag bekend gemaak.[44)] Elke provinsie moes ook sy agt senatore kies voor 31 Mei. Die name van die gekose senatore is ook op Unie= dag gepubliseer.[45)] Hulle was almal van die regerende partye, behalwe Fuller en Powell, Lance en Tucker, Byron en Fraser[46)] wat almal Unioniste en Whiteside wat 'n Arbeider was. Ten opsigte van die Transvaalse senatore noem Spender dat Botha hulle sorgvuldig uit= gesoek het, 'n regte "Best men Chamber".[47)]

---

43. Rand Daily Mail, 1.6.10.
44. Thompson, a.w., p. 459. Die name van die regters, administrateurs en senatore word in bylae E verstrek.
45. Fraser-versameling
46. Fraser, a.w., p. 359; Fraser-versameling, Florrie - Fraser, 2.3.10. Daarvolgens was die kandidate van die "Constitutionals" vir 2 senaatsetels: Browne, Byron, C.R. Botha, Barlow, Ehrlich en Fraser.

In die Oostelike Provinsie was daar teleurstelling omdat daar net een verteenwoordiger vir hulle belange onder die suksesvolle kandidate was.[48] Griekwaland-Wes sou ook graag minstens een senator verkies wou gehad het.[49]

Met bogenoemde benoemings is die Unie se uitvoerende en regterlike masjinerie in werking gestel. 'n Parlement was daar egter nog nie. Alhoewel die datum van die verkiesing nog nie vasgestel was nie, het belangstelling toegeneem, veral nadat die afbakening van kiesafdelings bekend gemaak is. Nou was die vraag wanneer die ver= kiesings sou plaasvind en wie as kandidate genomineer sou word.

---

48. F.S. Malan-versameling, Malan - Fischer, 11.4.10. Die afskeidingsbeweging, sien p. 175.

49. Diamond Fields Advertiser, 12.4.10.

# HOOFSTUK V

## VERKIESINGSVELDTOG (1) : DIE EERSTE SKOTE KLAP

### 1. Die Pers

Die bekendmaking van die Afbakeningskommissie se ver= slag op Uniedag en die verdere amptelike voorbereiding het van die verkiesing praktiese politiek gemaak. Kan= didate kon nou na vore tree, beleidsverklaringe kon gedoen word, die vraagstukke kon bespreek word, propa= ganda en publisiteit kon aangewend word om kandidate en partye se kanse te verbeter, of te verswak.! In al die aangeleenthede sou die pers as die belangrikste en omtrent enigste kommunikasiemiddel 'n belangrike rol speel.

Die waarde van goedgesinde koerante was vir al die partye belangrik. Generaal Botha het veral die behoefte in Transvaal aan 'n sterk Engelse dagblad vir sy party as teenvoeter vir die opposisiekoerante sterk aange= voel.[1)] Alhoewel hy nie daarin kon slaag om 'n Engels= talige mondstuk vir sy party in Transvaal te bekom nie, het hy en generaal Smuts reeds in April 1909 al daarin geslaag om 'n beherende aandeel in die Kaapse koerant

---

1. Steyn-versameling, Botha aan Steyn, twee briewe van Bad Kissingen, een S.d. en die ander, 31.8.09.

The South African News, wat die mondstuk van die Suid-Afrikaanse Party was, te bekom.[2] Die koerant het in 1910 die aansprake van Botha as eersteminister bo dié van Merriman gesteun en dit het gelei tot die bedanking van die redakteur op 31 Mei 1910.[3]

Behalwe in Natal, was daar net een ander Engelstalige koerant wat van provinsiale status was, wat die Regering se beleid in 1910 ondersteun het, naamlik The Friend wat in Bloemfontein gepubliseer is en wat van 1906 af die mondstuk van die Orangia-Unie was.[4] Die Regering het darem in elke provinsie 'n Afrikaanstalige koerant gehad op wie se steun hy kon reken. Dit was veral die geval met De Volkstem (Pretoria) en Ons Land (Kaapstad) wat groter sirkulasie gehad het as De Vriend des Volks (Bloem=fontein) en De Afrikaner (Pietermaritzburg).

De Volksstem[5] het vanaf 1889 onder die bekwame redakteur=skap van dr. F.V. Engelenburg gestaan[6] en het in 1907 die orgaan van Het Volk geword.[7] De Zuid Afrikaan wat die

---

2. Thompson, a.w., pp. 453-454; Hancock & Van der Poel II, J.W. Sauer - Smuts, 3.3.09, p. 547; Centlivres - Smuts, 8.4.09, p. 562 en 12.5.09, p. 567; Merriman. a.w., voetnota op p. 193.
3. Merriman, a.w., brief van bedanking van Philipson - Stow, 13.5.10, p. 192.
4. A.H. Marais, a.w., p. 20.
5. Spelling in 1909 verander na Volkstem.
6. T.E.G. Cutten: A History of the Press in South Africa, Cape Town, 1935, p. 55.
7. P.J. Nienaber: 'n Beknopte Geskiedenis van die Hollands=Afrikaanse drukpers in Suid-Afrika, p. 101.

draer was van die Bondsgedagte[8] het in 1894 verenig met Ons Land. F.S. Malan was die eerste redakteur van die nuwe koerant (1895 tot 1908) en is opgevolg deur J.P.L. Volsteedt[9], wat na Uniewording vir generaal Botha gesteun het.[10] De Afrikaner en De Vriend des Volks was onderskeidelik die mondstukke van die Natalse Boerekongres, later die Natalse Volksvereniging en die Orangia-Unie.

Die Unioniste Party kon slegs op die steun van Engels=talige koerante staatmaak, veral die Argus-groep,[11] wat deur die bydrae van die Central News Agency[12] grootliks uitgebou is.[13] The Cape Argus het op aan=drang van dr. Jameson vir G.A. Lawrence Green vanaf 1 Junie 1910 as redakteur gehad aan wie volle admini=stratiewe en redaksionele vryheid toegestaan is. Hy het sy gewig by die Unioniste ingegooi.[14] Ander

---

8. Ibid., p. 27.
9. Ibid., p. 28.
10. G.J. Pienaar: Suid-Afrikaanse Persgeskiedenis, p. 42.
11. Die Argus Printing en Publishing Co. Ltd. is in 1889 in Johannesburg gestig.
12. In 1905 gestig.
13. E. Rosenthal: Todays News Today, The Story of the Argus Company, pp. 42-43.
14. Ibid., pp. 164-165.

koerante van die Argus-groep was The Star in Johannesburg en The Bloemfontein Post. Laasgenoemde koerant was die skepper van die woord "Hertzogism",[15] wat in die verkiesing so holrug gery is.

Die Pretoria News wat in 1898 deur Leo Weinthal begin is,[16] se grootste aandeelhouer was lord Milner (die publiek was nie bewus hiervan nie.)[17] Nadat Vere Stent in 1906 redakteur geword het, het die blad baie pro-Brits geword en nie nagelaat om die Botha-regering te kritiseer nie.[18]

Aangesien The Diamond Fields Advertiser wat in Kimberley uitgegee is, en anti-Rhodes was, in 1898 vir die belange van die Progressiewe Party aangekoop is, moes G.A. Lawrence Green, die redakteur vanaf daardie tyd, die beleid verander.[19] Green het so 'n sukses van die

---

15. A.H. Marais, p. 16.
16. Cutten, a.w., p. 65
17. Rosenthal, a.w., p. 241.
18. Ibid., p. 241.
19. Rosenthal, a.w., p. 163; Cutten, a.w., p. 33 beweer dat die koerant een van die Argus-groep geword het in 1899.

koerant gemaak dat hy gevra is om die redakteurskap van die spartelende Cape Argus in 1910 oor te neem.[20]

Alhoewel die Cape Times in mededinging was met The Cape Argus as oggend- en middagblad onderskeidelik het albei in 1910 die belange van die Unioniste op die hart gedra. Die Cape Times was ook die eienaars van The Transvaal Leader wat in Johannesburg uitgegee is.[21] Laasgenoemde koerant was aanhoudend en vurig anti-Hertzog en het die heer Dewdney Drew, wat tot in 1909 nog in die Vrystaatse Parlement as lid van die opposisie 'n rol gespeel het, as redakteur gehad in 1910.[22]

Die Rand Daily Mail Ltd., wat probeer het om 'n onaf=hanklike beleid te handhaaf en reg te laat geskied aan al die seksies van die bevolking,[23] is in 1905 gestig met Edgar Wallace as redakteur. Die koerant het in 1910 groot simpatie gehad met die Arbeiders en alhoewel die Regering somtyds aangeval is, was die koerant egter baie skerp teenoor sy mede-oggendkoerant The Transvaal Leader en die middagblad The Star. Laasgenoemde twee koerante is deur die Rand Daily Mail geassosieer met Corner House en die mynmagnate.

---

20. Rosenthal, a.w., p. 163.
21. Cutten, a.w., p. 59; Rosenthal, a.w., p. 151.
22. Trollip, a.w., p. 96.
23. H.A. Chilvers: Out of the Crucible, p. 250.

In Pretoria is in 1910 'n Engelse oggendblad, The Transvaal Chronicle, uitgegee wat homself geadverteer het as "an independent paper - largest circulation in Pretoria".

Die koerante in Natal was in 1910 nogal 'n getroue weergawe van die politieke toestand daar insoverre as wat elke party, behalwe die Arbeiders, 'n mondstuk gehad het.

Die Natal Witness van Pietermaritzburg, die oudste koerant in Natal en die koerant met die tweede langste ononderbroke geskiedenis in die land,[24] het daarop aanspraak gemaak dat "its views are liberal without respect of persons or parties."[25] Die koerant, wat 'n onafhanklike pad wou volg het gevolglik voor die stigting van die Natal Party en gedurende die ver= kiesingsveldtog gepleit vir 'n rigting wat hom nie sou verbind aan Botha of Jameson nie. Vandaar hulle steun aan die Natal Party. Die Times of Natal wat ook in Pietermaritzburg uitgegee is, was van vroeg af al 'n ondersteuner van die regering en het ook in 1910 lojaal aan Moor en die Regering gebly. The Natal Advertiser, waarby ingelyf is The Natal Daily News, die enigste middagblad in Durban, was verbind aan die

---

24. Pienaar, a.w., p. 45.
25. Cutten, a.w., p. 44.

Argus-groep.[26] In Durban het ook nog The Natal Mercury verskyn, 'n invloedryke oggendblad wat die Unioniste se saak bepleit het.[27]

Melding is reeds gemaak van De Afrikaner wat twee keer weekliks in Pietermaritzburg verskyn het.

Die Kleurlinge se amptelike orgaan was die A.P.O. wat tweeweekliks in Kaapstad in Engels gepubliseer is deur M.J. Fredericks. Die koerant het slegs die belange van die Kleurlinge en Naturelle gedien en het byna uitsluitlik die Unioniste in 1910 gesteun omdat dit die party was wat die meeste simpatie met die Kleurling=bevolking gehad het.

In teenstelling met die A.P.O. het die Bantoekoerant Imvo Zabantsundu (Native Opinion of South Africa) wat weekliks in Engels en Khosa op King Williams Town ver=skyn het, sy stemgeregtigde lesers aangeraai om nie vir die Unioniste-kandidate te stem nie, maar eerder hulle steun aan Nasionale kandidate te gee[28] hoofsaaklik omdat die Nasionaliste eerlik was teenoor die Bantoes

---

26. Ibid., p. 44.
27. Ibid., p. 44.
28. Hoofartikels van dié koerant, 2, 9, 16 en 23.8.10.

en nie gehuigel het soos die Unioniste nie, wat voorge=gee het dat hulle die Bantoes se vriende is en hulle tog beveg het.[29)]

Van die twee-en-twintig daaglikse koerante kon generaal Botha en sy partygenote slegs reken op die steun van drie koerante, naamlik The South African News, Times of Natal en The Friend, terwyl daar geen daaglikse Afri=kaanse koerant was nie. Ons Land het drie keer per week verskyn, terwyl De Volkstem en De Vriend des Volks halfweekliks verkyn het op Dinsdae en Vrydae en De Afrikaner op Maandae en Donderdae.

Dit was opvallend hoeveel koerante in die Oostelike Provinsie verskyn het.[30)] Nie minder as twintig weeklikse koerante is in die streek uitgegee nie, teenoor sewentien in die res van die Kaapprovinsie, dertien in Transvaal en slegs vier in Natal en drie in die Vrystaat. Dat die Engelssprekendes baie meer koerantbewus was as die Afrikaanssprekendes spreek nie alleen uit die aantal daaglikse koerante nie, maar ook daaruit dat baie van

---

29. Hoofartikels, 23.8.10 en 6.9.10.
30. Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek, Kaapstad, Union List of South African Newspapers.

die Engelse koerante verskillende uitgawes op dieselfde dag en sommige nog 'n weeklikse uitgawe ook laat ver= skyn het.

## 2. Beleidsverklarings

### (a) Generaal Botha se manifes

Nadat generaal Botha op 31 Mei 1910 sy kabinet bekend gemaak het, het die opposisiepers, wat hom sedert die begin van die jaar aangeprys en bo mnr. Merriman ver= kies het, meteen met hewige kritiek gekom. Dit was veral teen die samestelling van sy kabinet gemik, maar hy is ook hegtig aangeval omdat sy party nog geen program van beginsels bekend gemaak het nie. Op dié tydstip het sowel die Unioniste asook die Arbeiders alreeds hul programme van beginsels uitgereik. Die publiek het nou gewag op die bekendmaking van die regeringspartye se program van beginsels en beleid.

Die onvermoë van generaal Botha en die regeringspartye in een organisasie saam te snoer het hom tot 'n groot mate in 'n verleentheid gestel. Die Het Volk het pragtig ingeval agter generaal Botha, maar die Afrikaner= bond en die Orangia-unie, en tot 'n groot mate ook die Natalse Volksvereniging, het verkies om onder hulle eie vaandel en partyorganisasie die verkiesingstryd te voer. Alhoewel generaal Botha kon reken op die steun van die genoemde partye was daar geen gesamentlike beleidsver=

klaring nie. Generaal Botha kon wel sy manifes[31] wat deur sy kollegas in beginsel goedgekeur is, as 'n gesamentlike beleidsverklaring beskou, maar dit sou tog nie die publiek heeltemal bevredig nie. Generaal Botha het egter baie waarde aan die manifes geheg en dit gebruik om sy verkiesingsveldtog op 14 Junie 1910 in die Operahuis in Pretoria te open.[32]

Volgens Botha maak die omstandighede in die land 'n harmoniese samewerking tussen die Blanke rasse nood=saaklik en daarom is die hoofdoel van die Suid-Afri=kaanse Nasionale Party om

(i) al sy kragte in te span om van Unie 'n sukses te maak en om die Uniegees oor die hele Suid-Afrika en alle dele van die bevolking aan te wakker en

(ii) om die politieke en nasionale vraagstukke in 'n gesonde Suid-Afrikaanse gees op te los. Om die doeleindes te bereik word die volgende beginsels voorgehou:

---

31. The Star, 15.6.10. Opgeneem as bylae C.
32. Dr. D.W. Kruger het dit foutief as hy in die voet=noot op p. 48 van South African Parties and Policies beweer dat die toespraak op 2 Junie gehou en in The Star van 3 Junie gepubliseer is. Die toespraak is gehou op 14.6.10 en gepubliseer in The Star van 15.6.10 op pp. 9 en 10. Dit is in verskeie ander koerante gerapporteer onder andere die Cape Times, 15.6.10; Cape Argus, 15.6.10; Natal Mercury, 16.6.10 en Natal Witness, 18.6.10.

Gelyke en regverdige behandeling van al die dele en bevolkings van die land; die bevordering van Europese en beëindiging van Asiatiese immigrasie; die uit= breiding van die onderwys en lotsverbetering van die arbeider; die instelling van 'n bevredigende nasionale verdedigingstelsel vir Suid-Afrika as deel van die Britse Ryk; doelmatige organisasie van die staatsdepartemente en 'n doeltreffende ekonomiese politiek, mynontwikke= ling en bevordering van die landbou.

Die manifes van generaal Botha het die indruk geskep dat dit so opgestel is om die minste aanstoot te gee en dat dit aanvaarbaar moes wees vir die algemene pu= bliek. Dit was bondig, algemeen en vaag en kon met reg bestempel word as bestaande uit "vague and amiable platitudes".[33] Dit het die spotprenttekenaar Boonzaaier van The Cape geïnspireer om 'n spotprent te teken waar generaal Botha voorgestel word as 'n verpleegster wat die baba ("South Africa") voer met 'n bottel waarop ge= skrywe is "Platitudes".[34]

In 'n bespreking van die program sê The Star dat die hoofoogmerk van generaal Botha die gemeenskaplike oog=

---

33. The Star, 16.6.10; Rand Daily Mail, 23.7.10.
34. The Cape, 3.6.10.

merk van al die partye is.[35] Die koerant kritiseer die Nasionale Party dat dit nie op 'n vaste grondslag is nie en uit verskillende provinsiale partye bestaan: "The party preceded the programme. The men came before the measures". The Star het dikwels daarop ge= wys dat generaal Botha geen party of 'n beleid het nie, maar slegs sy manifes. Hulle voer aan dat 'n party nog gestig en 'n beleid geformuleer moet word, wat anders kon wees as die wat onder generaal Botha se naam uitgegee is. The Star se opskrif na bekendmaking van die manifes is "Words, idle words."[36] Die Natal Mercury se hoofartikel "Deeds not words" spreek die mening uit dat die toespraak en manifes van generaal Botha nie ooreenstem met sy dade nie, veral nie soos weerspieël in die samestelling van sy kabinet nie.[37]

(b) Die program van die Unioniste

Die program van die Unioniste soos aanvaar tydens die Bloemfonteinse konferensie van 24 Mei 1910[38] het merkwaardig ooreengestem met dié van generaal Botha. Selfs die doeleindes soos deur dr. Jameson gestel[39]

---

35. The Star, 6.6.10.
36. The Star, 15.6.10.
37. Natal Mercury, 16.6.10.
38. Bylae B.
39. The Star, 25.5.10.

naamlik "equality of opportunity as one ideal, the rapid development of the country in the common interest to be the other" was in ooreenstemming. Die beginsels was kortliks die volgende: Om Suid-Afrika sterk te maak binne sy eie grense en as deel van die Britse Ryk, 'n bekwame en onpartydige publieke diens te verseker, die maatskaplike toestand van die volk te verbeter, immigrasie te bevorder, produksie te vermeerder en om industriële ontwikkeling aan te moedig.

Dié program is meer breedvoerig beskrywe as die van generaal Botha en het wat arbeidsaangeleenthede aanbe= tref selfs beter daar uitgesien as die van die Arbeiders self. Die Unioniste was glad nie gelukkig oor die be= staan van die Arbeidersparty nie. Jameson het nie die nodigheid van 'n Arbeidersparty in 'n demokratiese staat ingesien nie, veral nie nadat sy party genoegsaam voor= siening gemaak het vir arbeiders in hulle beleid en program nie. Hy het later ook verklaar dat hulle op hulle stigtingsvergadering die meeste tyd aan arbeids= aangeleenthede bestee het.[40)]

Omdat haas geen opposisiekoerant in die tyd verskyn het sonder berigte of kritiek oor die Hertzogonderwyswet nie, kon verwag word dat dié aangeleentheid ook in die

---

40. The Star, 4.8.10.

program in een of ander vorm ingesluit sou gewees het. Daar was egter niks daaroor nie. Inteendeel was die Unioniste die enigste party wat uitbreiding van die Provinsiale Rade se magte verlang het! Dat dié saak in hul beleid opgeneem is, was werklik vreemd omdat hulle die party was wat die meeste teen die Vrystaatse Onderwyswet, 'n provinsiale aangeleentheid, te velde getrek het.

Alhoewel die program meer besonderhede bevat het as dié van generaal Botha wat sowat drie weke later aan die publiek bekend gestel is, was dit nogtans vir The Friend "a programme of platitudes",[41) 'n betiteling wat drie weke later eintlik geboemerang het.

Die meeste koerante het gewys op die geringe verskille tussen generaal Botha se manifes en dié van die Unioniste Party. Die Cape Times wys op die ooreenkoms tussen Botha se manifes en Fitzpatrick se "Fresh Start" en dr. Jameson se program. Laasgenoemde is egter net "more precise, more specific and more detailed."[42) Die Natal Mercury is in 'n hoofartikel van oordeel dat: "The truth is that the nearer the programmes of Gene= ral Botha and Dr. Jameson resemble each other, the

---

41. The Friend, hoofartikel, 23.5.10.
42. Natal Witness, 18.6.10, met aanhaling uit Cape Times.

more inevitably are we driven to the conclusion that the only dividing line is die racial line which we had hoped would be obliterated."[43]

(c) Ooreenkomste en verskille

Die ooreenkomste was nie net groot by die Nasionaliste en Unioniste se manifeste nie, maar ook by dié van die Natal Party[44] en selfs by dié van die Arbeiders.[45]

Die ooreenkoms in al die beleidsverklarings was veral ten opsigte van die volgende aangeleenthede:

(i) 'n Ontwikkelende onderwysbeleid, die instelling van 'n nasionale verdedigingsmag en Suid-Afrika se verpligting teenoor die Britse Ryk, die aan= moediging van Europese immigrasie en voorkoming van Asiatiese immigrasie.

(ii) 'n Verligte beleid teenoor Naturelle.

(iii) Die verbetering van die posisie en diensvoor= waardes van arbeiders.

---

43. Natal Mercury, 17.6.10, onderstreping deur skrywer.
44. Bylae D.
45. Bylae A.

(iv) Die ontwikkeling van die mynwese, die spoorweë, die landbou en die doeltreffende organisasie van die staatsdiens.

In hoofsaak het die partye dus min of meer saamgestem maar daar was ook verskille ten opsigte van sekere aan= geleenthede:

(i) Die Unioniste is die enigste party wat uitbrei= ding van die Provinsiale Rade se magte verlang het, soos reeds aangetoon. Hulle wou ook nog hul "Imperial obligations by largely increased support of the Imperial Navy" nakom.

(ii) Die Unioniste en die Natal Party was teen die verkoop van sterk drank aan Naturelle.

(iii) Die Arbeiders was die enigste party wat die in= stelling van vrouestemreg bepleit het. Hulle het ook die instelling van 'n staatsbank ver= lang en die stigting van 'n diamantslyperyin= dustrie en belasting op die uitvoer van onge= slypte diamante. Hulle was ten gunste van 'n Parlement wat vir 'n tydperk van drie jaar ver= kies word. Wat die onderwys aanbetref verlang die Arbeiders ook nog gratis mediese inspeksie en gratis behandeling van skoolkinders en gratis universiteitsopleiding vir elke student wat die voorgeskrewe eksamens slaag.

(iv) Die Naturellebeleid van die Arbeiders het ook taamlike verskille met die van die ander partye ingehou. Dit het neergekom op die ontmoediging van die beweging van Naturelle na die Blanke sentrums en die aanmoediging van die ontwikke= ling van die Naturelle in geskikte eie gebiede. Verder bepleit hulle aparte verteenwoordiging vir Naturelle in 'n aparte Adviserende Raad en geen verdere uitbreiding van parlementêre stem= reg vir hulle nie. Hulle enigste spreekbuis, die Daily Mail, het voortdurend hierop aange= dring. Alhoewel dit eintlik teen die Unioniste gemik was, het hulle sommer so terloops ook vir die Nasionaliste 'n klap in die gesig gegee deur 'n spotprent te plaas wat voorgestel het hoe generaal Smuts die Sjinees by die voordeur uit= skop, terwyl Bantoes by die agterdeur instap.[46)]

(v) Die A.P.O. het 'n groot verskil gesien in die Naturellebeleid van generaal Botha en die Unio= niste.[47)] Dit berus egter meer op die geskiede= nis en gesindhede van vroeër as die bewoording in die onderskeie manifeste.

---

46. Grobler, a.w., verwys op p. 156 na bogenoemde spotprente in die Rand Daily Mail, 16.7.10.
47. A.P.O., 2.7.10, 16.7.10 en 30.7.10.

(d) Die Arbeiders

Die Arbeiders se taktiek was om gedurig vir die regte van die werker in die bresse te tree. Hulle politieke platform vir die verkiesing was:[48)]

"The Party stands for persons, not property; for homes, not dividends; for a free nation, not for a money=making machine". Hulle het hulle in 'n groot mate daarvan weerhou om aanvalle op die Nasionaliste te maak, maar eerder hul swaargeweervuur op die Unioniste gerig wat as "Magnates", "Capitalists" en met ander soortgelyke benamings gebrandmerk is. In verkiesings=plakkate het hulle verkondig: "Every vote for a Unionst is a vote for Director's Domination!" Ander verdienstes volgens die Mail is dat die party "absolute=ly non-racial" is en dat "platitudes" in die program ontbreek.

The Star het die pleidooie ten gunste van die werkers as propaganda ten gunste van die sosialisme bestempel en het beweer dat die Arbeidersparty se beleid beoor=deel moet word nie oor wat hulle in hulle manifes noem nie, maar oor dit wat hulle verswyg.[49)]

48. Rand Daily Mail, hoofartikel, 19.7.10.
49. The Star, 19.7.10.

Die Pretoria News het in 'n hoofartikel "Labour and the elections"[50] daarop gewys dat Whiteside 'n politieke avonturier van Australië is. Die Het Volk het hom 'n senator gemaak om daardeur 'n paar stemme van sy volgelinge te wen. Die Arbeiders verteenwoordig vol= gens die koerant nie werklik die handearbeiders nie en is impotent. Omdat die Het Volk nie simpatie het met die industriële bevolking en nie hulle taal praat nie is die Unioniste die aangewese party: "The Unionist, too, sympathises with the industrial population in the matter of language and will resist to the utmost the tyranny of Hertzogism".

Die Kleurlinge het die Arbeiders as verraaiers beskou.[51] Volgens hulle koerant is dit die party wat daarvoor verantwoordelik was dat die opgeleide ambagsman uit die ambag verdruk is en dit was ook hulle wat die "white labour"-leer verkondig het.

(e) Die Onafhanklikes

In Natal het die lede van die Natal Party hulle as On= afhanklikes laat nomineer en was dit hulle beleid om

---

50. The Pretoria News, 6.7.10.
51. A.P.O., 2.7.10.

hulle nie te verbind of aan generaal Botha óf aan dr. Jameson nie.

Buite Natal was W.P. Schreiner die bekwaamste propagan=dis vir die Onafhanklikes.[52] Hyself het hom nie laat nomineer nie, maar het in die bresse getree vir onaf=hanklike kandidate.[53] Hy het aan die kiesers van een van die Kaapse kiesafdelings gesê dat die party-kandi=date die dienskneg van die party is, terwyl die onaf=hanklike kandidaat die dienskneg van die kiesers is.[54] Die Eastern Province Herald het in 'n hoofartikel vir Schreiner aangeval omdat hy uit die pas is en nie wou saamwerk nie.[55]

Ten spyte van die groot agting wat die Kleurlinge vir mnr. Schreiner gehad het, kon hulle nie genoeg rede vind om die onafhanklike kandidate in die Kaap te steun nie. Hulle het weer die gewone maatstaf van wat vroeër vir die Kleurlinge gedoen is toegepas en gevind dat die Onafhanklikes se bydraes nie opgeweeg kon word teen dié van die Unioniste nie.[56]

---

52. Ross, a.w., p. 116.
53. Cape Times, 9.8.10.
54. Cape Times, 13.8.10; Transvaal Leader, 5.9.10.
55. E.P. Herald, 13.8.10.
56. A.P.O., 13.8.10, 27.8.10 en 10.9.10.

Dit was dus duidelik dat alhoewel die regering saam= gestel was uit die regerende partye in die verskillende provinsies, wat op sigself al 'n oorwinning in 'n ver= kiesing in vooruitsig gestel het, kon die Nasionaliste nie gerus wees nie, veral as gevolg van die sterker aanhang wat die Unioniste van hulle goedgesinde koerante kon verwag het.

# HOOFSTUK VI

## VERKIESINGSVELDTOG (2) : KANDIDATE EN NOMINASIES

### 1. Nominasie- en verkiesingsdatums

Na 31 Mei 1910 het die publiek op die nuwe eerste=minister, generaal Louis Botha gewag om die verkiesings=veldtog te open en die nominasie- en verkiesingsdatums aan te kondig. Alhoewel generaal Botha sy verkiesings=veldtog al op 14 Junie 1910 in Pretoria geopen het,[1] moes die publiek egter nog meer as 'n maand wag voordat die datum van die verkiesing bekend geword het. Reuter het bekend gemaak dat 19 Augustus nominasiedag en 15 September verkiesingsdag sou wees.[2] Die Staatskoerant van 5 Augustus 1910 het die offisiële aankondiging van die datums bevat.

Volgens die grondwet sou die kieswette wat in swang was in 'n kolonie ook geldig wees na 31 Mei totdat die Unie-Parlement dit sou verander. Die nominasies in die provinsies sou dus volgens elke provinsie se eie prosedure afgehandel word. Daarvolgens sou die poli=tieke partye hulle eie benoemings voor 19 Augustus moes hou sodat op genoemde datum die offisiële be=noemings of nominasies kon plaasvind. So het die

---

1. Sien p. 108.
2. Ons Land, 26.7.10.

"Centraal Bestuur" van die Orangia-Unie byvoorbeeld aanbeveel dat die voorstellingsvergaderings tussen die datums 1 en 10 Augustus gehou word.[3] Die Natalse verkiesingsprosedure was sodanig dat rekwisisies vir kandidate veertien dae voor verkiesingsdag by die magistrate ingehandig moes wees. Die nominasiedag vir Natal is vasgestel op 31 Augustus.[4]

In die Staatskoerant is ook die nodige aankondigings ge= doen omtrent kieswyke, kiesdistrikte, stemplekke en kiesbeamptes.[5]

2. <u>Wie gaan genomineer word?</u>

Lank voor die Afbakeningskommissie se verslag gepubli= seer is, was baie persone al genader om hulle verkies= baar te stel. Dit het geskied, soos die gebruik was in die verlede, by wyse van "rekwisisies". So byvoor= beeld is Abraham Fischer al gedurende Januarie 1910 genader[6] en het W.P. Schreiner ook al in Januarie ge=

---

3. De Vriend des Volks, 24.7.10.
4. Staatskoerant nr. 23, 16.8.10.
5. Die Staatskoerant, 24 Junie, 29 Julie, 2, 9, 16 en 30 Augustus 1910, pp. 208, 607, 653, 808, 873 en 1040 respektiewelik.
6. Fischer-versameling: 'n Groot aantal rekwisisies is gedurende Januarie, Februarie, Maart en later ontvang.

antwoord dat hy nie beskikbaar is nie.[7] Op 4 Mei is berig dat een-en-tagtig persone 'n rekwisisie geteken het ten gunste van kolonel Creswell om hom verkiesbaar te stel as kandidaat vir Bezuidenhout-distrik. Creswell het daarop geantwoord dat dit voorbarig was omdat die kiesafdeling nog nie bekend was nie.[8]

Persone soos Lionel Phillips en Drummond Chaplin het vooraf van hul mynmaatskappye verlof gekry om aktief aan die politiek deel te neem omdat hulle dit as van belang vir die mynbedryf beskou het.[9] Chaplin het teen die middel van 1909 al besluit om as kandidaat vir Germiston te staan en het toe al begin met die nodige voorbereidingswerk. Lionel Phillips het 'n oog gehad op die kiesafdeling Yeoville, alhoewel daar

---

7. Schreiner-versameling, 1600. Hy is gevra om hom verkiesbaar te stel in Queenstown.
8. The Star, 4.5.10. Dit het later geblyk dat daar nie 'n kiesafdeling met so 'n naam was nie. Creswell het hom in Jeppe, wat min of meer oreengestem het met die vroeëre Bezuiden=hout-distrik laat nomineer.
9. B.K. Long: In Smuts's Camp, p. 147; Sir Lionel Phillips: Some Reminiscences, p. 203.

al in Desember 1910 gerugte was dat generaal Smuts teen J.W. Quinn in dié kiesafdeling sou veg.[10)]

Lank voor die nominasiedag het dit al bekend geword dat generaals Botha en Smuts stedelike kiesafdelings in Pretoria sou beveg, waarskynlik as gevolg van die kritiek wat hulle moes verduur omdat hulle sedert 1907 plattelandse kiesafdelings verteenwoordig het.[11)]

The Star het, aldus die Mail, "with that political ingenuity for which it is notorious" 'n rede gevind waarom generaal Botha nie Pretoria-Oos behoort te bestry nie en wel die feit dat daar baie staatsampte=nare woonagtig was in daardie kiesafdeling.[12)] Volgens die Mail behoort generaal Botha dan ook nie in Stander=ton, of Wyndham in Turffontein, of Farrar in George=town genomineer te word nie.

Generaal Botha het hom laat ompraat om die veilige Standertonsetel prys te gee omdat hy as die beste opponent vir die gedugte Fitzpatrick beskou is.[13)]

---

10. Hancock en Van der Poel, II. H. Lindsay - Smuts, 14.12.09, p. 594.
11. The Friend, 1.6.10 en 14.6.10.
12. Rand Daily Mail, 10.6.10.
13. Spender, a.w., p. 22; J. Steinmeyer, Spykers met Koppe, p. 59, 4.6.10.

Sir Percy het blykbaar volgens The Star uitgesien na so 'n kragmeting[14]: "... Sir Percy will fight every inch of the ground at the election, provided he is opposed to General Botha, who has also been asked to contest the division". Later is generaal Botha baie kwalik geneem, veral deur sir Percy self, dat hy hom daar geopponeer het.[15]

De Volkstem gee 'n interessante beskrywing van die nominasie in Pretoria-Oos wat geblyk het die opwindend= ste kragmeting te wees. Tussen twee- en driehonderd kiesers het om 10h00 by die stadsaal vergader om teen= woordig te wees by die nominasie. In teenwoordigheid van 'n hele aantal vername persone het magistraat H. Rose-Innes die doel van die byeenkoms verduidelik. Die heer Hugh Crawford het daarop vir generaal Botha voorgestel as 'n geskikte persoon om Pretoria-Oos in die Unie-Volksraad te verteenwoordig. Na die applous en gejubel bedaar het, het die burgermeester mnr. J.G. van Boeschoten die nominasie gesekondeer. Op dieselfde wyse is ook sir Percy Fitzpatrick voorgestel en ge= sekondeer. Nadat die kandidate hulle vereiste geldelike

---

14. The Star, 4.6.10; Cape Times, 10.6.10; The Star, 13.6.10; The Friend, 14.6.10; The Star, 11.7.10; De Volkstem, 19.8.10.
15. The Star, 2 en 5.7.10.

verpligtinge van R100 nagekom en die agente benoem is, het die twee kandidate mekaar die hand gegee "getrouw aan het traditie van het kampgevecht."[16)]

Alhoewel daar sprake was van 'n verkiesingsooreenkoms tussen die Nasionaliste en die Arbeiders, het albei partye dit ontken. Die berigte is veral versprei nadat kolonel Creswell vir generaal Botha en ander leiers in die Cullinan-gebou in Johannesburg ontmoet het.[17)] Die offisiële nominasies sou sekerheid ver= skaf of daar wel 'n verkiesingsooreenkoms gesluit is.

In die Vrystaat het die Unioniste naarstiglik gesoek na geskikte kandidate.[18)] Soos ook in die noordelike Natal wou hulle graag Afrikaanssprekende kandidate in die veld stoot en dié was moeilik om te kry.[19)] In

16. De Volkstem, 19.8.10.
17. The Star, 1 en 5 Julie 1910.
18. Fraser-versameling: Allan Fraser - sir John Fraser, 27.7.10 en 2.8.10; C.F. Crewe - sir John Fraser, 14.7.10 en 12.8.10; C.W. van der Post - Fraser, 16.6.10 en 17.6.10; W.J. Butler - Fraser, 25.6.10; Allan Fraser - J.M. Blignaut, 26.6.10; Allan Fraser - J. Strong, 26.7.10.
19. Fraser-versameling: H.M. Meyler - Fraser, 22.6.10; Meyler - Barlow, 22.6.10; J. Crook - Fraser, 21.7.10 en 30.1.10.

die enigste stedelike kiesafdeling Bloemfontein was daar egter 'n goedbetwiste nominasiestryd tussen C.L. Botha[20] en Arthur Barlow[21] wat net-net deur Botha gewen is met 589 teenoor 580 stemme.[22] Barlow het hom op 19 Augustus in die Springskiesafdeling laat nomineer.

Die Nasionaliste het nie 'n skaarste aan aspirant-kan=didate gehad nie, veral nie op die platteland nie. Hulle het egter met 'n probleem opgesaal gesit toe van hulle aspirante in die party-nominasies in Julie en Augustus in al vier die provinsies verslaan is en tog nog nominasie wou hê. In Transvaal en die Vrystaat het die Hoofbestuur ingegryp en nie toegelaat dat Na=sionaliste teen mekaar benoem word nie. Nogtans het

---

20. C.L. Botha was 'n Bloemfonteinse advokaat wat in 1906 'n lid was van die reëlingskomitee om die Orangia-Unie gestig te kry, Marais, a.w., p. 48. Arthur Barlow vermeld in Almost in Confidence, Kaapstad, 1952 op p. 106 die volgende van Botha: C.L. Botha militêre sekretaris van generaal Piet de Wet, later Unie Volksraadlid, daarna Regter-president van die Vrystaat en nog later lid van die Ossewabrandwag.
21. A.G. Barlow het 'n mosie ingedien vir die ver=kryging van verantwoordelike bestuur in die Oranjerivierkolonie in 1906 (Marais, a.w., p. 54) In Oktober 1906 is hy gekies op die hoofbestuur van die Arbeiders om direk daarna toe te tree tot die Constitutional Party van sir John Fraser (Marais, a.w., p. 67).
22. The Bloemfontein Post, 11.7.10.

dit in Transvaal in drie kiesafdelings en die Vrystaat in een kiesafdeling gebeur dat van die teleurgestelde Nasionaliste hulle as Onafhanklikes laat nomineer het.

In die Kaapprovinsie is daar in baie kiesafdelings Nasionaliste teen mekaar genomineer. Alhoewel die "Kommissie van Toezicht" hom bemoei het met die nominasie van kandidate, het hulle dit teësinnig toegelaat dat Nasionaliste mekaar kon opponeer as daar nie kandidate van die teenparty was nie. So word berig dat in Ladysmith twee Nasionaliste naamlik Molteno en Pohl deur die opgooi van 'n munststuk besluit het watter een van hulle teen H.C. Becker, ook 'n Nasionalis, te staan sou kom. Pohl het gewen en is saam met Becker genomineer as kandidate.[23)] Dit is sterk te betwyfel of so-iets onder die strenge toesig van Onse Jan Hofmeyr sou plaasge= vind het. Die Kommissie van Toezicht het egter nie van die optrede gehou nie en die Bondslede gevra om die wettige Bondskandidate te steun.[24)]

Die party-nominasies is byna almal gedurende Juliemaand

---

23. Transvaal Leader, 31.7.10.
24. Ons Land, 25.8.10.

gehou. Die amptelike nominasie het op 19 Augustus plaasgevind, behalwe in Natal waar dit op 31 Augustus gehou is.[25)]

3. Onbestrede nominasies

Op 19 Augustus is agt-en-dertig kandidate onbestrede verkies. Hiervan was dertig Nasionaliste, sewe Unioniste en een, James Searle, 'n Onafhanklike. Hy is egter as 'n Unionis gereken deur die Unioniste sowel as die Nasionaliste.[26)] In Natal was daar slegs een onbestrede kiesafdeling, naamlik Durban-Berea, waar 'n Onafhanklike, J. Henderson, benoem is. Die Natal Party-lede het hulle laat nomineer as Onafhanklikes en die verkiesing onder daardie vaandel gevoer.

Die volgende tabel bied 'n opsomming van die onbestrede kiesafdelings en hulle party-verband.[27)]

| | NAS. | UNION. | ONAFH. | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|
| Kaapprovinsie | 11 | 7 | 1 | 19 |
| Transvaal | 11 | 0 | 0 | 11 |
| Vrystaat | 8 | 0 | 0 | 8 |
| Natal | 0 | 0 | 1 | 1 |
| | 30 | 7 | 2 | 39 |

25. Sien p. 121.
26. Cape Times, 22.8.10; Ons Land, 23.8.10.
27. 'n Lys van die name van die onbestrede verkose lede is as bylae F opgeneem.

Van die nege-en-dertig onbestrede kiesafdelings was slegs drie stedelike en die res almal plattelandse kiesafdelings. Dit het daarop gedui dat die stedelike kiesafdelings hewig betwis gaan word. Vier ministers, naamlik Fischer en Hertzog van die Vrystaat en Sauer en Graaff van die Kaapprovinsie is onbestrede verkies.[28] Die sewe onbestrede Unioniste is in twee stedelike kies= afdelings verkies naamlik Beaconsfield en Port Eliza= beth-Sentraal en vyf in die Oostelike Provinsie, wat die tuiste was van Engelssprekendes, afstammelinge van die 1820-Setlaars. Die Nasionaliste het almal platte= landse setels verkry, behalwe generaal Beyers wat in Pretoria-Suid verkies is.

Onder die onbestrede verkose kandidate in die Kaapprovinsie was daar die leier van die opposisie, dr. Jameson vir Albany, wat hom egter ook in Kaapstad-Hawe laat nomineer het en John X. Merriman. Laasgenoemde het geglo dat F.S. Malan en D.P. de V. Graaff 'n komplot teen hom smee en alles in hulle vermoë gedoen het om sy benoeming te verongeluk nadat hy geweier het om in generaal Botha se kabinet te dien.[29] Die Unioniste het hulle verheug

---

28. Jacobs, a.w., het dit foutief as hy op p. 382 be= weer dat Fischer met 'n groot meerderheid verkies is.
29. Merriman, a.w., Merriman - J. Rose-Innes, 3.6.10, p. 196.

in die onbestrede verkiesing van drie van hulle leiers=persoonlikhede in die Kaapprovinsie, naamlik dr. Jameson, dr. Smartt en Edgar Walton.[30)]

4. Die bestrede kiesafdelings

In die twee-en-tagtig kiesafdelings waar verkiesings sou plaasvind, was die aantal kandidate en hulle party=verband soos volg:

| | Setels | Nas. | Union. | Arb. | Onafh. | Sos. | TOT. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Kaapprovinsie | 32 | 40 | 16 | 2 | 10 | 2 | 70 |
| Transvaal | 25 | 16 | 21 | 12 | 8 | 1 | 58 |
| Vrystaat | 9 | 9 | 5 | 1 | 5 | 0 | 20 |
| Natal | 16 | 10 | 6 | 6 | 19 | 1 | 42 |
| | 82 | 75 | 48 | 21 | 42 | 4 | 190 |

The Star van 23 Augustus 1910 het die getal kandidate van die Unioniste in die Kaapprovinsie as drie-en-twintig aan=gegee. Hulle het dus 'n aantal Onafhanklikes as Unioniste beskou.

30. The Star, 20.8.10. Dié drie was lede van die Jameson-ministerie (1904-1908) en van die Nasionale Konvensie.

Die aantal kandidate per kiesafdeling in die verskillende betwiste kiesafdelings was soos volg:

| Kiesafdelings | | Aantal kandidate per kiesafdeling | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | TOTAAL |
| Kaapprovinsie | 32 | 27 | 4 | 1 | 0 | 0 | 70 |
| Transvaal | 25 | 19 | 4 | 2 | 0 | 0 | 58 |
| Vrystaat | 9 | 7 | 2 | 0 | 0 | 0 | 20 |
| Natal | 16 | 12 | 1 | 1 | 1 | 1 | 42 |
| TOTAAL | 82 | 65 | 11 | 4 | 1 | 1 | 190 |

(a) Kaapprovinsie

In die Kaapprovinsie het die Unioniste al die stedelike kiesafdelings beveg en ook 'n aantal op die platteland. Die Arbeiders het Kimberley en Woodstock uitgesoek vir hulle enigste twee kandidate en die Sosialiste het Barkly en Kaapstad-Sentraal aangedurf.

Die Nasionaliste het mekaar in nie minder as veertien setels beveg nie, waarby twee ministers betrokke was naamlik H. Burton en F.S. Malan wat onderskeidelik in Albert en Malmesbury teen partygenote verkiesing moes voer. In Worcester het drie en in Piketberg vier Na= sionaliste mekaar bestry.

Oor die onderlinge verdeeldheid en die gebrek aan dissipline waarsku Ons Land ernstig in 'n hoofartikel "Waar wij staan". Die koerant wys daarop dat die opposisie hulle geskille onderling uitgeskakel het en dat daar dus nie in hulle geledere 'n burgeroorlog sou woed vanaf nominasiedag tot verkiesingsdag nie.[31)]

Die optrede van die leier van die opposisie, wat hom in twee kiesafdelings laat nomineer het, het heelwat opspraak verwek. Dit was die enigste geval in die hele Unie. Sy verskoning waarom hy hom ook in Kaap=stad-Hawe laat nomineer het, was dat hy die setel vir sy party wou red in die afwesigheid van sir Pieter Bam. Laasgenoemde wat op 'n wittebroodsreis oorsee was, het sy aanspraak op die setel laat vaar en gevra dat dr. Jameson gesteun moes word.[32)] Dr. Jameson het op die vooraand van die nominasie op Grahamstad aan die kiesers daar belowe dat hy Albany sy setel sou maak indien hy vir albei gekies word.[33)] Daardeur is die kiesers van Kaapstad-Hawe in 'n ongemaklike posisie geplaas. The Cape het die optrede van dr. Jameson, leier van sy party, sterk afgekeur:[34)] "We have no hesitation in saying that he would have been welcomed as a candidate

---

31. Ons Land, 23.8.10.
32. Cape Times, 18.8.10.
33. Ons Land, 20.8.10.
34. The Cape, 26.8.10.

for any division in the Peninsula by many who do not belong to his party, but it is asking too much of the electors of the Harbour Division to declare to all the world that Capetown is nothing but a close preserve of the Unionist Party, and that is what his election would now mean. Besides it is not cricket for the Captain to have a double innings because one of his team has not turned up for the match."

Die opposisie-koerante het vroeër heelwat kritiek uit=gespreek na aanleiding van gerugte dat generaals Botha en Smuts in meer as een kiesafdelings benoem sou word. Dit het nie nou gebeur nie, inteendeel is die enigste persoon wat hom aan so 'n dubbel kandidatuur skuldig gemaak het, die leier van die opposisie. "The Cape" wou weet hoekom die leier van die "Bestmen"-groep dan twee setels moet beveg. Hoe is dit dan met die "beste manne?"[35)]

(b) Transvaal

In ses stedelike kiesafdelings van Transvaal en in Barberton sou daar tweegevegte wees tussen Nasionaliste en Unioniste en in sewe tussen Unioniste en Arbeiders.

---

35. The Cape, 19.8.10.

Dit het baie gelyk op 'n verkiesingsooreenkoms, al=hoewel die feit dat daar in drie kiesafdelings naamlik Fordsburg, Georgetown en Pretoria-Wes 'n kandidaat van elk van die drie partye was, dit weer weerspreek het. In nog 'n kiesafdeling naamlik Pretoria-Noord het 'n Arbeider teenoor 'n Nasionalis te staan gekom, met 'n Onafhanklike as derde kandidaat.

Die Unioniste het al sewentien kiesafdelings op die Rand bestry, die Arbeiders tien, die Nasionaliste agt, Onafhanklikes drie en 'n Sosialis een. Al die Randse kiesafdelings het baie belangstelling uitgelok. Die meeste belangstelling is egter getoon in die drie kies=afdelings waar die drie ministers meegeding het, naam=lik Georgetown op die Rand en die twee hoofstedelike kiesafdelings, Pretoria-Oos en Pretoria-Wes. The Star het die moontlikheid in die vooruitsig gestel dat al drie die ministers 'n loesing op die lyf kon loop.[36)]

In Georgetown het twee oud-Reformers, minister H.C. Hull en sir George Farrar, teen mekaar te staan gekom met 'n Arbeider, T. Matthews, as derde kandidaat. Farrar was die leier van die Progressiewes in Transvaal en die kiesafdeling Georgetown het min of meer ooreengekom met die kiesafdeling wat deur hom sedert 1907 verteenwoordig

---

36. The Star, 20.8.10.

is. Nog 'n kiesafdeling waar twee oud-Reformers mekaar beveg het was Yeoville waar Lionel Phillips (Unionis) en sir Willem van Hulsteyn (Nasionalis) mekaar geoppo= neer het. Sir Willem was lid van die Progressiewe Party. Hy het hom egter meer tuis gevoel by generaal Botha[37] en by die Nasionaliste aangesluit[38] en so die kandidaatskap vir die Yeoville-kiesafdeling verkry. In Pretoria-Wes het generaal Smuts drie opponente ge= had naamlik F. Hopley (Unionis), J. Reid (Arbeider) en H.R. Abercrombie (Onafhanklike).

Die setel wat verreweg die meeste belangstelling uitge= lok en die verbeelding aangegryp het, nie net in Trans= vaal nie maar oor die hele land, was Pretoria-Oos met 'n tweegeveg tussen generaal Louis Botha en sir Percy Fitzpatrick. Sir Percy het dit in 1907 reggekry om die aspirant eersteminister, sir Richard Solomon in 'n kiesafdeling, wat min of meer ooreengestem het met die Pretoria-Oos-kiesafdeling, te verslaan en daar was veel sprake van dat die geskiedenis homself gaan herhaal. Daarby moes in gedagte gehou word dat sir Percy 'n uitgeslape politikus en 'n onvermoeide en talentvolle spreker was, wat 'n gehoor kon boei.[39] Geen kiesaf=

37. Van der Schyff, a.w., p. 69.
38. The Star, 27.6.10.
39. Fitzpatrick, a.w., Voorwoord deur G.H. Wilson, p. 20.

deling in die land het naastenby so 'n spannende botsing in die vooruitsig gestel nie!

In Transvaal het die Unioniste onder sy kandidate ge= had mynmagnate soos sir George Farrar (Georgetown), D. Chaplin (Germiston), Abe Baily (Krugersdorp), sir Percy Fitzpatrick (Pretoria-Oos) en Lionel Phillips en ander bekende persoonlikhede soos W.D. Drew van Hertzogisme-faam (Barberton), sir A.W. Sampson (Braam= fontein), dr. Macaulay (Denver), P. Duncan (Fordsburg), R. Feetham (Jeppe),[40] Arthur Barlow (Springs) en J.W. Quinn (Troyville).

Die Arbeiders se grofgeskut was verteenwoordig in die persone van H.W. Sampson (Commissionerstraat), W.H. Andrews(Fordsburg), kol. Creswell (Jeppe), dr. Haggar (Roodepoort) en B. Madeley (Springs).

Die Nasionaliste het behalwe die drie generaals in Pretoria (genl. C.F. Beyers is onbestrede in Pretoria-Suid verkies) ook nog as aanspraakmakers op setels ge= had: Dr. F. Krause (Fordsburg), minister H.C. Hull (Georgetown), sir T. Cullinan (Pretoria-Noord), L. Geldenhuis (Vrededorp) en sir W. van Hulsteyn (Yeoville).

---

40. Duncan en Feetham was vroeër lede van die soge= naamde "Kindergarten".

Die feit dat die Nasionaliste en Arbeiders mekaar in twee kiesafdelings naamlik in Georgetown en Fordsburg beveg het, was volgens die Unioniste 'n bewys van 'n ver= kiesingsbondgenootskap. Dit was volgens hulle net 'n taktiese plan om die stemme van die Unioniste kandidate naamlik sir George Farrar en P. Duncan weg te trek sodat H.C. Hull en dr. Krause op daardie manier kon inglip.[41)] Die uitslag het bewys dat in een geval die kragmeting 'n setel aan die Unioniste besorg het.

(c) Die Vrystaat

In die Vrystaat het die Nasionaliste al nege setels be= veg. Daar was slegs twee driehoekige gevegte. In Bloemfontein het die Unionis C.L. Botha teen John Duff, die enigste Arbeider in die Vrystaat, en W. Ehrlich 'n Nasionalis te staan gekom. Ehrlich, 'n Jood, 'n vroeëre Unionis en eertydse burgemeester van Bloemfon= tein het ook soos Van Hulsteyn in Transvaal by die Nasionaliste aangesluit.[42)] Alhoewel sy nominasie nie as 'n amptelike nominasie van die Orangia-Unie beskou is nie, is hy verder as Nasionalis beskou en behandel.[43)] In Vredefort waar E.C. Kriel by die partynominasie die

---

41. The Star, 20.8.10.
42. A.H. Marais, a.w., p. 117.
43. De Vriend des Volks, 23.8.10.

onderspit gedelf het teen J. van der Merwe het hy hom as Onafhanklike laat nomineer en saam met 'n Unionis, Alfred Barlow, broer van Arthur Barlow, en J. van der Merwe, Nasionalis, om die setel meegeding.[44)]

In die ander kiesafdelings was daar direkte gevegte tussen Nasionaliste en Unioniste in drie kiesafdelings en tussen Nasionaliste en Onafhanklikes in vier kies=afdelings. Die Onafhanklikes is waarskynlik deur die Unioniste gesteun. Dit was definitief die geval met N. Blignaut in Kroonstad wat deur die Unioniste finan=sieël en organisatories gesteun is.[45)]

Dit was slegs die twee Bloemfonteinse setels wat geleent=heid vir kwaai mededinging in die vooruitsig gestel het, veral in Bloemfontein waar die Afrikaner-Unionis die Joodse Nasionalis gepak het. Die Bloemfontein Post het smalend na W. Ehrlich verwys as 'n"Commercial-cum-Labour-cum-Unie-cum-National-cum-Hertzog candidate".[46)]

(d) <u>Natal</u>

Natal het sy andersoortigheid in die politieke lewe ook

---

44. Ibid.
45. Fraser-versameling; Allan Fraser - J. Strang, 26.7.10; A. Fraser - N. Walker, 26.7.10; A. Fraser - J.M. Blignaut, 26.7.10.
46. The Bloemfontein Post, 25.7.10.

in sy nominasies openbaar. Daar is negentien Onafhank= likes, tien Nasionaliste, ses Arbeiders, ses Unioniste en een Sosialis genomineer.

In Vryheid het twee Nasionaliste naamlik menere Myburgh en Rabe meegeding om die setel.[47)] Nie een wou vir die ander terugstaan nie en hulle albei is genomineer.[48)] Die kiesafdeling wat die meeste aandag getrek het, was Weenen, waar minister F.R. Moor in 'n tweegeveg betrokke was met die jong prokureur Meyler wat die vaandel vir die Unioniste gedra het. Meyler was die man wat hom hard beywer het om geskikte kandidate vir die noordelike kiesafdelings van Natal te verkry.[49)]

Die twee lede van die Nasionale Konvensie en oudministers wat genomineer is, was M.T. Watt in die kiesafdeling Dundee en T. Hyslop in die kiesafdeling Kliprivier. Die Natal Witness het in 'n hoofartikel onder die opskrif "Election Anomalies" bedenkinge uitgespreek oor die groot getal kandidate (ses) in die kiesafdeling Umlazi en 'n gevaar gesien in verdeling van stemme. Op die manier

---

47. Transvaal Leader, 1.9.10.
48. Die merkwaardige is dat in die kiesafdeling die uitslag op 15 September gelykop was,met 377 stemme vir elkeen.
49. Fraser-versameling, Meyler - Fraser, 22.6.10; Meyler - A. Barlow, 22.6.10.Sien ook p. 62.

sou die Arbeider die verkiesing kon wen.[50]

Die verkiesing sou dus hoofsaaklik 'n stryd wees tussen die Nasionaliste en Unioniste. Die Unioniste het hulle volle gewig ingegooi in stedelike kiesafdelings, dog op die platteland dit moeilik gevind om kandidate te kry. Die Nasionaliste het weer die platteland ten volle be= veg, behalwe in sekere kiesafdelings in Natal en die Oostelike Provinsie. Die Arbeiders het hulle toegespits op 'n dosyn stedelike kiesafdelings in Transvaal en 'n halfdosyn soortgelyke kiesafdelings in Natal.

Dit was sterk te betwyfel of die Onafhanklikes enige hond êrens haaraf sou maak, behalwe in Natal waar daar meer onafhanklike kandidate was as in die geval van enige van die ander partye.

Of die patroon wat deur die nominasies daargestel is naamlik van dertig onbestrede Nasionaliste op die platteland en sewe Unioniste in stedelike kiesafdelings enige waarde gehad het, sou die verkiesing self moes bewys.

---

50. Natal Witness, 2.9.10.

## HOOFSTUK VII

## VERKIESINGSVELDTOG (3): VERKIESINGSVRAAGSTUKKE

Met programme van beginsels wat so 'n noue ooreenkoms vertoon het, was dit gou duidelik dat die verkiesings=veldtog eerder op taktiese as prinsipiële grondslag gevoer sou word. Die party wat die beste daarin kon slaag om swakhede in 'n teenparty aan die lig te bring, sou daaruit voordeel kon behaal. 'n Belangrike bate sou verder gewees het om 'n geskikte verkiesingskreet, wat die publiek sou kon aangryp, te vind. Dit was juis die gebrek aan 'n geskikte verkiesingskreet wat die T.N.A. kritiek teen generaal Botha se manifes laat in=bring het.[1)]

Die Unioniste het daarin geslaag om 'n swakheid te vind in die Vrystaatse Onderwyswet en onder die verkiesings=kreet "Hertzogisme" het dit die belangrikste verkiesings=vraagstuk geword.

### 1. "Hertzogisme" en "Rassehaat"

Generaal Hertzog was, na die bewindsoorname van die

---

1. Hancock en Van der Poel, a.w., Adler - Smuts, 23.12.09, p. 598. Sien ook p. 62.

Orangia-Unie in 1907, vasberade om in sy hoedanigheid as minister van Onderwys, 'n onderwyswet daar te stel wat voorsiening sou maak vir absolute taalgelykheid,[2] soveel te meer omdat hy die Smutswet, wat Engels ver= pligtend gemaak het[3] met agterdog bejeën het[4] en omdat hy besondere waarde geheg het aan die moedertaal.[5]

Teen die Hertzogwet, wat op 1 September 1908 in werking getree het, was daar in die ontwerpstadium beswaar deur die opposisie, maar na 'n kompromis aangegaan is, was daar skynbaar algemene tevredenheid met die wet.[6] Kritiek teen die wet het egter later weer opgeduik. Die ontevredenheid was omdat 'n deel van die bevolking, veral onder die Engelse, gevoel het dat daar 'n inkorting van die vryheid van die indiwidu was om deur die staat ge=

---

2. J.D. Naude: Generaal J.B.M. Hertzog en die ontstaan van die Nasionale Party, 1913-1914, p. 26; A.E.G. Trollip: The first phase of Hertzogism, p. 60.
3. E.G. Malherbe: Education in South Africa, Kaapstad, 1925, p. 341; Jan H. Hofmeyr; South Africa, p. 130.
4. Neame, a.w., pp. 68-69; C.M. Van den Heever: Generaal J.B.M. Hertzog, p. 228.
5. Neame, a.w., pp. 74-75; Trollip, a.w., p. 96; Van den Heever, a.w., p. 256; Naude, a.w., p. 42.
6. A.H. Marais, a.w., p. 103; Trollip, a.w., p. 96; Neame, a.w., p. 71.

dwing te word om die tweede taal aan te leer.[7] Vir hulle was 'n poging om Afrikaans of Hollands gelyk te stel met Engels verregaande vermetelheid.[8]

Die afdanking van drie inspekteurs van onderwys weens insubordinasie en die bedanking van H. Gunn, die direkteur van onderwys, het saamgeval op 'n tydstip toe alle hoop op 'n koalisieregering verdwyn het. Die venynigheid waarmee opposisie-koerante toe die onderwyswet hanteer het, het getoon dat die saak in die politiek gesleep is om daaruit politieke munt te slaan.[9]

Die opposisie teen die wet het uitdrukking gevind in die term "Hertzogisme" en het gou sinoniem geword met "rassisme".[10] Generaal Hertzog is uitgesonder as die sondebok en is spoedig dwarsdeur die hele Suid-Afrika en die Britse Ryk as die venynigste anti-Britse rassis bestempel.[11] Dit was toe ook al vir leiers soos generaals Botha, Smuts en Hertzog, F.S. Malan en Fischer duidelik dat die Vrystaatse Onderwyswet tot 'n uniale verkiesingskreet aangehef gaan word.[12] Botha het dit

---

7. Malherbe, a.w., p. 382.
8. Hancock, a.w., p. 243.
9. Thompson, a.w., p. 465.
10. Hancock, a.w., p. 243; Naudé, a.w., p. 40.
11. Neame, a.w., p. 65.
12. F.S. Malan-versameling: Malan - Hertzog, 14.3.10 en 18.3.10; Malan - Fischer, 11.4.10; Fischer-ver= sameling, Botha - Fischer, 4.4.10 en 18.4.10; Fischer - Malan, 18.4.10.

aan Fischer bestempel as verkiesingstaktiek om die Engelse in een kamp te jaag.[13]

Die algemene patroon wat die opposisiekoerante gevolg het was om beswaar te maak teen verpligte tweetaligheid,[14] Hertzogisme as 'n gevaarlike kwaad, wat na die ander provinsies kan versprei, voor te hou en om generaal Hertzog as 'n aartsrassis, ekstremis, reaksionêr, fana= tikus en selfs "a political lunatic"[15] te bestempel, voor wie generaal Botha as eersteminister moes swig.[16]

Die beweging om die Vrystaatse Onderwyswet in die poli= tiek te sleep was die werk van die koerant The Bloem= fontein Post, soos wat die koerant ook die skepper was van die woord "Hertzogisme". Die redakteur van dié koerant het onder andere op 25 April 1910 'n telegram aan W.P. Schreiner gestuur waarin hy meedeel dat die minderheid in die Vrystaat die Hertzogwet afkeur en om

---

13. Fischer-versameling: Botha - Fischer, 18.4.10.
14. Colvin, a.w., p. 292. Die Natal Mercury het gekla oor 'n tweetalige Gazette, 15.6.10.
15. Natal Witness, hoofartikel, 8.4.10.
16. The Star, 5.4.10; Cape Times, 4.7.10; The Bloem= fontein Post, 13.7.10; Natal Mercury, 13.7.10; The Diamond Fields Advertiser, 13.7.10; Daily Dispatch, 14.7.10; Natal Witness, 14.7.10; The Star, 4.8.10; Hertzog-versameling, Band 138, Koerantuitknipsels, die meeste waarvan afkomstig is van The Bloemfontein Post.

## THE EDUCATIONAL EXTINGUISHER.




YOUNG SOUTH AFRICA: "Oh! Take that horrid thing away; it smothers me." The Pretoria News, 17.8.10

morele steun en 'n boodskap vra.[17] Watter hulp hy van Schreiner gekry het is onbekend maar hy het daarin geslaag om vanuit 'n ander invloedryke oord, naamlik Johannesburg, hulp te ontvang.

In 'n konfidensiële skrywe van Louis Botha lig hy vir Fischer as volg in:[18] "Ik versta dat er nu eene organisatie in wording is in Johannesburg met het doel om geld in te zamelen om private scholen in de Vry-Staat op te richten. Sir Percy Fitzpatrick was eer= gisteren by my en hy vertelde my dat die organisatie nu gevormd is - en ik was van meening dat ik U dit confidentieel moest mededeelen. De Progressieven hier hebben geen kans om een meerderheid te krygen en zooals gy zeker uit de speech van Farrar zult gezien hebben willen zy nu alles op rassen lynen gooien in de hoop om zoo de Engelschen in een kamp te jagen - en als basis voor die politiek hebben zy nu uw onderwys wet aangepakt". Die vertroulike inligting was ook nie on= gegrond nie. Op 2 Julie word aangekondig dat die Engelse deur hulle eie organisasie, die "Free State Council of Education" hulle eie skole gaan oprig.[19] Dieselfde berig het ook vermeld dat die eerste soge= naamde "Council Schools" in Bloemfontein, Harrismith,

---

17. Schreiner-versameling, 1612.
18. Fischer-versameling: Botha - Fischer, 18.4.10.
19. The Bloemfontein Post, 2.7.10.

Bethlehem en Ficksburg opgerig gaan word. Die eerste van die skole is egter eers op 5 Augustus 1910 in Ficksburg geopen.[20] Dat sir Percy met die saak gemoeid was, al was dit net vir politieke gewin, blyk daaruit dat hy R100 bygedra het en nog R100 per jaar vir vyf jaar belowe het. In sy begeleidende brief skryf sir Percy onder andere:[21] "stick to the ideal of real fair play and real equal rights".

The Star het vir 'n geruime tyd 'n rubriek aangebied "The O.R.C. scandal" waaronder berigte geplaas is al het dit maar net 'n effense verband met "Hertzogisme" gehad. Dit is opvallend hoe die opposisiekoerante, veral gedurende Juliemaand gereageer het, so asof daar goeie skakeling tussen hulle plaasgevind het.

Hertzogisme het 'n handige stok geword om die regering mee te slaan! Die ironie van die saak was dat die Afrikaanssprekendes in Transvaal, Kaapprovinsie en Natal baie meer rede gehad het om te kla as die Engelse in die Vrystaat omdat in al daardie provinsies Engels bevoorreg en Hollands afgeskeep was, terwyl in die

---

20. Cape Times, 6.8.10.
21. Cape Times, 29.8.10.

Vrystaat albei tale gelyke beregtiging gekry het.[22] Generaal Botha is in 'n moeilike posisie geplaas oor die Vrystaatse Onderwyswet. Aan die een kant het hy graag verwys na die welslae van die Smutswet in Trans= vaal en daarmee onwillekeurig afbreuk gedoen aan die Hertzogwet. Aan die ander kant wou hy generaal Hertzog beskerm wat 'n lid van sy kabinet was. Geen wonder dat generaal Botha nie altyd dieselfde standpunt kon handhaaf nie. In sy ywer om die Smutswet te verdedig het generaal Botha by sommige die indruk gewek dat die Vrystaatse wet deur die Transvaalse vervang gaan word. Ook generaal Hertzog het onder dié indruk gekom sodat hy by generaal Botha in 'n telegram en brief navraag gedoen het en verwys het na generaal Botha se vorige toespraak.[23] Die gevolg was dat generaal Botha in sy belangrike toespraak op die Wanderers, waar hy hoofsaaklik Engelssprekendes toegespreek het, breedvoerig op die onderwysvraagstuk ingegaan het.[24] Hy het be= klemtoon dat daar drie aspekte van sy beleid is wat hy voor die kiesers wil lê, naamlik gelyke geleenthede van taal, onderrig deur die moedertaal en geen dwang nie.

---

22. Hancock, a.w., p. 243; Malherbe, a.w., p. 341; Neame, a.w., p. 68; J.J. Snyman: 'n Histories kritiese studie van die Smutsonderwyswet van 1907, p. 372; Van den Heever, a.w., pp. 285-287; De Afrikaner, 21.2.10; The Cape, 15.7.10.
23. Hertzog-versameling, brief van Hertzog aan Botha, 8.7.10, A 32 lêer nr. 25.
24. The Star, 13.7.10.

# STRANGE BEDFELLOWS.




FREE STATE UNNATURAL HISTORY

No. 1: The Hertzhedgehog. - This offensive little creature is found sometimes in the flower-beds and sometimes in the statemen's beds.

The Transvaal Leader, 22.7.10

Hyself kon nie die Vrystaatse wet herroep nie omdat dit 'n provinsiale aangeleentheid vir vyf jaar was.

Dokter Jameson het in antwoord op generaal Botha se toe=spraak aangevoer dat generaal Hertzog generaal Botha se verklaarde onderwysbeleid verloën, dat dubbelmedium dwarsdeur Suid-Afrika verpligtend gemaak sal word en dat art. 79 van die Suid-Afrikawet bepaal dat geen provinsiale ordonnansie strydig mag wees met 'n landswet nie. As hy in generaal Botha se posisie was, sou hy nie so 'n persoon soos generaal Hertzog in sy kabinet ingesluit het nie.[25] Op voorstel van die Transvaal Leader dat die Imperiale Regering moet ingryp en die Vrystaatse onderwyswet veto, het die Rand Daily Mail teruggekap deur dit as "political foolishness" te bestempel en gevra waarom die Imperiale Regering 'n wet moes veto of herroep as die Unie dan selfregerend is.[26]

In sy belangrikste toespraak op Smithfield op nominasie=dag het generaal Hertzog dit beklemtoon dat dit sy oor=tuiging was dat die gesonde opvoedkundige beginsels van die Vrystaatse Onderwyswet nog deur die hele Suid-Afrika onderhou sal word. Hy het ontken dat die Vrystaatse wet teen hulle sin op die ander provinsies afgeforseer

---

25. The Star, 4.8.10.
26. Rand Daily Mail, 15.7.10.

sou word. Hy ontken ook dat dit ooit sy voorneme was om Engels uit Suid-Afrika te verban. Albei tale het reg van bestaan en albei moet respekteer word.[27)]

Ander leiers onder die Nasionaliste het ook vir generaal Hertzog in die bresse getree. So byvoorbeeld het Merri= man en Moor dit betreur dat van die onderwys 'n politieke vraagstuk gemaak is. Vir Moor[28)] was dit suiwer 'n pro= vinsiale aangeleentheid. Merriman[29)] was waarskynlik baie naby aan die kol toe hy beweer het dat nie een uit 'n honderd wat die onderwyswet kritiseer, dit bestudeer het nie. W. Ehrlich[30)] het daarop gewys dat die hele agitasie op tou gesit is nadat generaal Botha geweier het om 'n koalisieregering te vorm.[31)] J.W. Sauer was van mening dat die kritiek eensydig was: die Hollands= sprekendes het nie beswaar gehad teen verpligte Engels nie, maar die Engelse wel teen verpligte Hollands.[32)] Die Bantoekoerant, Imvo, het in 'n hoofartikel aangevoer dat Hertzogisme holrug gery is en slegs rassisme be= vorder.[33)]

---

27. The Star, 20.8.10.
28. Natal Witness, 1.9.10.
29. The Star, 20.8.10.
30. Vroeëre lid van die Constitutional Party wat gedurende die verkiesingsveldtog 'n Nasionalis geword het.
31. De Vriend des Volks, 5.8.10.
32. Cape Times, 5.7.10.
33. Imvo, 30.8.10.

Die Kaapse koerant The Cape, het oor Hertzogisme 'n skerp aanval gemaak op die "leading English newspapers" wat verantwoordelik sou wees vir verdraaiings en die slegte rekord in verband daarmee. As bewys voer die koerant aan dat dr. Jameson verklaar het dat hy eers die Afrikaners se sienswyse leer ken het tydens die Nasionale Konvensie. Dit is 'n verdoemende aanklag teen die koerante wat hy gewoond was om te lees.[34)]

Die "Stem Brits"-slagkreet van sommige Unioniste het generaal Hertzog gesterk in sy veldtog vir gelyke regte tussen die rasse.[35)] Dit het egter rassehaat aange=wakker en teenreaksie uitgelok. So het sir George Farrar al op 18 Junie 1910 in Braamfontein rassesenti=ment probeer uitbuit deur 'n beroep op die Engelse te doen om saam te staan; dan sou die Engelse die land kon regeer.

Dieselfde beroep is deur verskillende sprekers en koerante gedurende die twee maande voor verkiesingsdag gedoen. Dit is ook nog weer in 'n hoofartikel "Be British and stay British" deur die Natal Witness beklem=toon agt dae voor die verkiesing.[36)]

---

34. The Cape, 15.7.10.
35. G.B. Pyrah: Imperial Policy and South Africa, 1902-10, p. 232.
36. Natal Witness, 7.9.10.

Aan regeringskant het 'n leier soos Abraham Fischer hom ook skuldig gemaak aan soortgelyke optrede toe hy op Parys gesê het dat as die Afrikaners saamstaan dan sal hulle vir altyd baas wees in die land.[37] Hierdie uitlating het skerp reaksie van die opposisie-koerante uitgelok.[38] Dit het onder andere aanleiding gegee tot 'n spotprent onder die titel "Out of the bag" wat aangetoon hoe Fischer 'n sak ("Nationalist Ideals") oopsny en 'n kat ("Dutch supremacy") daaruit val.[39]

Dat die verkiesingsveldtog later al hoe meer 'n rasse= stryd geword het, ten spyte van sterk pogings van leiers soos generaal Botha om dit te verhoed, was veral vir Botha 'n baie pynlike saak. Hy het op ver= gadering na vergadering gepleit vir rassesamewerking en rasseharmonie en het graag verwys na die suksesvolle toepassing van die beleid van konsiliasie in Transvaal gedurende die voorafgaande paar jaar.[40] Dit het hy ook probeer beliggaam in die naam van sy party naamlik die Suid-Afrikaanse Nasionale Party en in die twee hoofoogmerke daarvan. Die voortdurende venynige aan= valle en snedige verwysinge na Hertzogisme, waarby ook

---

37. The Star, 5.9.10.
38. The Star, 5.9.10; Transvaal Leader, 5.9.10; Cape Times, 9.9.10; Natal Witness, 12.9.10.
39. Transvaal Leader, 13.9.10.
40. The Star, 15.6.10; Pretoria News, 13.7.10; De Volkstem, 9.8.10; The Star, 15.9.10.

# OUT OF THE BAG.




(Mr. Fischer, at Parys, September 3: 'If we hold together and keep Dr. Jameson out the Afrikander will be baas for ever.') The Transvaal Leader, 13.9.10

hy betrek is, het grootliks afbreuk gedoen aan die beeld van konsiliasie en nasiebou en van 'n verenigde Suid-Afrika wat hy probeer opbou het.

Generaal Botha kon egter in sy doelstelling om same= werking en konsiliasie te verkry, nie reken op die heelhartige steun van al sy kollegas nie. In die Kaapprovinsie het Merriman na sy teleurstelling oor die eersteministerskap hom op die agtergrond gehou en in private korrespondensie[41)] en self in die openbaar teen Transvaalse leiding gepraat.[42)] In die Vrystaat het generaal Hertzog meer 'n beleid van selfbehoud as een van samewerking voorgestaan. Van die ewige dankbaarheid teenoor Brittanje wat generaal Botha se konsiliasiebeleid besiel het, was nie by generaal Hertzog te vinde nie. Generaal Hertzog het gevoel dat hy geen dank aan Engeland verskuldig was nie, want wat die Imperiale Regering aan Suid-Afrika gedoen het, was geen gebaar van grootmoedigheid nie, maar slegs die nakoming van die belofte gemaak tydens die vredes= onderhandelinge.[43)]

Die hele aangeleentheid in verband met die Vrystaatse Onderwyswet het aan die lig gebring dat daar 'n kloof was tussen die sienswyses van generaals Botha en Hertzog.

---

41. Merriman, a.w., Merriman - Steyn, 22.5.10, p. 186; Merriman - Rose-Innes, 3.6.10, p. 196; Merriman - Goldwyn-Smith, 4.6.10, p. 196.
42. The Star, 20.8.10.
43. Naude, a.w., pp. 46-47.

Alhoewel hulle mekaar by geleenthede weerspreek en later weer probeer goedpraat het, het dit gedurende die verkiesingsveldtog al duideliker geword dat die twee leiers nie net oor die onderwyskwessie verskil nie, maar ook oor sake soos immigrasie en verdediging.[44] Generaal Hertzog het byvoorbeeld by geleentheid immi= grasie veroordeel "as a cry of the capitalists"[45] Alhoewel die aanhaling meer teen dr. Jameson gemik was, was dit net sowel tot generaals Botha en Smuts, wat hulle gunstig uitgespreek het oor immigrasie, gerig.

Die wantroue van generaal Hertzog in Botha het sy oor= sprong al by die vredesonderhandelinge van Vereeniging gehad.[46] Die konsiliasiebeleid en die Smutsonderwys= wet, die geskenk van die Cullinan-diamant aan die Engelse Koning en veral Botha se onderhandelinge met dr. Jameson oor koalisie het generaal Hertzog met agterdog vervul.[47] Die poging van generaal Botha om vir Hertzog uit die kabinet te hou en die feit dat Botha nooit self met hom oor sy insluiting in die kabinet gepraat het nie, het generaal Hertzog steeds meer wantrouig gemaak teenoor die eersteminister.

---

44. R.H. Kiernan: General Smuts, p. 177.
45. The Star, 20.8.10.
46. Neame, a.w., p. 54.
47. E. Walker: Lord de Villiers and his times, p. 488; Marais, a.w., p. 37; Van den Heever, a.w., p. 211.




The Transvaal Leader, 14.9.10

BOTHA: Am I my brother's keeper?

Hertzog het geglo dat generaal Botha ondraaglik Brits geword het.[48)]

Die gevoel van afkeur was egter wedersyds. Botha het noodgedwonge opgeskeep gesit met Hertzog.[49)] Voor die samestelling van die eerste Uniekabinet het generaal Botha telkens in korrespondensie melding gemaak van "sommige van ons wat sal moet uitstaan".[50)] Wie anders kon Louis Botha in gedagte gehad het as generaal Hertzog? Generaal Botha se verwysing na "Koppige menschen" is meer direk op Hertzog gemik as hy aan A. Fischer skrywe oor die Vrystaatse onderwyskwessie.[51)] Dit is ook 'n bekende feit dat generaal Botha steeds op baie vriendskaplike voet met dr. Jameson verkeer het,[52)] terwyl Hertzog later self verklaar het daar byna geen verkeer tussen generaal Botha en homself was nie.[53)]

Die Unioniste daarteenoor het, nadat hulle in een party saamgesnoer is, 'n eensgesindheid geopenbaar en die grootste lojaliteit aan hulle leier dr. Jameson, be= wys. Deur Hertzogisme as 'n verkiesingskreet aan te

---

48. Millin, a.w., p. 273.
49. Naudé, a.w., p. 44; Kiernan, a.w., p. 63.
50. Steyn-versameling: Botha - Steyn, 17.9.09, twee keer in dieselfde brief genoem.
51. Fischer-versameling: Botha - Fischer, 18.4.10.
52. Wallis, a.w., p. 154.
53. Hertzog-versameling: Antwoord van generaal Hertzog op De Open Brief van Generaal Botha, 8.3.13.

# COUNTRY AND TOWN.




Mr. Facing-Both(a) ways.

The Pretoria News, 18.8.10

hef, het hulle 'n geweldige sterk wapen in die hande gekry teen die Nasionaliste. Hulle het ook daarin ge= slaag om die wapen baie goed te hanteer. Met 'n kunstige greep het hulle dit reggekry om voordeel te behaal uit die politieke situasie van die tyd. Deur die bereidwilligheid van dr. Jameson en sy ondersteuners om 'n koalisie te vorm te beklemtoon kon hulle toon dat hulle te vinde was vir samewerking. Deur koalisie te weier en 'n regering te vorm net uit die regerende partye, was dit, volgens die Unioniste, die Nasionaliste wat samewerking geweier en hulle skuldig gemaak het aan 'n verbreking van die veelgeroemde konvensiegees en die openbaring van rassisme. En, het die opposisiekoerante voorgegee, rassisme was juis dit wat dr. Jameson en sy kollegas ten alle koste wou vermy. Hulle het verder die verdeeldheid in die geledere van die Nasionaliste behoorlik uitgebuit.

Die ironie was dat die samestelling van die Unioniste Party, hulle eentalige koerante en die feit dat baie van hulle leiers hulle volgelinge aangemoedig het om Brits te stem, die stempel gedra het van 'n suiwer Britse Party. Daarteenoor kon die Nasionaliste spog met koerante in albei tale en Afrikaans- en Engels= sprekendes as ondersteuners. Generaal Hertzog kon byvoorbeeld daarop roem dat hy baie Engelssprekende ondersteuners gehad het: trouens, van sy getrouste

ondersteuners was Engelssprekendes.[54] Tog het die magtiger opposisiepers met groot sukses die Nasiona=liste voorgehou as diegene wat aan rassisme skuldig was.


Deur die aanwending van Hertzogisme is twee dinge be=werkstellig: Eerstens is rassisme en rassehaat, waar=teen Hertzogisme juis aangewend is, in die politiek gebring en tweedens het dit die meningsverskil tussen generaal Botha en Hertzog aan die lig gebring. Twee onderwerpe veral, wat spotprenttekenaars geïnspireer het, was Hertzogisme en die magteloosheid van generaal Botha teenoor die ekstremiste. Halley se komeet, wat nuus was in daardie dae, het aanleiding gegee tot 'n spotprent in die Cape Times oor die verskynsel van Hertzogisme. Die komeet ("Hertzogism") tref die Vry=staat (O.R.C.). Die byskrif lees: "Where will it strike next?"[55]

Na aanleiding van generaal Smuts se verwysing in 'n politieke toespraak in Durban dat Hertzogisme maar net 'n borreltjie op die oppervlakte is, bedoelende dat dit 'n geringe saak is, het die Leader 'n spotprent geplaas van 'n seekat (Hertzog) onder die water met pote (arms) waarop geskrywe is "racialism, compulsion" en "Hertzogism" en 'n kindjie ("Free State") in sy arms.[56]

---

54. Trollip, a.w., p. 77.
55. Deur The State gebruik, Maart 1910.
56. The Transvaal Leader, 12.9.10.

# THE HERTZOG BUBBLE.




("Hertzogism is only a bubble on the surface." - General Smuts at Durban on Thursday Evening.)

Yes, a bubble, ON THE SURFACE!

The Transvaal Leader, 12.9.10

In 'n ander spotprent in die Leader word generaal Hertzog voorgestel as 'n krimpvark in 'n bed en generaal Botha in 'n nagjurk voor die bed met die by= skrif: "The Hertzhedgehog- This offensive little creature is found sometimes in the flowerbeds and sometimes in the statesmen's beds"[57)]

Selfs die Mail het in 'n vroeë stadium 'n spotprent geplaas van 'n hond met generaal Botha se kop en "Hertzogism" op sy sterk geskrywe.[58)] Die onderskrif het gelees: "The dog to be wagged by the tail? I'd rather have it cut off!"

Die koerante het ook te kenne gegee dat die Nasionaliste anders gepraat het in die stede as op die platteland. Vandaar die Leader se spotprent[59)] onder die opskrif "Behind the scenes" wat generaals Botha en Smuts in Union Jack-kostuums voorstel met generaal Hertzog as "Bussiness manager: Better keep this costume (A All-Dutch compulsory Style) for the country. The Reef might n't appreciate it". In 'n ander spotprent sit generaal Botha op die stoep met 'n kieser voor hom.[60)] Die byskrif:

57. Transvaal Leader, 22.7.10.
58. Rand Daily Mail, 7.5.10.
59. Transvaal Leader, 12.7.10.
60. Transvaal Leader, 21.7.10.

# BEHIND THE SCENES.




Business Manager Hertzog: Better keep this costume for the country. The Reef mightn't appreciate it.

The Transvaal Leader, 12.7.10

"Push on South African: This Free State pest will ruin us. Why the deuce don't you help to wipe it out?

Pas op Premier: It's wicked, dreadful. But wipe it out - that would be sacrilege!" Vir oulaas plaas die Leader nog 'n spotprent in dieselfde trant. Fischer ('n skubagtige monster) lê op 'n klip en toe=kyk, Hertzog met sy velkaros aan en 'n kliphamer in die hand, sit met sy voet op 'n skynbaar neergevelde "English teacher", Botha staan in 'n ander rigting en kyk na 'n klip "No compulsory Dutch". Die onder=skrif: "Botha: Am I my brother's keeper?"[61)]

Die volgehoue kampanje teen Hertzogisme het baie reaksies in die korrespondensiekolomme van die meeste Engelse koerante veroorsaak. Die verweer daarteen op publieke platforms en in Afrikaanse koerante het nie die Engels=sprekendes bereik nie, omdat die oorgrote meerderheid nie Afrikaans verstaan of gelees het nie. Die gebruik=making van Hertzogisme kan as 'n uiters geslaagde verkiesingstaktiek beskou word.

2. <u>Die Sjinese arbeidsvraagstuk en die Kapitaliste</u>

Die Unioniste het die skyf van die Nasionaliste en die Arbeiders geword toe hulle die kreet van "Kapitaliste"

---

61. Transvaal Leader, 14.9.10.

teen die Unioniste aangehef het. Dit was 'n slagkreet wat in die 1907-verkiesings met sukses aangewend is. Hulle aanleiding daartoe was die Sjinese arbeiders= vraagstuk wat so 'n groot rol gespeel het in die Trans= vaalse politiek sedert 1903[62] en waarvan die nage= volge nog sterk na vore gekom het in die 1910-ver= kiesing. Pas in Maart 1910 is die laaste van die 53 000 Sjinese vanuit Durban gerepatrieer. Aldrie die vernaamste politieke partye het dit goedgevind om in hulle manifeste standpunte ten opsigte van hierdie vraagstuk in te neem, naamlik om Asiatiese immigrasie na Suid-Afrika stop te sit.

Meer as enigiets anders het die steun van die mynmag= nate aan Sjinese as arbeiders hulle as "kapitaliste" laat brandmerk. Die "kapitaliste" was in 1910 leiers en prominente lede van die Unioniste Party en dit is dus geen wonder dat die Arbeiders en Nasionaliste na die Unioniste verwys het as die "Kapitaliste Party" en met benamings soos "Corner House", "the money power", "the magnates" gesinspeel het op die invloed en beheer van die mynhuise op die Unioniste Party en sy pers.

---

62. Van Aardt, a.w., pp. 310-319; Pyrah, a.w., pp. 186-189 H.H. de Villiers: Generaal Botha en die Sjinese vraagstuk in Transvaal, 1903 tot 1910; Spoelstra, a.w., pp. 318-320, 355-356; I.M. Meyer: Die Sjinese Arbeidsvraagstuk van die Witwatersrand, 1903-1910.

Generaal Botha het in toesprake gewys op die teenstand wat sy party gekry het van diegene wat nou in die verkiesingstryd ten gunste van die emigrasie van Asiate was.[63] John X. Merriman het 'n duidelike skeidslyn getrek tussen die mense wat in Suid-Afrika werk om hier 'n verdienste te vind en die kapitaliste wat net hier is ter wille van 'n fortuin.[64] Advokaat Fischer het hom die argwaan van die opposisie op die hals ge= haal deur in 'n toespraak op Parys die kapitaliste "vuil aasvogels" te noem.[65] Kolonel Creswell het in sy eerste verkiesingstoespraak 'n ekonomie bepleit wat op soliede blanke arbeid rus en nie op nie-blanke arbeid nie. Volgens hom sou sy party hom nie skuldig maak aan "wild adventures" nie. Die party wat dit sou doen is die party wat die Sjinese ingevoer het en as dit van hulle sou afhang, weer Sjinese sal terug= bring.[66]

In 'n poging om enige verband tussen die Unioniste Party en die mynhuise te weerlê, gee The Star in 'n hoofartikel "The Mining Party" die beroepe van nege-en-veertig Unioniste-kandidate aan, volgens die nominasie= vorms.[67] Daarvolgens kan nie afgelei word dat persone

---

63. The Star, 13.7.10; De Volkstem, 23.8.10.
64. The Star, 20.8.10.
65. Cape Times, 9.9.10; Natal Witness, 13.9.10.
66. The Star, 22.7.10.
67. The Star, 23.8.10.

soos Farrar, Chaplin, Abe Bailey, Phillips, Fitzpatrick en andere aan die myngroepe verbonde was nie. De Volkstem het in 'n hoofartikel "Verlochend" daarop gewys dat van dieselfde kandidate insluitende sir Percy wat homself op die nominasievorm as 'n boer aangedui het, vir die invoer van Sjinese gepleit het.[68] Die Arbeidersparty weer het met verkiesingsplakkate vorendag gekom, wat die direkteurskappe van leidende Unioniste aangetoon het.[69]

Die Pretoria News was van oordeel dat die Sjinese ar=beidsvraagstuk darem 'n holrug-geryde slagkreet was, vandaar die spotprent wat in die koerant verskyn het van generaals Botha en Smuts by 'n graf waar 'n Sjinese skedel uitgegrawe is.[70] Die byskrif was: "Generaal Smuts: Sies Oom Louis hoe sleg ryk hy. Generaal Botha: Jannie ons moet hom daarom gebruik hy is de eenige asset ons het." In 'n ander spotprent met die opskrif "A clever Performer" word generaal Smuts op die verhoog voorgestel met 'n Sjinese pop en generaal Hertzog loer agter die gordyn uit.[71] Die byskrif is: "Prompter Hertzog (behind the scenes): Go it Jannie Only leave ME alone".

---

68. De Volkstem, 26.8.10.
69. Thompson, a.w., p. 469.
70. Pretoria News, 19.7.10.
71. Transvaal Leader, 14.7.10.

# The Body (Vote ?) Snatchers.




General Smuts: Sies Oom Louis hoe sleg ruik hij.
General Botha: Jannie ons moet hom daarom gebruik hij is de eenige asset ons het.
The Pretoria News, 14.7.10

## 3. Administratiewe aangeleenthede

### (a) Staatsfinansies en staatsdiens

Die Pretoria News het die aandag van sy lesers daarop gevestig dat voorregte van ministers misbruik kan word. In 'n hoofartikel "Het Volk Methods" word soos volg gewaarsku:[72] "Our ministers travel at the public expense in sumptuous special trains, wherein they live like Princes, and do not hesitate, while so doing, to canvass for support, to make political speeches and generally advance the business of their party ... This is the policy of plunder, the spoil to the victors, and when we remember that the Englishspeaking urban-dwelling Unionist pay eighty-seven per cent of the taxes and the Dutchspeaking rural Het Volkers only thirteen per cent; the advantage to Het Volk of financing its propaganda out of the State chest is very apparent." Twee weke later het dit weer gegaan oor die groot salarisse van R8 000 en R6 000 vir die eerste minister en ministers onderskeidelik. Dit word nog aangevul met 'n gerieflike huis en R1 000 om dit te meubileer.[73] Die koerant het ook dikwels daaroor gekla dat staatsamptenare gevra word om rekwisisies vir generaal Botha te teken, dat daar ver=

---

72. Pretoria News, 2.7.10.
73. Pretoria News, 16.7.10.

gaderings gehou word by staatsamptenare se huise, dat die aanstellings in die staatsdiens slegs tydelik is en dat 'n Staatsdienskommissie volgens die grondwet nog nie aangestel is nie.

In 'n poging om die regering en sy administrasie onder verdenking te plaas het The Star veral gedurende Augustusmaand gereeld naamlyste van persone wie se name nie op die kieserslys verskyn het nie onder die opskrif "Disfranchised" geplaas. 'n Ander manier om wantroue in die regering te skep was die bewering dat staatsamptenare van Pretoria wat vir Unionistekandidate sou stem na Randse dorpe gestuur sou word as verkiesings= beamptes sodat hulle op 15 September nie hulle stem kon uitbring nie.[74] Op navraag deur De Volkstem het magistraat Rose-Innes, die verantwoordelike kiesbe= ampte vir die Pretoria-kiesafdelings, bevestig dat hy en magistrate Walton en MacCormack reëlings getref het dat die betrokke beamptes hulle stemme wel sou kon uitbring.[75]

Soortgelyke klagtes is in die opposisiekoerante het nie veel om die lyf gehad nie, maar dié in verband met die Truterverslag en veral die R600-toekenning het meer as die gewone kritiek uitgelok.

---

74. The Star, 23.8.10.
75. De Volkstem, 26.8.10.

(b) <u>Die R600-toekenning</u>

'n Optrede waardeur generaals Botha en Smuts en ook Hull hulleself ongunstige kritiek op die hals gehaal het en waardeur hulle selfs van oneerlikheid beskuldig is, was die toekenning van R600 aan lede vir 'n spesiale sitting, die laaste, van die Transvaalse Parlement in April 1910. Generaal Smuts het voorgestel dat die buitengewone sitting, waarvoor die gewone vergoeding R84 bedra het, as 'n gewone sitting beskou moes word en dat 'n vergoeding van R600 aan lede uitbetaal word. Daarteen is beswaar gemaak en na verhoor deur die ge= wone hof het die saak voor die Hooggeregshof gedien. Die regters het bevind dat die wet oortree is maar het dit tog gekondoneer en die geld is uitbetaal.[76)]

Selfs vanuit goedgesinde kringe is kritiek uitgespreek teen die optrede van die Transvaalse Regering. John Merriman het in private korrespondensie[77)] en later in 'n openbare toespraak[78)] sy afkeur uitgespreek. Die Kaapse ministers het 'n beroep op die Transvaalse par= lementslede gedoen om slegs hul regmatige R84 van die

---

76. F. Vermooten: Transvaal en die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika, pp. 233-234.
77. Merriman, a.w., Merriman- sir S. French, 4.5.10, p. 182; Merriman - Steyn, 22.5.10, p. 187; Steyn-versameling, Merriman - Steyn, 22.5.10, p. 187.
78. The Star, 20.8.10.

R600 te hou en die balans terug te stuur.[79] Die Transvaalse Regering het sake egter net so gelaat.

Die opposisie-koerante het die daad van die Botha-regering sterk veroordeel en gewaarsku dat die regering van die land nie toevertrou kon word aan persone wat vir sulke optrede te vinde is nie.[80] Die D.F.A. het selfs 'n spotgedig "The charge of the old brigade" geplaas.[81] The State het in sy Junie- en Augustus-uitgawes kommentaar gelewer oor die"£300 incident."

Vir eerwaarde R. Balmforth van Kaapstad het die R600-toekenning so gegrief dat hy 'n pamflet van vier bladsye onder die opskrif "The coming Elections - Clean Govern=ment and how to obtain it" laat druk en versprei het.[82] Nadat hy die ongerymdheid bespreek het, gee hy ook die plan aan die hand om dit reg te stel: By elke publieke vergadering moet aan kandidate gevra word of hulle sal onderneem om in die Parlement hul stem te verhef teen die toekenning. Indien 'n kandidaat weier om bevestigend te antwoord moet daar nie vir hom gestem word nie. Stem liewer vir 'n onafhanklike kandidaat wat hom sal ver=bind tot skoon en eerlike regering bo partybelange.

---

79. Vermooten, a.w., p. 234.
80. Cape Times, 5.5.10, 6.5.10, 1.7.10, 11.5.10, 20.7.10; Cape Argus, 14.5.10; Natal Witness, 4.5.10; Diamond Fields Advertiser, 6.5.10; Pretoria News, 2.7.10; A.P.O., 2.7.10, 30.7.10, 13.8.10.
81. The Diamond Fields Advertiser, 6.5.10.
82. In Fraser-versameling.

Aanhalings uit die pamflet is deur opposisie-koerante gebruik onder andere deur die A.P.O.[83] Die pamflet is 'n bewys van hoe beswaard kiesers was oor die optrede van die Botha-bewind in Transvaal. Die A.P.O. het daarna soos volg verwys:[84] "It is a serious business when lawmakers become law-breakers."

As verder in gedagte gehou word dat generaal Botha uit sy eie sowel as opposisiegeledere heelwat kritiek ge= kry het oor die geskenk van die Cullinandiamant aan die Britse koning 'n paar jaar vroeër en dat die Trans= vaalse regering die "geskenk" van die Uniegebou van twee miljoen Rand aan die Unie gedoen het, dan het dit voorgekom of die regering nie juis spaarsaam was met sy bestedings nie. In 'n spotprent in die Cape Times word generaals Botha en Smuts dan ook voorgestel as narre wat geskenke uitdeel.[85] Die byskrif lui: "There has been a feverish haste on the part of the Transvaal Govern= ment to spend their surplus in anticipation of the coming of Union". Geen wonder dus dat baie kandidate en koerante prys gestel het op eerlike administrasie nie.

(c) Die Truter-verslag

'n Ander aangeleentheid wat die opposiepers gebruik het om die Regering verdag te maak, het in verband

84. A.P.O., 13.8.10.
85. Cape Times, 5.5.10.

gestaan met die Truter-verslag. As gevolg van die griewe van sekere arbeiders op die spoorweë is magistraat T.G. Truter aangestel om die griewe te ondersoek. Sy verslag is nie openbaar gemaak nie en oor die geheim= houding is baie kritiek uitgespreek.

Op 'n vergadering wat generaal Botha op 9 Augustus 1910 in Pretoria toegespreek het,[86)] het hy in antwoord op 'n vraag oor die Truter-verslag gesê dat Truter versoek het dat die verslag nie openbaar gemaak sal word nie. Alhoewel generaal Botha verseker het dat die aanbevelings uitgevoer sal word, is dié rede wat hy aangevoer het waarom die verslag nie gepubliseer is nie, as ongenoeg= saam beskou.

Die Cape Times reageer in 'n hoofartikel "Confidential" daarop dat dit goed en wel is dat die aanbevelings van die Truter-verslag uitgevoer sal word, maar die publiek het die reg om te weet wat is "the nature of the disease, and also about the physician's prescription".[87)]

Sauer, die minister van Spoorweë het op 'n vergadering wat hy saam met Hull op Germiston toegespreek het op 25 Augustus weer eens die versekering gegee dat daar

---

86. De Volkstem, 16.8.10.
87. Cape Times, 12.8.10.

niks is om weg te steek nie. Daar is dinge wat reggestel sal word, maar Sauer wys weer daarop dat die Regering die verslag as vertroulik onderneem het.[88)]

Die E.P. Herald het afgelei dat die bevindinge sodanig was, dat die Regering bevrees was om dit bekend te maak.[89)] Op die vooraand van die verkiesing het The Star in 'n artikel "Who has seen the Truter report?" weer eens die spoorwegwerkers daarop gewys dat hulle wat belang het daarby, nie kennis dra van die inhoud van die Truterverslag nie.[90)] Die regering het homself waar= skynlik aan onnodige kritiek bloot gestel deur sy weiering om die bevindings van die Truter-verslag te publiseer.

## 4. Die Afskeidingsbeweging in die Oostelike Provinsie

'n Aangeleentheid wat buite die partypolitiek gestaan het, maar wat 'n skeuring in die Unioniste Party kon gebring het, is deur die versigtige en taktvolle op= trede van die leier, dr. Jameson, vermy. Dit was die Afskeidingsbeweging in die Oostelike Provinsie.

---

88. Transvaal Leader, 26.8.10.
89. Eastern Province Herald, 30.8.10.
90. The Star, 14.9.10.

Op Grahamstad is op 3 Junie 'n beweging, naamlik die "Eastern Province Association" begin "for the purpose of securing at as early a date as possible the integrity of the Eastern Province as a member of the South African Union, with a Provincial Administration of its own."[91] Die beweging was, ander as die "Separation Movement" van 1872, nie van plan om weg te breek en afsonderlik te bestaan nie, maar om die Kaapprovinsie in twee te verdeel met die oog op doeltreffender administrasie. Die verkiesing van senatore het 'n stoot aan die beweging gegee omdat slegs een van die agt senatore van die Oostelike Provinsie was. Die beweging het onder die advokate van Grahamstad ontstaan, wat beoog het om 'n belangriker status vir hul dorp te verkry.[92] Die beweging was nie-polities van aard, maar daar was tog 'n sterk gevoel om dr. Jameson se steun daarvoor te verkry. Op 'n vergadering te Grahamstad ge=hou op 3 Augustus 1910 is egter die volgende besluit ge=neem: "That this meeting of the Eastern Province Asso=ciation reaffirms its entirely non-party character, and decides that it will not ask the Right Hon. Dr. Jameson at this stage to pledge his support to the Movement."[93]

Die Natal Mercury het simpatie met die beweging gehad, veral omdat die belange van die Oostelike en Westelike Provinsie so baie verskil, maar het tog gemeen dat die

---

91. The State, vol 4 nr. 2, 2.8.10.
92. Ibid.
93. Eastern Province Herald, 6.8.10.

Suid-Afrikawet daarvoor voorsiening moes gemaak het en dat dit toe te laat was om die saak reg te stel.[94)] In 'n hoofartikel van die E.P. Herald, "Grahamstown and Separation", is gewaarsku dat Grahamstad se agitasie daarop gemik was om Grahamstad die hoofstad van die Oostelike Provinsie te maak. Wat van Port Elizabeth se aanspraak? vra die koerant.[95)]

Dokter Jameson wou hom nie kompromitteer met die oog=merk van die vereniging nie en het gesê hy beskou die beweging as te vroegtydig.[96)] Die beweging het amper 'n skeuring in die Unioniste Party veroorsaak. Lede van die Unioniste Party het gedreig om onafhanklike "separist"-kandidate te benoem as die Hoofbestuur nie hul wens sanksioneer nie. Dokter Jameson het egter daarin geslaag om die onenigheid uit te weg te ruim.[97)]

Die feit dat dr. Jameson, wat as lid vir Albany-kies=afdeling genomineer en gekies is, hom teen die beweging uitgespreek het, asook die onderlinge verdeeldheid oor die hoofstad, want behalwe Grahamstad en Port Elizabeth

---

94. Natal Mercury, 23.6.10.
95. Eastern Province Herald, 6.8.10.
96. Eastern Province Herald, 6.8.10; The State, Augustus 1910, p. 296.
97. Round Table, Vol 1, nr. 1, pp. 99-100.

was Oos-Londen ook nog 'n sterk aanspraakmaker, en meningsverskil oor watter gebiede almal by die nuwe provinsie ingesluit moes word,[98] het daartoe gelei dat die beweging doodgeloop het.[99]

Verkiesingsvraagstukke soos die Sjinese arbeiders en die Kapitaliste wat deur die Nasionaliste aangewend is, kritiek op die administrasie deur die Unioniste en aandrang op die verbetering van die arbeider se posisie deur al die partye is egter ver oorskadu deur Hertzogisme. Hierdie verkiesingskreet het egter meer as enigiets anders die aanstaande verkiesing laat ontwikkel in 'n rassestryd.

---

98. Daar was selfs sprake dat Umtata by Natal wou aansluit.
99. Eastern Province Herald, 6.8.10.

# HOOFSTUK VIII

## VERKIESINGSVELDTOG (4) : HULPMIDDELE EN TEGNIEKE

### 1. Vergaderings

Vergaderings, wat so eie aan verkiesings is, het in 1910 'n belangrike deel van die verkiesing gevorm. Met be= perkte kommunikasiemiddele was vergaderings, afgesien van die pers en persoonlike besoeke, die enigste manier waarop kandidate hulleself kon bekend stel en hulle sienswyses aan die kiesers kon oordra. Op die platte= land is vergaderings meestal gedurende die dag gehou, terwyl in die stede en groter dorpe dit gewoonlik in die aande plaasgevind het. Dit was belangrike geleent= hede, eintlik okkasies, waar behalwe die kandidate ook 'n hele aantal hoogwaardigheidsbekleërs, waaronder ge= woonlik ook die burgermeester, op die verhoog stelling ingeneem het. Baie van die toesprake is taamlik volle= dig weergegee in koerante.

Generaal Botha het as leier van die Nasionaliste in al die provinsies, uitgesonderd die Kaapprovinsie, ver= gaderings toegespreek. In die Vrystaat het hy slegs in Bloemfontein op 5 September 'n vergadering gehou van 11h00 tot 13h30. Aan Natal het hy besondere aandag ge= gee. Miskien het hy gemeen dat Natal braak lê en het hy gehoop op heelwat steun in Natal. Hy het die pro= vinsie drie keer besoek en belangrike vergaderings toe=

gespreek in Pietermaritzburg (20 Junie), Ladysmith (22 Augustus) en Durban (8 September), waar hy volgens De Volkstem 'n groter opkoms gehad het as dr. Jameson.[1] Op dié vergadering wat deur Botha ook in Engels toegespreek is, is die twee generaals, Botha en Smuts, deur die burgemeester van Durban, die heer Hollander, voorgestel as die beste staatsmanne in Suid-Afrika. Generaal Botha was tydens een van sy besoeke aan Natal die gas van C.G. Smith, die stigter en voorsitter van die Natal Party. Die generaal se besoeke aan Natal en die vriendskap met Smith het seker in hoë mate daartoe bygedra dat die Unioniste Party nie so 'n sterk houvas op Natal hom kry as wat hulle graag wou hê nie.

In Transvaal het Louis Botha baie vergaderings gehou, maar veral in Pretoria en in geringer mate ook op die Rand gekonsentreer.

Oos-Transvaal het teen die einde van Junie al aan die beurt gekom waar onder andere Standerton (28 Junie) en Wakkerstroom (30 Junie) na hom kon luister. Op die Rand is groot byeenkomste gehou op die Wanderers (12 Julie), waar Botha vir die eerste keer 'n gehoor in Engels toegespreek het, Yeoville (26 Julie), Braamfontein en Fordsburg (11 Augustus) en Troyeville (13 September).

---

1. De Volkstem, 9.9.10.

Alle oë was egter gevestig op Pretoria waar Louis Botha die verkiesingsveldtog op 14 Junie in die Operahuis ge=open het. By die geleentheid het hy sy toespraak half=pad onderbreek en is die geleentheid aan sy privaat=sekretaris, dr. Bok, gegee om Botha se manifes in Engels en Afrikaans (Hollands) aan die publiek voor te lees.[2] In Pretoria het hy ook nog vergaderings toegespreek op 9, 10, 17, 24 en 30 Augustus en op 14 September. In die Pretoriase stadsaal het generaal Botha vir die eerste keer op 9 Augustus 'n gehoor in Pretoria in Engels toegespreek. Die vergadering is onder andere deur twee Kaapse ministers, naamlik menere Sauer en De Villers Graaff, bygewoon.[3] Daarbenewens is nog baie ander vergaderings gehou waar kleiner groepe mense in privaat huise of op ander plekke toegespreek is.

Op Woensdagaand 14 September het generaal Botha sy ver=kiesingsveldtog afgesluit met 'n vergadering in Pretoria, waar hy bygestaan is deur generaal Smuts, Ewald Esselen en Andrew Johnston.[4]

Generaals Botha en Smuts het gewoonlik saam op vergaderings opgetree. Botha het dan eerste gepraat en gebruiklik net aandag aan slegs enkele vraagstukke gewy, waarna Smuts

---

2. The Star, 15.7.10, sien p. 108.
3. De Volkstem, 9.8.10.
4. The Star, 15.9.10.

aan die woord gekom het oor ander aspekte. So byvoorbeeld het generaal Botha op die goedbygewoonde vergadering op die Wanderers[5] slegs aan drie sake, naamlik die onderwys, immigrasie en rassesamewerking, aandag geskenk. Smuts het oor verdediging, arbeid, mynwese en ander sake gepraat. Uit koerantverslae kan afgelei word dat daar volkome samewerking tussen die twee leiers was en dat hulle as 'n eenheid opgetree het. Dit was egter weens omstandighede ook nie altyd moontlik om saam op te tree nie. Op 9 September moes generaal Smuts weens die siekte van generaal Botha alleen op Pietermartizburg die woord voer.

Op 13 September is hulle beide in Johannesburg, waar Botha in Turffontein en Smuts in Yeoville[6] praat.

Generaal Botha wat bekend was as iemand met 'n aangename persoonlikheid, het baie keer 'n gepaste woord of 'n spesifieke boodskap tot 'n besondere gehoor gerig. So het hy in Bloemfontein daarvan gewag gemaak dat baie belangrike gebeurtenisse in die geskiedenis met Bloemfontein verbind is en dat dit 'n vername middelpunt in die Unie sou bly.[7] Sy waarderende opmerking oor die werk van sir Jan Brand het applous uitgelok. Tydens

---

5. The Star, 13.7.10.
6. The Star, 14.9.10.
7. De Vriend des Volks, 6.9.10.

Botha se besoek aan Natal en na aanleiding van sy ver= welkoming in Ladysmith het hy humoristies verwys na sy besoek aan die dorp tien jaar tevore.[8] "Inplaats van verwelkomstadressen, bood men hem toenmaals 'n regen van lood en bommen aan (Gelach). Daardie dae is gelukkig verby en 't moest tans 't streven wezen van iedere goede Afrikaner om op 't as van dat verledene te bouwen 'n natie die waardig sou zÿn de edele tradities van beide rassen." Hy het by die geleentheid 'n besondere boodskap vir die Natallers: "Hy is hoogmoedig daarop om Nataller van geboorte te wees en Natal het nog altyd 'n sagte plek in sy hart opgeneem. Natal was bestem om 'n belangrike rol te vervul in die toekoms. Hulle moet egter nie uit die oog verloor nie dat hulle tans Suid-Afrikaners is. Hulle moet dus dink en handel as Afrikaners."

Oor sy verbintenis met Pretoria het generaal Botha op 'n vergadering aldaar uitgewy en onder andere gesê dat hy van die begin af gevra het dat staatsamptenare nie in die politiek betrek moet word nie.[9] Hy het ook gevra dat die name van amptenare wat op sy eleksierekwisisies verskyn het, geskrap moes word: "Niemand kan er meer prÿs op stellen dan ik, dat de publieke dienst geheel

---

8. De Volkstem, 23.8.10.
9. De Volkstem, 2.9.10.

vrÿ blÿft van politieke invloeden (applous)". Tweedens verwys hy na bewerings dat hy (Botha) allerlei vir Pretoria sou verkry en daardeur stemme sou wou verwerf. "Ik beloof Pretoria niets, dat niet gerechtvaardigd zou zÿn", was sy verweer.

In die Pretoriase stadsaal waar generaal Botha op 9 Augustus gepraat het, is aan die einde 'n mosie van ver= troue met oorgrote meerderheid van stemme aangenaam onder die sing van "For he is a jolly good fellow".[10] Die vergadering wat deur generaals Botha en Smuts 'n maand later in Durban gehou is, is ook op 'n waarderende wyse beëindig.[11] Na die toesprake van die twee here en na die beantwoording van vrae "liep de vergadering ten einde, met drie donderende hoera's voor generaal Botha en 't singen van 't engelse Volkslied." Ten spyte van al die vertroue wat in Botha en Smuts betuig is, is baie van hulle vergaderings egter vergal deur die ge= durige uitroepe van: "Hertzog!", "What about Hertzog?" "Hertzogism" en soortgelyke opmerkings. Hierdie opmer= kings het vir Botha in 'n verleentheid gestel sodat hy soms in die bresse getree het vir generaal Hertzog en by ander geleenthede slegs verwys het op wat in Transvaal gedoen is, soos in die vorige hoofstuk aangedui is.

Die bedrywigste spreker in die Vrystaat was sekerlik

---

10. De Volkstem, 9.8.10.
11. De Volkstem, 9.9.10.

generaal Hertzog. Behalwe sy belangrike vergadering op nominasiedag in sy kiesafdeling Smithfield, het hy dwarsdeur die Vrystaat vergaderings toegespreek. Hy was wel gedurende die verkiesingskampanje in Natal en Transvaal, maar sy besoeke was in verband met sy departe= ment van Justisie en geen politieke vergaderings is toe deur hom toegespreek nie. Sy vergaderings het nie altyd kalm verloop nie. 'n Voorbeeld daarvan is 'n ver= gadering wat hy en mnr. Serfontein op Kroonstad toege= spreek het.[12] Nadat generaal Hertzog in Afrikaans begin praat het, is hy gevra om in Engels te praat. Hy het egter voortgegaan in Afrikaans. Dit het nie by= val gevind nie: "At this stage the people in the front of the hall rose and a scuffle was heard at the back of the hall. All those on the platform rose and for 20 minutes absolute pandemonium reigned. A free fight took place at one end of the hall and proceedings were enlivened by the blowing of police whistles, and the ejection of a few members of the audience. During the scuffle the National anthem was sung". Daarna het generaal Hertzog in Afrikaans voortgegaan en is sy toespraak getolk.[13] Hierdie insident word vermeld om aan te toon tot watter mate die Hertzogisme-kreet die publiek teen generaal Hertzog opgesweep het en hoe hy in reaksie daarteen homself laat geld het.

---

12. The Bloemfontein Post, 5.9.10.
13. The Transvaal Leader, 5.9.10.

Advokaat Fischer wat onbestrede in Bethlehem verkies is, het ook heelwat vergaderings dwarsdeur die Vrystaat toegespreek, veral in Bloemfontein en in Noord- en Oos-Vrystaat. Op 'n vergadering ter bevordering van sy eie kandidatuur, voor nominasiedag, het hy verklaar dat die Unie van Suid-Afrika vir hom twee hoofoogmerke in= hou:[14)] die totstandkoming van rasseharmonie en doel= treffende staatsadministrasie. Hy het Natal gedurende die eerste week van Julie besoek.[15)]

Die ander leiers van die Nasionaliste het hulle bepaal by hulle eie provinsies en hoofsaaklik hulle eie kies= afdelings. Vir party leiers wat onbestrede verkies is, was daar 'n rustige verkiesingsveldtog, soos byvoor= beeld mnr. Merriman. Hy het wel op nominasiedag 'n vergadering op Victoria-wes toegespreek, maar origens was hy volgens homself maar "a humble musketbearer".[16)]

Hy het nietemin Nasionaliste help toespreek op plekke soos Somerset-Wes (25 Augustus), Kaapstad (31 Augustus) en Stellenbosch (6 September). Van die leiers van die Nasionaliste was F.S. Malan, waarskynlik die be= drywigste, want hy het oral in die Kaapprovinsie selfs

---

14. Jacobs, a.w., p. 382.
15. The Pretoria News, 9.7.10.
16. Laurence, a.w., p. 337.

in die Oostelike Provinsie vergaderings toegespreek. Hy het ook gepraat op die groot vergadering op die Wanderers op 12 Julie. Moor het as gevolg van die kwaai teenstand wat hy ondervind het, dit nodig gevind om generaal Smuts se hulp in te roep. Of laasgenoemde se toesprake opgewasse was teen dié van kol. Byron oor Hertzogisme, val te twyfel volgens die Friend.[17)]

Die leier van die Opposisie het sy verantwoordelikheid sterk gevoel. Gedurende Junie en Julie 1910 het hy die land deurreis om behulpsaam te wees met die stig= ting van takke van die Unioniste Party. Gedurende die tyd het hy nie openbare toesprake gehou nie. So het hy byvoorbeeld met die hulp van dr. Smartt die Oostelike Provinsie besoek gedurende die eerste helfte van Julie. Hy het daar belowe dat hy later sou terug= keer vir toesprake en sy kommentaar toe was slegs "No speeches -- no opinions."[18)] Wat openbare vergaderings aanbetref het hy in al die provinsies opgetree, behalwe in die Vrystaat waar dr. Smartt vir hom op 16 Augustus ingestaan het, toe hyself op Grahamstad gepraat het. Van die vergaderings wat dr. Jameson toegespreek het, was die grootstes seker dié op die Wanderers Johannesburg[19)] (3 Augustus), in Durban[20)] (9 Augustus) waar daar volgens

---

17. The Friend, 14.9.10.
18. The Transvaal Leader, 16.7.10.
19. The Star, 4.8.10.
20. Cape Times, 10.8.10.

die E.P. Herald 3 000 mense teenwoordig was[21] en Kaapstad (30 Augustus),[22] waar die stadsaal propvol was met 3 500 mense.

Op die vergadering op die Wanderers het behalwe dr. Jameson ook gepraat: sir George Farrar, sir Percy Fitzpatrick, dr. Smartt en menere Quinn en Chaplin. Die hooftoespraak was in "the Big Rink", terwyl ander toesprake gehou is "in the small hall" en ook "in the open". Volgens The Star was dit 'n regte politieke "rally".[23]

Op Grahamstad het dr. Jameson die Unioniste se program bekendgestel en sy kandidatuur in Albany verduidelik. Hy het onderneem om Albany sy setel te maak, maar het aan die gehoor verduidelik dat hy as die "cinderella" van die party ook in Kaapstad-Hawe gaan veg.[24] Sy veldtog in die Kaapse Skiereiland het hy op 25 Augustus in Seepunt geopen saam met J.W. Jagger.[25] Hy het sy finale vergadering gehou op 14 September in die Kaapstadse stadsaal nadat hy die vorige aand nog twee vergaderings ver uitmekaar in die Kaapse Skiereiland toegespreek het.[26]

---

21. Eastern Province Herald, 10.8.10.
22. The Transvaal Leader, 31.8.10.
23. The Star, 4.8.10.
24. Cape Times, Weekly Edition, 24.8.10.
25. The Transvaal Leader, 26.8.10.
26. The Transvaal Leader, 14.9.10.

Sir Percy Fitzpatrick was baie gewild as spreker, nie alleen in Pretoria nie, maar veral ook op die Rand en in ander dele van die land. Soveel belangstelling was daar byvoorbeeld vir die vergadering wat hy op 30 Junie in die Operahuis in Pretoria sou toespreek, dat 'n addi= sionele vergadering in die stadsaal belê is vir later in die aand.[27)] Dié uitstekende debatteerder en wel= sprekende redenaar het sy toehoorders graag vertel van die Konvensie-dae, sy pogings om eenheid te verkry en generaal Botha se aanvanklike gewilligheid om saam te werk en hoedat Botha daarna moes swig voor "sterker manne". Hy het ook nie nagelaat om daarop te wys dat generaal Botha die man was wat die stryd in die Pretoria kiesafdeling aangeknoop het nie.

Op 19 Julie het sir Percy en sir George Farrar 'n groot vergadering in Durban toegespreek met die doel om 'n Unionistebeweging in Natal te begin.[28)] Op die aand van 23 Julie help sir Percy alweer vir H.W. Soutter op Roodepoort.[29)] Op 27 Julie praat hy in Arcadia en die volgende aand spreek hy 'n groot vergadering toe in die Pretoriase stadsaal. Vir die Pretoria News is "Fighting Fitz" net die man.[30)] Hy hou baie vergaderings waar kleiner groepe toegespreek word byvoorbeeld winkelklerke,

---

27. The Star, 30.6.10.
28. Pretoria News, 20.7.10.
29. The Transvaal Leader, 24.7.10.
30. Pretoria News, 28.7.10 en 29.7.10.

spoorwegwerkers en andere. Behalwe sy veelvuldige toe= sprake op die Rand en ander plekke het hy in Pretoria nog groot opkomste gehad in die Pretoriase stadsaal op 20 Augustus, op 5 September en op 14 September saam met Lunnon by die afsluitingsvergadering in die Capital Rink.

Die leier van die Arbeiders, kol. Creswell, het net op die Rand gepraat waar kandidate van die Arbeiders be= trokke was. Die Arbeiders het beskik oor bekwame sprekers in die persone van Sampson, Andrews, dr. Haggar en senator Whiteside, wat ook baie vergaderings toege= spreek het. Die Arbeiders se verkiesingsveldtog is op 14 September in Johannesburg by die Fordsburg Markplein afgesluit toe 'n laaste demonstrasie gehou is met Creswell, Andrews, Wybergh, J.J. Ware en Percival Smith.[31)]

Dokter Abdurahman, die leier van die Kleurlinge het be= soeke afgelê in Port Elizabeth en Kimberley om Kleur= lingkiesers toe te spreek.[32)] In die Port Elizabeth-area het hy vergaderings toegespreek by Drie Riviere, (25 Augustus), Uitenhage (26 Augustus) en Korsten (27

---

31. Rand Daily Mail, 15.9.10.
32. A.P.O., 10.9.10.

Augustus) waar hy die Kleurlinge aangeraai het om vir die Unionistekandidate D.M. Brown en C.H. Mackay te stem. Op Kimberley het hy 'n stampvol stadsaal op 29 Augustus toegespreek waar hy ook die kandidatuur van die Unioniste Dr. Watkins (Barkly) en H.A. Oliver (Kimberley) bevorder het.[33)] Hy het ook etlike ver= gaderings in die Kaap toegespreek.[34)]

Aan opmerkings en kwinkslae het dit op party vergaderings ook nie ontbreek nie. Van die vergadering wat generaal Botha in Bloemfontein toegespreek het, so word berig, het 'n geboe en gejuig opgegaan toe Fischer aan die woord gekom het.[35)] Die betrokke berig lui verder: "De Unionisten waren vry talryk vertegenwoordigd en rumoerig. Het geraas dat er af en toe opgeschopt werd ontlokte aan de heer Fischer de opmerking dat de Hertzog wet in zoverre een gebrek had, als ze geen voorziening maakte voor 't aanleren van goede manieren".

Generaal Smuts het weer by geleentheid met die volgende kwinkslag met sy opponent afgereken: "Mr. Hopley had said that his (General Smuts's) brains were a danger to the future of South Africa. Unfortunately the speaker could not say the same about Mr. Hopley."[36)]

---

33. A.P.O., 10.9.10.
34. Dr. Abdurahman is op 12.9.10 vir 'n derde termyn as Stadsraadlid vir Kaapstad gekies.
35. De Vriend des Volks, 6.9.10.
36. Cape Times, 11.8.10.

Dieselfde Hopley het vroeër gesê dat die Het Volk nie 'n demokratiese party is nie, maar 'n "dummycratic party."[37]

## 2. Pers en propaganda

Na die amptelike nominasies op Vrydag 19 Augustus (in Natal op Woensdag, 31 Augustus) afgehandel en onseker= heid oor kandidate wat vroeër nog bestaan het, uit die weg geruim was, het die verkiesingsveldtog die betekenis= volste stadium, van minder as vier weke tot stemdag, Vrydag 15 September, ingegaan. Die koerante was slag= gereed en het met hul metodes vorendag gekom om die kiesers te oorreed om vir bepaalde kandidate of bepaalde partye te stem.

Generaal Botha het van G.S. Preller, wat in De Volkstem onder skuilnaam "Knop" geskrywe het, se dienste gebruik gemaak om 'n verkiesingsbrosjure op te stel. Onder die opskrif "Agt jaar s'n politiek" is 'n brosjure van 72 bladsye uitgegee wat 'n oorsig van die geskiedenis gegee het vanaf 1902 tot 1910. Die strekking van die inhoud van die brosjure was in noue ooreenstemming met 'n artikel in De Volkstem onder die opskrif "Laat hun werk voor hen

---

37. Pretoria News, 16.7.10.

spreken",[38] wat 'n opgawe verstrek het van die be= langrikste wetgewing van generaal Botha se regering vanaf 1907.

Onder die opskrif "Naskrif September 1910", word Nasionaliste soos volg opgeroep om te stem: "Maar laat iedere goeie Transvaler op 15 September a.s. sÿn plig doen aan die stembus, en stem vir die kandi= daat van die Nasionale party. Als daar g'n Nasionale kandidaat is nie, dan is 't plig om sÿn stem te ge aan die Arbeiderskandidaat wat daar staat, maar in geen geval aan die Unionist of die Independent". Die brosjure word afgesluit met die woorde:[39]

"Moenie Boer, of Brit stem nie, maar stem Nasionaal. Stem vir 'n skoon regering en die kandidaat van die Nationale Party. Stem vir die Nasionale Party wat in die laaste agt jaar gewys 't wat hul kan doen. Stem teen die "Progressiewe", wat in vier jaar s'n tÿd die land gebreng 't op die randjie van bankrotskap. Stem so's 'n burger van Suidafrika behoort te stem, - stem nasionaal."

In 'n artikel in De Volkstem, "Hoe te stemmen",[40] is twee volle bladsye gewy van instruksies aan kiesers

---

38. De Volkstem, 9.9.10.
39. G.S. Preller: Agt jaar s'n politiek, p. 72.
40. De Volkstem, 26.8.10.

en word 'n volledige naamlys verstrek met kruisies by die name van die Nasionaliste en ook by die name van Arbeiders waar daar nie Nasionaliste in 'n kiesafdeling was nie. Op 30 Augustus en in al die uitgawes sedert 6 September is vier volle bladsye daarvoor gebruik.

De Volkstem maak ook propaganda vir die Nasionale kan= didate en selfs ook vir F.H.P. Creswell van wie vermeld word: "Creswell is een der leiders van de blanke ar= beidersbeweging, die ten doel heeft 't streven te ver= ÿdelen van de zodanigen onder de goudindustriëlen, die bÿ voorkeur 't gebruik van kleurlingarbeiders aanbevelen --- ook al staan hy as kandidaat voor de Arbeiderspartÿ, verdient hÿ ten volle de steun van allen Nationalisten Zÿner kiesafdeling."[41)]

Ook Ons Land het vanaf 23 Augustus groot advertensies geplaas met die name van die kandidate. In die hoof= artikel van 13 September waarsku die koerant sy lesers om vroeg te stem. Om te stem is nie net 'n voorreg nie, maar ook 'n plig, aldus die koerant.[42)]

Dokter Jameson het op vergaderings op die Arbeiders beroepe gedoen om by die Unioniste in te skakel as hulle

---

41. De Volkstem, 26.8.10.
42. Ons Land, 13.9.10.

regtervleuel, veral as dit waar was dat hulle nie 'n ooreenkoms met die Nasionaliste aangegaan het nie. Die versuim om dit te doen en die wetgewing waarna in generaal Botha se verkiesingsmanifes verwys is, het The Star geleentheid gegee om 'n aanval te doen op die Arbeiders vir wie hy sy mes ingehad het. Vanaf 30 Augustus 1910 tot 7 September het The Star artikels geplaas onder die opskrif "The Marionettes, Labour led by Het Volk" waarin aangetoon is dat die Arbeiders saam met die Het Volk gestem het in verband met vroeëre wetgewing. Alhoewel die Arbeiders en Nasionaliste 'n bondgenootskap ontken het, het The Star nogtans geglo dat hulle kop in een mus was.

Soos verwag kon word by so 'n belangrike gebeurtenis in die volkslewe as 'n eerste uniale verkiesing, het die kerklike organe ook daaraan aandag geskenk. De Kerkbode het in 'n artikel onder die opskrif "Wien zullen wÿ naar het Parlement zenden" daarop gewys dat dit die plig van die gelowiges is om verantwoordelike manne, wat op christelike standpunt staan, aan te wys.[43)] Die blad vervolg: "Mogen die aanstaande verkiezingen be= wÿzen dat wÿ als christen burgers het karakter boven de slimheid stellen, en dat by ons de godzaligheid meer weegt dan de geslepenheid." Oor die aanstaande

---

43. De Kerkbode, 11.8.10.

verkiesing word in De Hervormer geskrywe onder die op= skrif "Brieven van Oom Sarel":[44] "Ik zie van Uitkÿk= skop alle duivels van Ou Oom Jan over het land vliegen en vooral drie: de lieg-duivel, de afgunst-duivel en de spog-duivel". Hy kla dat die Regering nie sy be= leid en program duidelik formuleer nie. Die kiesers tas in die duister. Die kerk protesteer daarteen "dat christenen, van welke kerk dan ook, zoo liegen". Onder die opskrif "De Stembus" skryf Het Kerkblad dat die kiesreg wat deur God geskenk is, reg gebruik moet word.[45] Dit is nou die tyd dat kiesers hulle moet uitspreek oor vrye christelike onderwys en om Gods eer ook in die politiek te soek.

Laasgenoemde waarskuwing was ook seker broodnodig, want die finale stormloop van die laaste week het felle en volgehoue propaganda opgelewer.

Twee opposisiekoerante het min of meer van dieselfde pro= pagandametode gebruik gemaak deur propagandakrete orals tussen artikels en berigte te plaas. Die Leader het o.a. vrae en antwoorde in vetgedrukte letters ge= plaas waarvan die volgende slegs 'n aantal voorbeelde is:[46]

---

44. De Hervormer, 15.8.10.
45. Het Kerkblad, 1.9.10.
46. The Transvaal Leader, 13.9.10, 14.9.10 en 15.9.10.

"Are you against the 3s 4d (33sent) a day standard for white labour? Vote Unionist".
"Do you want the land opened up? Vote Unionist".
"Do you want equitable taxation for rich and poor? Vote Unionist".
"Do you want white man's wages for white man's work. Vote Unionist".
"Do you want equitable taxation for town and country? Vote Unionist".
"Do you want to down miners phthisis? Vote Unionist".
"Do you want to establish local industries? Vote Unionist".
"Do you prefer the magnate who lives and works and spends his money here to the Park Lane absentee, or worse, his deputy? Vote Unionist".

Die Bloemfontein Post het op dieselfde wyse kiesers probeer beïndruk[47]:

"Do you want a sound Civil Service in which your boys have a fair chance? Vote Unionist".
"A comprehensive scheme of land settlement. If you want this vote Unionist".
"Do you want sound non-political education for your children? Vote Unionist".
"Do you want to increase the white population by immi= gration? If so- Vote Unionist. The Nationalists are against this".

---

47. The Bloemfontein Post, 15.9.10.

"Do you desire the great problem of the natives dealt with on sound lines? Vote Unionist".
"Do you desire sober natives and safety in you homes? Vote Unionist".

Nog 'n koerant wat dieselfde wyse van propaganda ge=bruik het was die Transvaal Chronicle wat in die bresse getree het vir die Onafhanklikes, wat deur dié koerant as die "Forward Party" aangeprys is.[48)] Die koerant het in sy uitgawe voor verkiesingsdag met die volgende soort negatiewe propaganda vorendag gekom:[49)]

"You would pave the way for the black to become the baas of South Africa;
You would give countenance to the racial wrangle which the old parties have set afoot again;
You will help te keep wages at 3s 4d (33 sent) a day;
You will show that you approve of the State and people deriving no benefit as chief partners in the Premier Mine;
That you have no concern in the industrial development of the country;
If you desire a liberal and a forward policy, then you will vote for the Independent candidates".

48. Transvaal Chronicle, 12.9.10.
49. Transvaal Chronicle, 14.9.10.

Voorbeelde van die soort propaganda wat op verkiesings=dag in vetgedrukte letters onder aan die bladsye van die koerante verskyn het, was die volgende:

"Your only chance of getting a grip on you assets in diamonds is to vote Independent".
"Pretoria West, remember that a vote for the Independent candidates is a blow struck for political freedom".
"In the West, a vote for the Unionists serves no pur=pose except to spoil a straight fight".[50)]

Die Natal Mercury tokkel vir oulaas nog op 'n ou snaar in 'n oproep aan sy lesers. "Natal is far more disposed towards the Unionist platform, which is definite, than to the Nationalist platform, which has yet to be formu=lated, and may be quite different from the personal programme of General Botha".[51)]

Op die logika van dr. Jameson dat Unioniste verkies moet word sodat daar 'n sterk opposisie kan wees om sodoende vir generaal Botha te steun, antwoord die Friend in 'n hoofartikel met die volgende advies: "What South Africa wants is not a strong opposition, but a strong government".[52)]

---

50. Transvaal Chronicle, 15.9.10.
51. Natal Mercury, 14.9.10.
52. The Friend, 14.9.10.

Die Times of Natal het in 'n hoofartikel "To-morrow's verdict"[53] verwys na die drie partye in Natal, naamlik die Nasionaliste, Unioniste en die derde party wat die koerant die Natallers noem. Vir die Unioniste is daar nie 'n goeie woord nie, maar die Nasionaliste onder leiding van generaal Botha word aangeprys. Die hoop word uitgespreek dat die kiesers van Pietermaritzburg vir menere Orr (Onafhanklike) wat teen 'n Arbeider gestaan het en O'Meara (Nasionalis) sal steun. Die vol= gende dag doen die koerant 'n beroep op die kiesers om die regering wat deur die Imperiale regering aangewys is, te steun.

Baie oggendkoerante het nog ammunisie oorgehou vir die finale sarsie op stemdag 15 September. Die Bloemfontein Post het byvoorbeeld 'n volblad-advertensie gereed gehou vir sy lesers, waarin daar die volgende vergelyking gegee word van die Unioniste en Nasionaliste se beleid:[54]

"The issue before the electors today. What the Unionist party stands for:

1. A free and enlightened Education policy.
2. Immigration on sound economic lines.
3. A living wage.
4. A clean public service.
5. Opening up the land.

---

53. Times of Natal, 14.9.10.
54. The Bloemfontein Post, 15.9.10.

6. No drink for the native.
7. Fair treatment of all provinces.

What the Nationlist party stands for:

1. Compulsory Dutch as medium of instruction and language.
2. Exclusion of oversea capital.
3. 3/4 a day.
4. Tammany Hall principles.
5. Unearned increment for the Backveld.
6. Cape dop for all and sundry.
7. The Aggrandizement of Pretoria.

Which do you prefer?

Vote for the Unionist candidates. C.L. Botha (city) and D.G.A. Falck (District)".

Dit was juis vanweë bostaande soort propaganda dat die South African News 'n aanval gemaak het op die Unioniste se Randse koerante, die Star en die Leader "who are making a last despairing appeal to the electors to vote British, save the children from Hertzog, protect women from drunken natives and defeat the men who in Cape Colony imposed the income tax on working men".[55)]

---

55. The South African News, 15.9.10.

Vir die Friend was die keuse "Capitalism against the People". In 'n hoofartikel "Look before you leap"[56] het die koerant die twee partye se beleid soos volg teenoor mekaar gestel:

| Nationalists | Unionists |
|---|---|
| A vote given to the Nationalist means: | A vote given to the Unionists means: |
| 1. White labour and plenty of it for the benefit of the working man and the country. | 1. Cheap yellow labour at the expense of the white workman for the benefit of the mining magnates. |
| 2. A white South Africa fit for the home of a white man. | 2. A black and yellow South Africa not fit for a white man to live in. |
| 3. Government of the country by the people in South Africa for the people of South Africa. | 3. Government of the country by the capitalists at the expense of the people for the benefit of European shareholders. |
| 4. Africa for the Africaner or a policy of first helping all those - English or Dutch - who have made their homes in this country. | 4. Africa for anybody or a policy of first looking after those whose only interest in the country is to make all they can out of it and clear. |
| 5. Nationalism or the forming of English and Dutch into | 5. Racialism or the dividing of English and Dutch into |

---

56. The Friend, 15.9.10.

| | | | |
|---|---|---|---|
| | a united healthy South African Nation for the social happiness and material prosperity of us all. | | separate camps to the destruction of the happi= ness and prosperity of nation and country. |
| 6. | "Floreat Bloemfontein" or advancing the prosperity of Bloemfontein by working in sympathy with the rest of the country who are able and willing to help us. | 6. | "Pereat Bloemfontein" or retarding the pros= perity of Bloemfontein by giving the cold shoulder to the rest of the country who cannot then be expected to interest themselves in our welfare. |

In 'n hoofartikel "The Election" in die A.P.O.[57)] word die Kleurlinge aangespoor om hulle plig te doen en vir die Unioniste te stem. Wat volgens die tydskrif nodig was, is 'n sterk opposisie wat roekelose uitgawes en skandale sou beveg. Die Kleurlinge kon weinig verwag van die Nasionaliste "who make a white South Africa a plank in their platform". Die Nasionaliste is bitter vyande van enigiets wat in belang van die Kleurlinge is en hulle is in bondgenootskap met die Arbeiders. 'n Lys van name word verstrek van kandidate vir wie gestem moet word. Dit is al agt Unioniste kandidate in die Kaapse Skiereiland en nog sewe in ander kiesafdelings.

---

57. A.P.O., 10.9.10.

Vyf Nasionaliste wat geen Unioniste-opponente gehad het nie, word egter ook genoem. Dit is die kandidate wat bekend was vir hulle positiewe gesindheid teenoor die Kleurlinge.

Die Onafhanklike Transvaal Chronicle wys in 'n hoofartikel "To the polls" daarop dat die Nasionaliste hoop om 'n groot oorwinning te behaal en die Unioniste hoop op hulle beste vir 'n sterk opposisie.[58)] Die koerant meen dat die Onafhanklikes in staat was om die weegskaal na die een of ander kant te laat swaai: "The force that the Independents have been able to put into the field is of such strength as to justify the inference that this is the force that is destined to hold the balance of power, and that in these days is after all the chief consideration". Ook maar 'n flou troos!

Dit was dus duidelik dat die gees van samewerking en wedersydse vertroue wat vroeër by die Nasionale Konvensie=sittings geheers het, gedurende die verkiesingsveldtog verdwyn het en plek gemaak het vir 'n gees van agterdog en dat rassehaat tot 'n groot mate in die politieke lewe ingetree het. Alhoewel daar by baie leiers ernstige pogings aangewend was om dit te verhoed kon 'n onder-

---

58. Transvaal Chronicle, 15.9.10.

liggende of selfs openlike rassestryd nie verbloem word nie en sou 15 September 1910 bewys hoe ver gevorder is met die toenadering of verwydering in die politieke lewe tussen die blanke bevolkingsgroepe.

# HOOFSTUK IX

## STEMDAG 15 SEPTEMBER 1910 EN UITSLAE

### 1. Verkiesingskoors

Gedurende die week voor die 15de September het verkiesingskoors toegeneem as gevolg van die verskerpte propaganda en die naderkoms van verkiesingsdag. Insidente het maklik die politieke koors laat styg soos die volgende gebeurtenisse getuig.

'n Erediens wat deur ds. H. van Broekhuizen in die Nederduits Gereformeerde kerk in Pretoria op Sondag, 11 September gelewer is, het onder skoot van The Star gekom in 'n artikel "Pulpit politics".[1] Die koerant het daarteen kapsie gemaak dat die predikant in sy preek 'n beroep op die gemeente gedoen het om die regering te steun en dat daar gebid is vir die leiers van die volk. Die koerant was blykbaar nie bekend daarmee dat die godsdiens en die politiek vir die Afrikaner baie naby aan mekaar gelê het nie.

'n Ander insident, op die vooraand van die verkiesing,

---

1. The Star, 12.9.10. Net na die verkiesing het The Star weer beswaar gehad teen 'n politiek-geïnspireerde preek van ds. H.S. Bosman op 18 September. (The Star, 21.9.10).

wat tot 'n hele opskudding op die Wesrand gelei het, was die bewering van J.W.S. Langerman, Nasionaliste-kan= didaat in Krugersdorp, dat hy bewus was van wie vir hom gestem het by 'n vorige verkiesing.[2] Koerante het verseker dat die stem absoluut geheim was. Die Star en die Leader het 'n beskrywing gegee van watter veilig= heidsmaatreëls getref is om die geheimhouding te verseker.[3] In Krugersdorp waar daar twee stembusse sou wees, was die reëling dat die een stembus by Randfontein Estates na die verkiesing deur die kiesbeampte verseël sou word en deur die polisie na Krugersdorp geneem sou word. Daar sou die resident-magistraat die seël breek en die stem= briewe meng met dié van Krugersdorp; daarna sou dit getel word.

Die berig meld verder dat fotograwe gereed was om twyfelagtige of verdagte kiesers te fotografeer ten= einde impersonifikasie te verhoed. Die koerant waar= sku ook dat die boete vir so 'n oortreding twee jaar tronkstraf met harde arbeid is. Blykbaar is die koerante en kiesers onnodig die skrif op die lyf gejaag in 'n tyd toe die verkiesingskoors vinnig gestyg het.

---

2. Rand Daily Mail, 13.9.10; Transvaal Leader, 13.9.10; The Star, 13.9.10.
3. The Star, 13.9.10; Transvaal Leader, 13.9.10.

Vooraf is die publiek reeds ingelig oor watter reëlings getref is om die uitslae, so gou as wat dit ontvang is, bekend te stel. Die waarnemende posmeester-generaal het bekend gemaak dat die poskantoorsentrales oop sou wees van nege voormiddag tot 12 middernag op 15 September. Die Johannesburg-, Germiston- en Pretoria-sentrales sou deurentyd aan die gang bly.[4] In Johannes=burg sou die tremweë 'n volledig diens aan die gang hou tot eenuur voormiddag op 16 September.[5] Koerante het verder meegedeel hoe en waar hulle die uitslae op 'n skerm of doek op 'n bepaalde plek aan die publiek bekend sou maak. Party koerante het ook onderneem om spesiale uitgawes te publiseer. So het die Star byvoor=beeld voorbereidings getref om die uitslae op 'n skerm op Markplein te vertoon en om spesiale uitgawes om elf uur en twaalf uur middernag op 15 September te laat druk.[6] Aankondigings van vermaaklikhede het ook vermeld dat uitslae aan die publiek beskikbaar gestel sou word, byvoorbeeld by die "Wanderers Promenade Concert".[7] Baie lede van die publiek wat in die voorstede gebly het, het sake so gereël dat hulle die aand van die verkiesing die tyd totdat die uitslae bekend gemaak sou word, in

---

4. Transvaal Chronicle, 15.9.10.
5. Rand Daily Mail, 14.9.10.
6. The Star, 15.9.10.
7. Rand Daily Mail, 15.9.10.

die stad kon verwyl.[8] Soortgelyke voorbereidings is ook in ander groot sentra van die land getref.

Etlike dae voor verkiesingsdag is Johannesburg en die Rand al versier met plakkate, verkiesingspamflette en partykleure. Dit is dan ook geen wonder dat daar al=reeds 'n vakansiestemming geheers het nie.[9] Die vrolike stemming het ook in Pretoria nie ontbreek nie.[10] Die kleure van Fitzpatrick en Botha is al op 14 September in Pretoria vertoon. Generaal Botha se verkiesings=kantore is versier onder andere met "a huge Union Jack in all its glory - ominous sign, for it unfortunately flies reversed as a signal of distress."[11]

Op die Witwatersrand en in Pretoria het verkiesingsdag groot opgewondenheid gebring en dit het gepaard gegaan met 'n geweldige drukte. Van voor agtuur in die oggend het allerhande voertuie al beweeg om kiesers wat vroeg wou stem na die stembusse aan te ry. Die meeste voer=tuie was versier met die kleure van die betrokke partye. Baie dames het vir die geleentheid spesiale uitrustings aangeskaf wat in die meeste gevalle ook die kleure van hul party vertoon het.[12]

---

8. Rand Daily Mail, 14.9.10.
9. South African News, 15.9.10.
10. Rand Daily Mail, 14.9.10.
11. The Transvaal Leader, 15.9.10.
12. The Star, 15.9.10; The Transvaal Leader, 16.9.10.

Oor die algemeen het die Unioniste groen, die Nasiona=liste rooi, die Arbeiders geel en die Onafhanklikes blou as kleure verkies.[13)]

Oor kleure was daar egter geen eenvormigheid nie, aangesien indiwiduele kandidate in party gevalle hulle eie afsonderlike kleure gehad het. So het generaal Botha rooi en wit gekies teenoor sir Percy se groen "shamrocks" op 'n wit agtergrond.[14)]

H.A. Wyndham (Unionis) het groen en swart gebruik.[15)] H.R. Abercrombie (Onafhanklike, Pretoria-Wes) se groen en geel was lank nog nie so veelkleurig as die groen, rooi, wit, blou en oranje van I.J. Haarhoff (Onafhanklike, Pretoria-Noord) nie.[16)]

Die grootste bedrywigheid het geheers in die kiesaf=deling Pretoria-Oos waar die kleure van generaal Botha en sir Percy (Fitz) in duisende gesien is. Die gedreun van wiele, die getoet van motorkarre en 'n gedrang by die twee stembusse het die heeldag aangehou.[17)] Albei kandidate, vergesel van hul eggenotes, het dikwels ge=

---

13. The Star, 15.9.10; Transvaal Chronicle, 15.9.10.
14. The Star, 15.9.10. Die "shamrocks" is die nasionale embleem van Ierland.
15. The Star, 16.9.10.
16. Transvaal Chronicle, 15.9.10.
17. Transvaal Leader, 16.9.10.

durende die dag albei stembusse, naamlik in die stad= saal en in 'n markee-tent in Arcadia, besoek. Generaal Botha se dogter, mev. Helen de Waal, het hom ook ge= woonlik vergesel met haar kind wat 'n plakkaat "Stem vir Oupa" vertoon het.[18] Twee groot motorbusse, een deur sir Abe Bailey aan sir Percy en die ander een deur Jeppe aan generaal Botha geleen, het gehelp om kiesers te vervoer.

Die dames, alhoewel hulle nie self die stemreg besit het nie, het groot invloed uitgeoefen op diegene wat dit wel besit het, deur te help om kiesers te gaan haal en hulle te wys hoe om te stem.[19] Tog vermeld 'n berig die volgende dag:[20] "Toch is 't hier gebeurd, dat iemand die uit Carolina gekomen was om z'n stem op generaal Botha uit te brengen, z'n stembriefie noch verknoeide door er z'n naam op te tekenen".

So druk was die stemming in Pretoria-Oos dat die helfte van die kiesers al teen 12h00 gestem het.[21] Twee uur voor sluitingstyd het byna al die kiesers reeds gestem gehad.[22]

---

18. Rand Daily Mail, 16.9.10.
19. De Volkstem, 16.9.10.
20. De Volkstem, 16.9.10.
21. South African News, 16.9.10.
22. Transvaal Leader, 16.9.10.

Alhoewel die stemming druk verloop het in die Kaapse Skiereiland, was die stemdag origens betreklik stil.[23] Die Kapenaars is trots daarop dat hulle altyd die kalmte bewaar: "What other call stolidity we call restraint".[24] Die Unioniste se verkiesingsorganisasie was verreweg die beste en hulle het ook die meeste voertuie tot hulle beskikking gehad.[25]

In Natal het die verkiesing ook baie rustig verloop, volgens Reuter selfs kalmer as vorige Natalse parlementsverkiesings.[26]

In die Vrystaat was dit betreklik kalm, behalwe in Bloemfontein waar die grootste belangstelling geheers het in die kiesafdeling Bloemfontein-stad. Daar het die Unioniste die meeste motorkarre en voertuie, asook die meeste helpers gehad. Hulle voertuie is gekenmerk deur die prominente vertoning van Union Jacks.[27]

2. <u>Die eerste uitslae en reaksie daarop</u>

In Natal het die stembusse alreeds om 16h00 in die na=

---

23. South African News, 16.9.10.
24. South African News, 16.9.10.
25. South African News, 16.9.10.
26. South African News, 16.9.10.
27. South African News, 16.9.10.

middag gesluit en in die Kaapprovinsie om 18h00. Geen wonder nie dat die eerste uitslae van Natal en Kaap= provinsie al bekend was slegs 'n paar minute nadat die stembusse in Transvaal en die Vrystaat om 20h00 gesluit het.

Die eerste uitslae wat bekend geword het, was dié van Pietermaritzburg, waar die tellery in die stadsaal om 16h15 begin het, terwyl die aanwesiges op strelende orrelmusiek vergas is.[28)] Twee Onafhanklikes, naamlik menere Orr en Griffin, is in die twee provinsiale hoofstedelike setels verkies.

In Kaapstad het die eerste uitslag naamlik dié van Newlands om 20h20 bekend geword, spoedig gevolg deur Kaapstad-Tuine.[29)] Teen 22h00 is die uitslag van Bloemfontein-Stad aangekondig. Daarna het uitslae vinnig bekend geword tot net na middernag toe deur= sending van uitslae gestaak is.

Die aankondiging van die oorwinning van C.L. Botha in Bloemfontein-Stad was 'n bron van groot vreugde vir die Unioniste.[30)] Maar nog goeie nuus het vir hulle

---

28. De Afrikaner, 19.9.10.
29. South African News, 16.9.10.
30. The Bloemfontein Post, 16.9.10; Cape Times, 16.9.10.

spoedig gevolg toe dit bekend geword het dat Hull en Van Hulsteyn verslaan is.[30] Die kroon op hulle oor=winningsvreugde is egter geplaas deur sir Percy Fitz=patrick se oorwinning oor generaal Botha in Pretoria-Oos.[32]

Die uitslae op die aand van verkiesingsdag het vir die Unioniste uitbundige vreugde besorg. Toe die deur=sending van uitslae deur die poskantoor se telegraaf=stelsel na middernag gestaak is, was ses-en-dertig kiesafdelings se uitslae al bekend. Daarvan het die Unioniste ses-en-twintig, die Nasionaliste en Onaf=hanklikes vier elk en die Arbeiders twee verower.[33]

Die Unioniste-koerante het die volgende dag gejuig van vreugde. Die Leader het sy blydskap uitgespreek met die volgende groot opskrifte:[34] "A great day for the Unionists. Fitzpatrick's magnificent victory. Practically all the leaders victorious".

In Bloemfontein waar die Unioniste gejuig het oor die oorwinning van C.L. Botha het die uitslag van Pretoria-Oos vir 'n hoogtepunt in hul vreugde gesorg:[35] "But

---

31. Cape Times, 16.9.10.
32. The Bloemfontein Post, 16.9.10; Cape Times, 16.9.10.
33. De Volkstem, 16.9.10.
34. The Transvaal Leader, 16.9.10.
35. The Bloemfontein Post, 16.9.10.

before they had time to turn over the surmise in their minds a shout from the window came: Fitzpatrick is in! It was the signal for the climax. Humanity went crazy in a second. It had to discover an outlet by physical action. Men, strung on the highest pitch, almost hugged each other, wept with joy - lived. A thrill swept over the multitude; jubilant shouts rent the air. The inconceivable had occurred. Louis Botha was a broken idol: Fitzpatrick had capped even his ever=green victory over sir Richard Solomon. It was a fitting climax to a great day!"

Ook in Kaapstad was daar oorweldigende vreugde onder die Unioniste. Die Cape Times beskrywe dit so:[36)]
"The cup of the Unionist supporters, and they were vastly in the majority, seemed full to overflowing by now, and people were preparing to disperse when an electric thrill ran through the gathering: Botha beaten! Climax topped climax as this and other bulle=tins followed. Hull out! Van Hulsteyn out! Chaplin in! Emile Nathan! Never was such a night of uproarious enthusiasm ... Jameson's great win brought the climax. The roar swelled and reverberated till it seemed the very mountain sent back the echo, and for at least ten minutes one had, if the paradox be permitted, to feel to think".

---

36. Cape Times, 16.9.10.

Volgens Long het daar 'n skare van 30 000 op die Mark=plein vergader en toe die uitslag van Pretoria-Oos bekend gemaak is, het die skare vir twintig minute aaneen ge=juig.[37)]

Die Friend kon homself nie weerhou nie om van sir Percy se triomftog die volgende dag vanaf die stasie na die Beurs in 'n artikel "The God in the car" te skrywe: "Along the route sir Percy stood up so that the crowd might see him, a veritable god in a car".[38)]

In 'n hoofartikel "A day of victory" juig die Leader soos volg: "Yesterday's results are magnificent. The Generals have got their answer. The chief centres of political thought and industrial activity in South Africa has spoken with a unanimity and a firmness which there is no mistaking".[39)]

Vir generaal Botha was die uitslag 'n skok. Hy was so verslae dat hy nie in staat was om op te staan nie.[40)] Die Natal Witness berig van 'n feestelikheid wat nie plaasgevind het nie. 'n Voertuig, met ses skimmelperde, 'n koetsier en vaandeldraers, almal in rooi en wit ge=

---

37. B.K. Long: Drummond Chaplin, p. 162.
38. The Friend, 17.9.10.
39. The Transvaal Leader, 16.9.10.
40. B.K. Long, a.w., p. 162.

klee, het agter 'n bekende gebou vanaf 20h00 gewag. Dit sou na die stadsaal en vandaar deur die strate met generaal Botha gery het. Dit is nie gebruik nie, asook vyf kaste sjampanje, wat in die burgemeester se ont= vangskamer gewag het.[41)]

Die Cape Argus se korrespondent in Pretoria het, nadat die uitslag in Pretoria-Oos bekend geword het, gehoor hoedat 'n teleurgestelde mev. Botha met trane in haar oë aan sir Percy gesê het: "We did our best, it was a great fight, and although we cannot say that we are pleased we congratulate you".[42)] Sir Percy wat tekens van emosie getoon het, het geantwoord dat daar nie twee beter sportmanne is as die twee dapper dames (generaal Botha se vrou en dogter) wat so 'n goeie geveg gelewer het nie. Die spanning was so groot, vervolg die korres= pondent, dat mev. Fitzpatrick tydelik ineengestort het toe sy op die balkon van die Grand Hotel die berig van haar man se oorwinning gekry het.

In verband met dié kragmeting is daar nog die volgende interessante mededeling.[43)] In Pretoria is 'n kompeti= sie aangebied deur die firma Burmesters om die uitslag van Pretoria-Oos te voorspel. Die kompetisie is gewen

---

41. Natal Witness, 20.9.10. Ook aangehaal deur Stein= meyer, a.w., op p. 65.
42. The Cape Argus, Weekly Edition, 21.9.10.
43. The Star, 16.9.10.

deur niemand minder as sir Percy se seun nie. Sy voor=spelling was: Fitzpatrick 1 225 en Botha 1 133 stemme, teenoor die werklikes van 1.231 en 1 136 stemme onder=skeidelik.

The Friend het met syfers van die vorige verkiesing daarop gewys dat die oorwinning van C.L. Botha in Bloem=fontein 'n agteruitgang was op die vorige verkiesing. Die Unioniste het in die stede gewen wat die Progres=siewes vroeër gehad het. Dit is nie verliese vir die Nasionaliste nie.[44)] Hierop het die koerant die vol=gende dag verder uitgewei en die Unioniste gewaarsku dat hulle nie so uitbundig moet wees oor hul vroeë oorwinnings nie en die aandag daarop gevestig dat na=sionalisme meer as goed gedoen het in sy stryd teen kapitalisme. Die sukses van die teenstaanders van die Unioniste word daarenteen beklemtoon: "The fact that dr. Jameson's party has lost seats in such industrial divisions as Roodepoort, Krugersdorp, Vrededorp, Commissioner Street, Jeppe, Springs and Pretoria-West is eloquent testimony of the vulnerability of the Unionists in their strongest citadels and of the real success which has followed the resolute attach on their opponents". As voorbeeld word genoem die Fordsburg-setel waar die Unionis gewen het, al het hy net 590 uit 1 662 stemme op hom verenig.

---

44. The Friend, 16.9.10.

3. Die volledige uitslae

Waar die uitslae in stedelike kiesafdelings, waar daar gewoonlik net 'n paar stembusse en kommunikasie beter was, gou bekend geraak het, was dit anders op die platte= land. Daar is gewoonlik gewag tot die volgende dag of totdat al die stembusse in was, voordat met die tellery van die stemme begin is. In party gevalle is stembusse met donkies en kamele vervoer, selfs oor 'n afstand van 300 myl in 'n besondere geval.[45)] Op Vrydagaand, die dag na die verkiesing, was daar nog sewentien uitslae, almal van die platteland, uitstaande naamlik Kaapkolonie elf, Transvaal drie, Natal twee en Vrystaat een.[46)] Op 20 September was drie uitslae nog onbekend, naamlik Griekwaland, Marico en Wolmaransstad.[47)] Laasgenoemde twee kiesafdelings het onderskeidelik drie-en-twintig en dertig stembusse gehad. Die volledige uitslag was derhalwe eers 'n week na verkiesingsdag bekend.[48)]

Van die twee-en-tagtig bestrede kiesafdelings was die

---

45. Ons Land, 22.9.10.
46. Ons Land, 20.9.10.
47. The Diamond Fields Advertiser, 21.9.10.
48. Ons Land, 22.9.10.

uitslag soos volg:[49)]

| Nasionaliste | Unioniste | Onafhanklikes | Arbeiders |
|---|---|---|---|
| 37 | 31 | 10 | 4 |

Tesame met die onbestrede verkose lede was die finale stand van die partye soos volg:[50)]

| | Nasionaliste | Unioniste | Onafhankl. | Arbeiders | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|
| Kaap=provinsie | 29 | 21 | 1 | 0 | 51 |
| Transvaal | 20 | 12 | 0 | 4 | 36 |
| Oranje=vrystaat | 16 | 1 | 0 | 0 | 17 |
| Natal | 2 | 4 | 11 | 0 | 17 |
| | 67 | 38 | 12 | 4 | 121 |

---

49. Bylae G. Dit is soos in Ons Land van 22.9.10 gepubli=seer, nadat enkele veranderinge aangebring is na 'n ver=lyking van die uitslae soos gepubliseer in De Volkstem, The Star, The Transvaal Leader en The Cape Times. Ons Land is die enigste koerant wat die uitslae volledig in een uitgawe geplaas het, die ander koerante het dit ge=publiseer soos wat dit bekend geword het vanaf 16.9.10 tot 22.9.10.
50. Die Rand Daily Mail, The Star, Transvaal Chronicle, Thompson, a.w., en Hancock, a.w., gee die aantal setels van die Unioniste en Onafhanklikes as nege-en-dertig en elf onderskeidelik. Die Transvaal Leader tel een-en-veertig Unioniste en nege Onafhanklikes. Dit kom daarby dat Onafhanklikes wat met die Unioniste gesimpatiseer het, as Unioniste gereken is. (Vervolg onderaan volgende bladsy).

Alhoewel die Nasionaliste meer kandidate verkies gekry het as al die ander partye saam, was hul oorwinning van baie glorie ontroof deur die neerlae van die eersteminister en twee van sy kollegas en verder deur die verdeeldheid onder Nasionaliste wat mekaar in baie kiesafdelings, veral in die Kaapprovinsie beveg het.

Dit kan verder veilig afgelei word dat Afrikaansspreken= des hoofsaaklik vir die Nasionaliste gestem het en Engelssprekendes hoofsaaklik vir die Unioniste, met die uitsondering van 'n groot aantal Engelssprekendes wat vir die Arbeiders gestem het. 'n Vollediger vertolking word in die volgende hoofstuk uiteengesit.

---

50. In verkiesings, 1910 tot 1958, saamgestel deur M.P.A. Malan, (Johannesburg, 1958) is twaalf uitslae nie genoem nie: drie in Transvaal naamlik Commissio= nerstraat, (Arbeider), Soutpansberg en Wolmaransstad (Nasionaliste); een in die Vrystaat naamlik Rouxville (Nasionalis); drie in Natal naamlik Umlazi en Umzim= kulu (Onafhanklikes) en Victoria (Unionis) en vyf in Kaapprovinsie naamlik Grens, Kaapstad-Kasteel, Kimberley-Stad, Suid-Skiereiland (almal Unioniste) en Jansenville (Nasionalis) terwyl Griekwaland (Unionis) verkeerdelik as 'n Nasionalis aangedui is.

# HOOFSTUK X

## ONTLEDING, BETEKENIS EN WAARDEBEPALING

### 1. Stempersentasies

Die gemiddelde stempersentasie is deur The Star as volg bereken:[1)]

| | |
|---|---|
| Kaapprovinsie | 70% |
| Transvaal | 66% |
| Oranjevrystaat | 62% |
| Natal | 69% |

en 'n gemiddelde vir die Unie van 68%. In Transvaal het die hewig betwiste Pretoria-Oos die hoogste stempersentasie van 82% gelewer teenoor Marico se laagste van 41%. Bloem=fontein-distrik (83%) en Heilbron (50%) het vir die hoogste en laagste stempersentasie in die Oranjevrystaat gesorg terwyl Durban-Greyville (83%) en Vryheid (47%) dit in Natal was. In die Kaapprovinsie het die stempersentasie gewissel tussen 87% (Riversdal) en 45% (Liesbeek).

Waar in al drie die ander provinsies die duidelike tendens

---

1. The Star, 22.9.10.

was dat die stedelike kiesafdelings 'n hoër stempersen= tasie gelewer het as die platteland, was dit in die Kaapprovinsie net andersom. Die sestien kiesafdelings wat 'n hoër stempersentasie gehad het as die gemiddelde 70% vir die provinsie, was almal plattelandse kiesaf= delings[2], terwyl drie stedelike kiesafdelings vir die laagste stempersentasie gesorg het.[3]

Die opvallende omtrent die hoë stempersentasie is dat uit die sestien kiesafdelings met die hoogste stemper= sentasies daar slegs in vier naamlik Uitenhage, Somerset, Queenstown en Drie Rivieren 'n Nasionalis teen 'n Unionis te staan gekom het. In al die ander was dit 'n verkiesings= stryd tussen Nasionaliste onder mekaar. In Piketberg en Worcester het daar vier en drie Nasionaliste onder= skeidelik mekaar beveg en in al die ander was dit twee= gevegte tussen Nasionaliste onderling. Dit dui daarop dat enersyds daar baie min steun vir die Unioniste op die platteland was en andersyds dat daar baie simpatie en steun was vir kandidate wat in die offisiële nominasie= stryd benoemings verloor het en toe hulleself tog laat nomineer het as onafhanklike Nasionaliste.

---

2. Riversdal 87%, Ladysmith 86%, Humansdorp 85%, Piketberg 83%, Worcester 81%, Paarl 80%, Uitenhage 79%, Swellendam 79%, Albert 77%, Somerset 76%, George 75%, Stellenbosch 74%, Clanwilliam en Queenstown 73%, Drie Rivieren en Malmesbury 72%.
3. Kimberley 55%, Newlands 53% en Liesbeek 45%.

## 2. Stemmetotaal

Waar stempersentasies in die verkiesing akkuraat bereken kon word, was dit by die berekening van die stemmetotaal nie so eenvoudig nie. Die onafhanklike kandidate het onsekerheid geskep, sodat party koerante sommige van hulle as Unioniste, ander weer as Nasionaliste en ander as Onafhanklikes gereken het. 'n Presiese berekening kon in elk geval nie gedoen word nie; die onbestrede kiesafdelings het dit nie moontlik gemaak nie. Nietemin is baie berekeninge gedoen om daarmee eintlik te bewys hoe goed of swak elke party in die verkiesing gevaar het.

Volgens 'n berekening van die uitslae, soos in bylae C verstrek, was die uitgebragte stemme soos volg:

| | Nas. | Union. | Onafh. | Arb. | Sos. |
|---|---|---|---|---|---|
| Kaapprovinsie | 37 932 | 18 005 | 5 018 | 1 510 | 356 |
| Transvaal | 14 239 | 19 995 | 2 732 | 8 225 | 8 |
| Oranjevrystaat | 7 501 | 2 662 | 2 136 | 146 | 0 |
| Natal | 3 084 | 2 729 | 9 705 | 2 492 | 72 |
| TOTAAL | 62 756 | 43 391 | 19 591 | 12 373 | 436 |

De Volkstem het in 'n hoofartikel "Brits en Dutch" daarop gewys dat die nege-en-dertig onbestrede setels by die uitgebragte stemme gereken behoort te word. Deur 'n formule te volg waarvolgens driekwart van 'n

gemiddelde van 2 400 kiesers per setel aan die onbestrede kandidaat toegeken word en 'n kwart aan die ander party het die koerant 'n totaal van 126 946 vir die Nasionaliste en 105 119 vir die Unioniste verkry.[4] Dié getal was in elk geval heelwat laer as die 148 000 "Dutch"- en 100 000 Britse kiesers wat na die stembus gegaan het volgens die koerant van 'n paar dae vroeër.[5]

Op die laasgenoemde syfers het die Cape Times die vol= gende dag 'n beraming van tussen 90 000 en 95 000 vir die Nasionaliste en tussen 80 000 en 85 000 vir die Unioniste gemaak.[6] Die werklike getalle, volgens die koerant, was soos volg:

| Nasionaliste | Unioniste | Onafhanklikes | Natal Onafh. | Arbeiders |
|---|---|---|---|---|
| 56 942 | 44 334 | 15 052 | 8 725 | 12 749 |

Die Cape Times het klaarblyklik die Nasionaliste-kandi= date in die Kaapprovinsie, wat nie offisiële benoemings was nie, as Onafhanklikes gereken.

In 'n hoofartikel "The Electoral Balance" het die Cape Times Weekly bereken dat die Nasionaliste nie 'n groot meerderheid gehad het nie.[7] Dit is soos volg gedoen:

---

4. De Volkstem, 23.9.10.
5. De Volkstem, 20.9.10.
6. Cape Times, 21.9.10.
7. Cape Times, Weekly, 28.9.10.

| | Nasionaliste | Unioniste |
|---|---|---|
| Tweegevegte | 26 261 | 44 334 |
| "Inter-Nationalistcontests Estimate" | | |
| | 21 460 | 9 218 |
| Onbestrede skatting | 37 491 | 25 754 |
| | 85 212 | 79 306 |

In dieselfde berig word 'n skatting van 90 000 en 80 000 respektiewelik gegee. Dit het gedien as bewys teen die "oorweldigende meerderheid" waarvan die Nasionale koerante gepraat het.

De Afrikaner daarenteen het rofweg 'n skatting gestel op 140 000 vir Nasionaliste teenoor 100 000 vir al die ander.[8)]

In 'n poging om te bewys dat die Unioniste beter daarvan afgekom het as wat hul kiesersaantal regverdig, het De Volkstem die volgende interessante ontleding gemaak van die stemming aan die Witwatersrand.[9)] In sewentien kies=afdelings het byna 32 000 kiesers gestem, waarvan 17 200

8. De Afrikaner, 13.10.10.
9. De Volkstem, 20.9.10.

vir Unioniste, ruim 7 000 vir Nasionaliste en die orige 7 500 vir Arbeiders en onafhanklike kandidate. Hiervolgens moes die verteenwoordiging proporsioneel bereken, gewees het: Unioniste nege, in werklikheid elf, Nasionaliste vier, in werklikheid drie, Arbeiders en Onafhanklikes vier, in werklikheid drie.

3. Hoe die uitslag vertolk is

(a) Die Nasionaliste

Alhoewel die aanvanklike uitslae baie gunstig was vir die Unioniste, was die finale uitslag tog 'n bevredigende oorwinning vir die Nasionaliste. Met 'n meerderheid van nege-en-twintig setels oor die Unioniste en 'n besliste meerderheid van dertien oor al die partye saam kon die Nasionaliste tevrede gevoel het oor die uitslag van die verkiesing en die regering van die land hoopvol voort= sit.

In Transvaal het die Nasionaliste twintig van die ses-en-dertig setels verower, teenoor twaalf van die Unioniste en vier van die Arbeiders. Alhoewel die neerlae van die eersteminister en dié van minister Hull gevoelige neerlae was vir die Nasionaliste, het die Transvaalse platteland oortuigende steun aan generaal Botha gelewer. Generaal Botha was, tenspyte van sy persoonlike neer= laag, verheug dat Drew en Arthur Barlow, wat van die Vrystaat af ingevoer is en belangrike spreekbuise was

oor Hertzogisme, neerlae op die lyf geloop het in Transvaal.[10]

Wat die Vrystaat aanbetref is bewys gelewer dat die Vrystaat vierkantig agter generaal Hertzog gestaan het.[11] Wat die enigste Unioniste oorwinning in die Vrystaat aanbetref kon die Nasionaliste hulle daarin troos dat C.L. Botha verkieslik was bo Witwatersrandse of Kaapse Unioniste.[12]

In die Kaapprovinsie het die Afrikanerbond as organisasie besonder goed gevaar. In een-en-twintig kiesafdelings is Bondskandidate offisieël aangekondig. Van die getal is nege onbestrede verkies. Van die twaalf wat die ver= kiesing geveg het, is slegs twee verslaan, naamlik T. Searlé teen sir Bisset Berry (Unionis) in Queenstown en in Clanwilliam waar D.J.A. van Zÿl deur 'n mede-Nasionalis, E.B. Watermeyer, verslaan is.

Alhoewel die Nasionaliste in Natal slegs twee lede ver= kies gekry het teenoor vier Unioniste, is daar heelwat meer stemme op Nasionaliste uitgebring as op Unioniste.

---

10. Steyn-versameling: Botha - Steyn, 21.9.10.
11. The Friend, 20.9.10.
12. De Volkstem, 20.9.10.

Ten spyte van die oorwinnings van die Nasionaliste, was daar egter aspekte wat nie in die guns van die party getel het nie. Die eerste was die feit dat Nasionaliste mekaar in al vier die provinsies beveg het. Dit het afbreuk gedoen aan die eenheidsgedagte en die "esprit de corps". Die Nasionale koerante het self die ongerymd=heid veroordeel. De Volkstem wys in 'n hoofartikel "Ontrouwe Partymannen" op die kastyding van die soge=naamde "independente nasionaliste".[13] Vier van hulle het die verkiesing aangedurf in Transvaal en almal is verslaan naamlik I.J. Haarhoff in Pretoria-Noord met 960, F. Bezuidenhout in Heidelberg met 404, J.W. Uys in Wolmaransstad met sewentien en J.W. Viljoen in Marico met 672 stemme. Die enigste Nasionalis wat as Onafhanklike in die Vrystaat aan die verkiesing deelge=neem het, naamlik E.C. Kriel, het 335 stemme gekry teenoor 600 van J. van der Merwe (Nas.) en 222 van Alfred Barlow (Unionis) in die Vredefort-kiesafdeling.

In die Kaapprovinsie waar twaalf Bondskandidate in slegs vier kiesafdelings deur Unioniste beveg is en in al agt die ander kiesafdelings deur mede-Nasionaliste, behoort die uitslag volgens Ons Land 'n les te wees vir diegene wat verdeeldheid in eie geledere probeer skep het deur partydissipline te minag.[14] Die party het duidelik uit=

---

13. De Volkstem, 20.9.10.
14. Ons Land, 22.9.10.

spraak gedoen en by die stembus verklaar dat daar party=dissipline moet wees en dat die partyorganisasie ge=handhaaf moet word. Die kiesers keur dit streng af dat die stembus gebruik word vir wat vooraf onderling op organisatoriese vlak afgehandel kon gewees het.

Nog 'n aspek waarop verbeter kon word was die organisasie van die party wat opgeknap moes word. The Friend is van mening dat die Nasionaliste se werk in die stede ondoel=treffend en nie genoegsaam was nie.[15] Volgens die Volkstem was daar in sekere kiesafdelings, en dit nogal op die platteland, kiesers wat nie eers geweet het wie hulle kandidaat was nie.[16]

Generaal Beyers het op 4 Oktober 1910 voor sy kiesers gesê dat die verkiesing 'n les in organisasie was en dat die stelsel van nominasie nie bevredigend was nie. Hyself is deur die Hoofbestuur van Het Volk benoem en die kiesers self het nie geleentheid gehad om te nomineer nie.[17]

De Volkstem was van mening dat die Arbeiders nie in dieselfde mate vir die Nasionaliste gesteun het as wat die Nasionaliste die Arbeiders ondersteun het nie. Verder

---

15. The Friend, 16.9.10.
16. De Volkstem, 20.9.10.
17. G.C. Scholtz: Generaal Christiaan Frederick Beyers, 1869-1914, p. 206.

voel die koerant ook nie gelukkig daaroor dat "de ons halfgoedgezinde Mail" self ook van die Hertzogisme-kreet gebruik gemaak het nie.[18] Volgens De Volkstem het die uitslag van die verkiesing getoon dat dit nog 'n rassestryd is. Daarvoor moet die Unioniste-koerante die blaam dra.[19] Hulle het daarop aangedring om "Brits te stemmen". Die bewering dat die Afrikaners nie sonder die Engelse stem kon bestaan nie, is ook geloën=straf. As die Afrikanervoormanne, aldus die koerant, 'n leuse "stem anti-Brits" aangehef het, sou hulle nogtans die oorwinning behaal het. Die Afrikaanssprekendes se stemme vir die nie-Nasionaliste was omtrent gelyk aan die Engelssprekendes se stemme vir die Nasionaliste be=weer die koerant en maak die afleiding dat die regering sy posisie kon handhaaf sonder een Engelse stem. Teen so 'n gedagte het die Cape Times gewaarsku en enige Nasionale leier afgeraai om die kiesers aan te moedig "to vote Dutch".[20]

De Vriend des Volks het dit betreur dat die verkiesing op rassegrondslag geveg is.[21] Die koerant het die opposisiepers beskuldig dat hulle die meeste skuld daaraan gehad het, en het verder aangevoer: "De Nationale party begeert geen rassenruzie; want ze

---

19. De Volkstem, 20.9.10.
20. Cape Times, Weekly, 28.9.10.
21. De Vriend des Volks, 27.9.10.

dankt haar bestaan aan de steun van geboren Britten en kan enkel haar positie behouden door de steun blÿvend te genieten".

The Friend het ook dieselfde beskuldiging ingebring:[22) "With few exceptions the newspapers on the Unionist side - that is to say the overwhelming majority of newspapers in South Africa - raised the racial issue again and again."

Volgens The Cape was die uitslag bevredigend insoverre as wat generaal Botha selfs sonder die Natalse lede 'n sterk genoeg meerderheid gehad het en ook insoverre as wat die opposisie darem sterk genoeg was om as opposisie effektief te kon optree.[23) Die onrusbarende van die uitslag was dat dit 'n oorwinning was vir die ekstremiste. Die gematigde man aan albei kante is uit=geskakel, volgens die koerant, en 'n pleidooi is gelewer dat die hande van generaal Botha op enige moontlike manier gesterk moes word. Die draak is ook gesteek met sir Percy Fitzpatrick, wat na die mislukking van sy "Best men"-plan, voorspel het dat "defeat, certain defeat" staar die regering in die gesig, met die woorde: "Evidently, prophecy is not included, amongst the versatile Sir Percy's many gifts".

---

22. The Friend, 20.9.10.
23. The Cape, 23.9.10.

(b) Die Pretoria-Oos-kragmeting

"De Afrikaner" reken dat daar twee redes was vir generaal Botha se neerlaag. Op advies van vriende het generaal Botha die onmoontlike aangepak en/of hy is deur sy ondersteuners op 'n skandelike wyse in die steek gelaat.[24)] Die Times of Natal glo ook dat generaal Botha 'n les geleer het omdat hy slegte raad gevolg het.[25)] Generaal Beyers se kommentaar oor die neerlaag was dat die stoomwals in die toekoms meer gebruik moet word.[26)] Generaal Botha het volgens hom die Engelse te veel ver= trou en hulle het hom verkul. Hy (generaal Beyers) was ten gunste van samewerking, maar nie dat dit net van een kant kom nie. Van die 3 700 staatsamptenare was slegs 700 Afrikaners en dan word nog om gelykheid geskreeu. Ons Land het ook die beskouing gedeel.[27)] "De civiele dienste stem in die kiesafdeling is ook heel sterk, en het schÿnt of die noch niet de Milnerkleur verloren heeft". Knop[28)] vermeld ook van die staatsdiens in die woorde:[29)] "Toe die uitslag op die doek kom: "Verkozen: Fitz" en 'n paar mense rondom my skielik hoor skreeu: "Good old Civil Service" toen was de eerste ding wat my in die gedagte kom: Stank vir dank".

---

24. De Afrikaner, 19.9.10.
25. Times of Natal, 17.9.10.
26. Scholtz, a.w., p. 206.
27. Ons Land, 17.9.10, hoofartikel "De Uitslag".
28. Knop (G.S. Preller), rubriekskrywer van De Volkstem.
29. De Volkstem, 20.9.10.

Na aanleiding van 'n oproep om die staatsdiens van Milnermense skoon te maak en te vervang met Afrikaans=sprekendes het Vere Stent, redakteur van die Pretoria News hom genoodsaak gevoel om "An open letter to the Nationalists of Pretoria" te skryf waarin sy vreugde oor die uitslag in Pretoria-Oos nie verberg is nie.[30] Hy lê heelwat bravado aan die dag deur die retoriese vraag te stel: "Have you not yet learnt that it is dangerous to menace Britishers?" Dié Britse meerder=waardigheidsgevoel, wat vir baie Afrikaanssprekendes so 'n doring in die vlees was, het duidelik gespreek uit die woorde van Vere Stent en dit was die kern van die verkiesingstryd.

Generaal Botha self het sy neerlaag en dié van andere toegeskryf aan "Hertzogisme". Hy skrywe aan president Steyn:[31] "Hertzogisme is er bepaald de oorzaak van dat wy hier zes zetels hebben verloren, en Sauer deelt my mede, dat ook in de Kaap deze elektie kreet ons vele zetels heeft doen verliezen. Ook myn eigen nederlaag is bepaald daaraan te wyten en het is aan het geroep van Hertzogisme toe te schrywen dat verscheidene van myn Engelse vrienden op het laaste ogenblik omdraaiden en tegen my stemden". Generaal Smuts het waarskynlik sy

---

30. The Star, 22.9.10.
31. Steyn-versameling, Botha - Steyn, 21.9.10.

oorwinning daaraan te danke gehad dat hy hom van Hertzogisme gedistansieer het.

Oor die kragmeting in Pretoria-Oos skrywe die Natal Mercury dat niemand harder gewerk het as sir Percy Fitzpatrick om vir generaal Botha as eerste minister verkies te kry nie.[32] Hy het daarna gestrewe om 'n regering te kry op "non-racial lines". Een van die eerste dinge wat generaal Botha na sy aanwysing as eerste=minister gedoen het, aldus die koerant, was om Fitzpatrick in Pretoria-Oos te opponeer. Later doen die koerant 'n beroep op generaal Botha om Unioniste in sy kabinet in te sluit. Die oorwinning van Fitzpatrick behoort vir generaal Botha 'n les te wees. Met drie ministers ver=slaan moes hy ernstig nadink en in sy kabinet manne uit Unioniste-geledere insluit in die vakatures.[33]

Vir die Star was die Pretoria-Oos tweegeveg "the test case between the 'convention spirit' for which the Unionist Party stands and the old spirit of racialism of which general Botha constituted homself the champion when he formed his present ministry".[34] Vir die Cape Times was die uitslag 'n bewys dat "non party government"

32. Natal Mercury, 16.9.10.
33. Natal Mercury, 19.9.10.
34. The Star, 16.9.10.

verkies was.[35] Hoe die koerant tot daardie gevolg=trekking gekom het, is 'n raaisel.

Dit dien hier vermeld te word dat die eerste oorweldigende vreugde oor generaal Botha se neerlaag spoedig opgevolg is deur die grootste kommer oor wie die leiding gaan neem as Botha uit die politiek sou tree. Die moontlik=heid dat dit generaal Hertzog kon wees, of Fischer, of selfs Merriman, het die Unionistiese pers baie vinnig laat omspring en hulle het begin om generaal Botha aan te prys. Die Nasionaliste sowel as die opposisie het toe daarop aangedring dat hy nie moet uittree nie. Die Times of Natal het sy moontlike bedanking op daardie kritieke tydstip in die geskiedenis bestempel dat dit "a national disaster" sal wees.[36]

(c) Die Unioniste

Die uitstaande prestasie van die Unioniste was die oor=winning van sir Percy, wat die held was in die Unionis=tiese pers. Ander betekenisvolle oorwinnings was dié van sir George Farrar oor Hull en Meyler oor Moor en dié van C.L. Botha. Die Unioniste het verder goed gevaar deur twaalf stedelike setels in Transvaal te verower,

---

35. Cape Times, 17.9.10.
36. Times of Natal, hoofartikel, 20.9.10.

al die Skiereilandse setels en, behalwe 'n aantal ander stedelike kiesafdelings, ook 'n aantal plattelandse setels in die Oostelike Provinsie. In Natal waar On=afhanklikes die toneel oorheers het, het die Unioniste in elk geval heelwat beter gevaar as die Nasionaliste. Daarby het hulle darem een kandidaat in die Vrystaat verkies gekry. Die Unioniste het in hul hoofdoel ge=slaag naamlik om 'n sterk opposisie daar te stel.[37]

Die grootste oorwinning in Transvaal is deur een van die Unioniste leiers, Lionel Phillips, in die Yeoville-kiesafdeling, teen sir Willem van Hulsteyn behaal. Met 'n stemmetotaal van 1 658 was sy meerderheid 1 124. Die Unioniste het ongelukkig gevoel oor die neerlae van Abe Bailey teen J.W.S. Langerman (Nasionalis) in Krugersdorp en H.W. Soutter in Roodepoort[38] teen dr. Haggar, onafhanklike Arbeider.

Dokter Jameson het volgens die Cape Times drie voor=spellings gemaak naamlik:[39]

1. Dat die Unioniste al die setels in die Kaapse Skier=eiland sal wen.

---

37. The Diamond Fields Advertiser, 17.9.10.
38. The Friend, 17.9.10; The State, vol IV, October 1910, p. 613; Transvaal Leader, 16.9.10.
39. Cape Times, 17.9.10.

2. Dat sir Percy Fitzpatrick in Pretoria-Oos sal wen; en

3. Dat in 1912 'n regering uit die beste manne saamge= stel sal word.

Die uitslag van die verkiesing het getoon dat twee van die voorspellings bewaarheid is.[40)]

'n Byna perfekte organisasie en uitstekende vervoer= reëlings het bygedra tot die Unioniste se sukses op die Rand volgens die Rand Daily Mail.[41)] Die koerant reken dat die uitslag veral in die guns van die Unioniste verloop het omdat die stemmery grootliks op rassegrond= slag plaasgevind het. Die teenwoordigheid van generaal Hertzog in die kabinet het ook 'n aansienlike deel van die kiesers teen die regering laat stem.[42)]

In 'n hoofartikel voer die Star twee redes aan vir die "few Unionist reverses", naamlik dat die kieserslyste van Transvaal die oudste van al die provinsies was en dat die verkiesing vervroeg is.[43)] Albei verskonings

---

40. Wat van die derde voorspelling?
41. Rand Daily Mail, 16.9.10.
42. Rand Daily Mail, 17.9.10.
43. The Star, 20.9.10.

dra nie veel gewig nie, veral nie laasgenoemde nie omdat die Party vanaf sy stigting in Meimaand byna vier maande tyd gehad het vir die nodige verkiesingsvoorbereidings en veral omdat volgens byna alle koerante hulle organi= sasie verreweg die beste was op verkiesingsdag.

(d) Die Arbeiders

In Transvaal waar die Arbeiders suksesvol was in vier kiesafdelings, het hulle die oorwinnings egter met klein meerderhede behaal. In Commissionerstraat het H.W. Sampson veertig stemme meer verkry as R. Currie (Unionis) se 884 met J. Davidson (Onafhanklike) slegs vyf-en-twintig stemme. Die Arbeiders B. Madeley (Springs), dr. Haggar (Roodepoort) en die leier F.H.P. Creswell (Jeppe) het ternouernood teen die Unioniste, onderskeidelik Arthur Barlow, H.W. Soutter en R. Feetham met drie-en-sewentig, ses-en-twintig en vyf-en-negentig stemme gewen.

Die Fordsburg-setel het in byna 'n gelykopstryd tussen 'n Unionis, 'n Nasionalis en 'n Arbeider verloop. Dié uitslag het bewys dat as die Nasionaliste en die Arbeiders in die kiesafdeling 'n ooreenkoms kon bereik het, een van hulle dit maklik sou kon gewen het. Die uitslag was:

| | |
|---|---|
| Duncan, P. (U) | 590 |
| Krause, dr. F.E.T. (N) | 554 |
| Andrews, W.H. (A) | 529 |
| Crawford, A. (Sos) | 8 |
| | 46 |

Die stempersentasie was slegs 57%.

Die uitslag in Transvaal was dus vir die Arbeiders gunstig insoverre as wat hulle vordering gemaak het op die Rand sedert die vorige verkiesing in 1907[44] en ook daarin dat hulle 'n goeie woordvoerder in die nuwe parlement sou hê in die persoon van kolonel Creswell.[45]

Alhoewel die Arbeiders buite Transvaal nie hond haaraf kon maak nie, kon hulle in Natal darem 14% van die stemme trek wat as dit proporsioneel bereken sou word darem twee verteenwoordigers sou beteken het. In die Kaapprovinsie het hulle slegs twee kandidate in die veld gehad. In Woodstock het die Unionis, dr. J. Hewat 'n naelskraapse oorwinning van vyf-en-twintig stemme oor die Arbeider T. Maginess behaal. In Bloemfontein kon die enigste Arbeider-kandidaat in die Vrystaat slegs 146 stemme trek teen 'n Unionis en 'n Nasionalis.

In 'n hoofartikel "Some election reflections" wys The Friend daarop dat terugslae van die Arbeiders daaraan toegeskrywe moet word dat die land nog nie ryp is vir die Arbeiderbeweging nie, maar die grootste rede is omdat die verkiesing geveg is op rassegrondslag.[46] Volgens die koerant is die Arbeiders nie 'n rassistiese

---

44. De Volkstem, 20.9.10.
45. Rand Daily Mail, 16.9.10.
46. The Friend, 20.9.10.

party nie. Dit is nie Brits of Boer nie. Dit het vir beginsels en nie vir ras gestaan nie.

Omdat sy politieke opponente gedreig het om dr. Haggar se beweerde verlede te openbaar en die Arbeiders se verkiesingskomitee bevrees was dat dit die party sou benadeel, het hulle in 'n verklaring vermeld dat Haggar uit die party bedank het. Hy het gevolglik as Onaf= hanklike Arbeider aan die verkiesing deelgeneem en bo verwagting vir H.W. Soutter in Roodepoort verslaan.[47)] Die Daily Mail was so ongelukkig oor dr. Haggar se oor= winning dat hulle van die kragmeting gesê het dat die beste man (die Unionis) ongelukkig verloor het.[48)]

(e) Natal

In Natal was die Onafhanklikes suksesvol in elf van die sewentien kiesafdelings. Met dié sukses was die Natal Witness baie tevrede en het gevoel dat Natal die weg gevolg het wat deur die koerant aangedui is en het gewaarsku dat hulle toe net nie Unioniste of Nasiona= liste moes aanhang nie:[49)] "Their real strength will lie in their independence from the party influence of either side".

---

47. Grobler, a.w., p. 158.
48. Rand Daily Mail, 16.9.10. Haggar is in Januarie 1911 finaal uit die party geskors (Grobler, a.w., p. 158).
49. Natal Witness, 20.9.10.

Die Unioniste het besonder goed presteer insoverre as dat hulle suksesvol was in vier van die vyf kiesafdelings wat hulle beveg het. Die Natal Mercury het deur die prestasie geglo dat Natal bewys het dat hy Unionis=tiesgesind was.[50)]

Die Nasionaliste en Arbeiders het baie swak gevaar in Natal. Hoe swak die Nasionaliste in die stedelike kiesafdelings gevaar het, blyk daaruit dat in drie setels hulle maar 439 stemme kon monster. In vyf plattelandse kiesafdelings kon sewe Nasionaliste darem 2 645 stemme, dit wil sê 'n gemiddelde van 529 per kiesafdeling, byeenbring. Die twee noordelike setels wat hulle gewen het, het hulle in 'n beter posisie geplaas as die Arbeiders wat glad nie sukses in enige kiesafdeling gehad het nie, alhoewel hulle in Umlazi met slegs een-en-dertig stemme verslaan is.

Die mees dramatiese uitslag was dié in Weenen. Daar is minister F.R. Moor, voor Uniewording eerste minister in Natal, met slegs vyf-en-veertig stemme deur die jonger betreklik onbekende Unionis, H.M. Meyler verslaan. Die ervare politikus, T. Hyslop, se neerlaag van vier stemme, was ook onverwags.

In Vryheid het die twee kandidate, albei Nasionaliste eweveel stemme naamlik 377, gekry. By 'n hertelling was dit weer dieselfde. Die kiesbeampte het daarna

---

50. Natal Mercury, 21.9.10.

die lot getrek en W. Myburgh as die wettig gekose lid verklaar.

Die hoogste aantal stemme in Natal is op P.O. Silburn, Onafhanklike in Durban-Punt, verenig en sy meerderheid van 602 was ook die hoogste in die provinsie. In die kiesafdeling Umlazi waar daar aanvanklik ses kandidate was, het T. Fletcher (Unionis) sy kandidatuur voor die verkiesing onttrek ten gunste van 'n ander Unionis, J. Morley. Daar is nietemin nog drie stemme op hom uitgebring. Hier het 327 stemme aan C. Faucus (Onaf=hanklike) die oorwinning besorg, die laagste getal stemme in die hele land aan 'n oorwinnaar. Die kandidaat wat die tweede meeste stemme in Natal getrek het, was J.G. Maydon in die Durban-Greyville-kiesafdeling. Hy was 'n Onafhanklike maar is deur sommige as 'n onafhanklike Unionis beskou.[51)]

Die uitslag van die verkiesing is deur sowel die Natal Witness as die Times of Natal beskou as 'n verdoeming van Hertzogisme.[52)] Die Natal Witness oordeel dat die aanstootlike plakkate wat ten behoewe van mnr. Moor op die dorp vertoon is, ongetwyfeld sy kanse belemmer het. Die plakkate het by kiesers aangedring om vir mnr. Moor te stem omdat hy 'n beproefde man was en dat dit 'n geval

---

51. Natal Witness, 21.9.10.
52. Natal Witness, 19.9.10; Times of Natal, 17.9.10.

moet wees van "Ikona, Outsider!", laasgenoemde verwysende na meneer Meyler. Dit was deur albei partye beskou as swak smaak.[53)] Dit is volgens De Afrikaner die kiesers van Weenen se skuld dat hulle deur mnr. Moor se neer=laag 'n minister verloor het,[54)] terwyl die Natal Mercury meen dat Moor nooit aanspraak kon maak op 'n kabinetspos nie.[55)] Die Natal Witness is van oordeel dat Moor 'n senator gemaak moet word omdat nie een van die lede vir hom sal terugstaan nie.[56)] Meyler het tydens 'n besoek aan Johannesburg op 21 September waar hy 'n hartlike verwelkoming en ontvangs gehad het, Hertzogisme as enigste rede vir Moor se neerlaag aangevoer.[57)]

Die Times of Natal skryf die verskil van opinie nie toe aan rassisme nie, maar reken die verskil lê tussen stad en platteland. Die Unioniste se program is volgens die koerant beter vir stedelinge terwyl die Nasionaliste s'n aantrekliker is vir die boere.[58)] Die koerant betreur die neerlaag van meneer Hyslop.

The Friend vestig weer die aandag op die verandering van die openbare mening sedert Konvensie. Van die drie

---

53. Natal Witness, 17.9.10.
54. De Afrikaner, 19.9.10.
55. Natal Mercury, 19.9.10.
56. Natal Witness, 20.9.10.
57. Transvaal Leader, 22.9.10.
58. Times of Natal, 17.9.10.

Konvensieafgevaardigdes wat aan die verkiesing deelgeneem het, is twee verslaan, terwyl in byna elke kiesafdeling waar aktiewe teenstanders van Uniewording setels betwis het, hulle verkies is. Op sigself mag dit nie veel beteken nie, maar as dit saam met die Nasionaliste-neerlae in ag geneem word, wys dit op 'n duidelike en besliste verandering in die openbare siening sedert die referendum.[59)]

Die uitslag kon ook vertolk word as 'n mosie van wantroue in die Unie-Regering sowel as in die laaste Natalse regering. Slegs twee lede van die laaste Natalse regering, naamlik Moor en W.A. Deane, het aan die verkiesing deelgeneem en albei is verslaan. Daarteenoor is drie lede van die vorige Smythe-bewind, naamlik Watt, Maydon en Clayton, verkies, terwyl 'n vierde, T. Hyslop met slegs vier stemme deur 'n ander Onafhanklike verslaan is.[60)]

## 4. Aangeleenthede wat verband gehou het met die verkiesing

### (a) Tussenverkiesing as gevolg van die verkiesing

Generaal Botha het sy neerlaag so ter harte geneem dat hy wou bedank. Hy is egter deur ondersteuners afgeraai

59. The Friend, 19.9.10.
60. Thompson, a.w., p. 476.

en selfs koerante wat so verheug was oor sy neerlaag het weldra 'n ander deuntjie begin sing en generaal Botha aangemoedig om nie te bedank nie. Baie Nasionaliste het hulle setels aangebied aan generaal Botha, die meeste in Transvaal, maar selfs ook in die Vrystaat en Natal.[61)]

Uiteindelik het generaal Botha besluit om hom in Losberg verkiesbaar te stel nadat die lid daar, T.F.J. Dreyer, sy setel aangebied het.[62)] Generaal Botha is op 7 Oktober 1910 onbestrede verkies.[63)] In Barberton het J.P. Jooste op versoek van Botha teruggestaan vir Hull[64)] wat op 15 Oktober 1910 teen Drew verkies is.[65)] In Natal het kolonel Leuchars wat in die Umvoti-kiesafdeling as Onafhanklike verkies is, die uitnodiging van generaal Botha om minister te word in die plek van Moor, aanvaar.[66)]

Die komitee wat deur dr. Jameson benoem is om hom te adviseer oor watter een van die twee setels hy moes behou, het besluit dat dit Albany sal wees. Daarna is sir Henry Juta onbestrede vir Kaapstad-Hawe verkies.

---

61. Grobler (Rustenburg), Joubert (Piet Retief), Nicholson (Waterberg), Neser (Potchefstroom), Du Toit (Middel= burg), Jooste (Barberton), Mentz (Soutpansberg), Beyers, (Pretoria-Suid), Fichardt (Ladybrand) en Myburgh (Vryheid).
62. T.F.J. Dreyer is tot lid van die direksie van die Landbank benoem: Steinmeyer, a.w., p. 65.
63. The Transvaal Leader, 8.10.10.
64. Steinmeyer, a.w., p. 65.
65. The Transvaal Leader, 18.10.10.
66. Brookes, a.w., p. 267.

Met dié aanvullende verkiesing het daar dus geen ver= andering ingetree in die party-verteenwoordiging in die parlement nie, behalwe dat Leuchars die geledere van die Onafhanklikes verlaat en toegetree het tot die Nasionaliste.

(b) Die Natalse Volksraadlede

Die sewentien verkose Volksraadslede van Natal het op 27 September 1910 'n konferensie in Pietermaritzburg gehou.[67] Volgens De Afrikaner was die "geheime ver= gadering" onder voorsitterskap van T. Watt, terwyl kol. Leuchars waarskynlik die belangrikste spreker was. Meyler het hom onttrek omdat hy blykbaar nie akkoord gegaan het met die sienswyse van die ander lede nie.[68] Die meerderheid van die Volksraadslede was lede van die Natal Party wat as Onafhanklikes verkies is. Blykbaar het kol. Leuchars wat toe alreeds deur generaal Botha genader is om die vakante kabinetspos te vul[69], probeer om steun vir generaal Botha te verkry. Die ander lede wou blykbaar nog eers die kat uit die boom kyk.[70]

Na die opening van die Parlement het sowel generaal Botha as dr. Jameson probeer om die Onafhanklikes van

---

67. Natal Witness, 28.9.10; De Afrikaner, 29.9.10.
68. De Afrikaner, 29.9.10.
69. The Star, 22.9.10.
70. Natal Witness, 28.9.10.

Natal as lede van hul onderskeie partye te kry.[71] Die eerste twee Onafhanklikes wat by die Nasionaliste aan=gesluit het, was kol. Leuchars wat in Moor se plek in die kabinet opgeneem is in Februarie 1911 en T. Watt.[72] Die Natal Party het op 11 Februarie 1911 ontbind.[73]

(c) Die Senaat

Ongeveer 'n maand na die verkiesing is die name bekend gemaak van die agt senatore wat deur die Goewerneur-generaal-in-rade aangewys is,[74] naamlik W.J.C. Brebner, S. Marks, F.W. Reitz, C. Southey, J.C. Krogh, F.R. Moor, W.P. Schreiner en W.E.M. Stanford. Laasgenoemde vier persone is benoem op grond van hulle besondere kennis van die Kleurlingrasse in Suid-Afrika.

---

71. Steinmeyer, a.w., p. 65.
72. Brookes, a.w., p. 267.
73. P.H. Coetzee, a.w., p. 265. Na die vorming van die Suid-Afrikaanse Party in November 1911 het nog vyf Onafhanklikes naamlik Wilt-Shire (Kliprivier), Orr (Pietermaritzburg-Noord), Griffin (Pietermaritz=burg-Suid), Reynolds (Umzimkulu) en Clayton (Zulu=land) by dié party aangesluit. Sodoende het die Suid-Afrikaanse Party toe oor nege lede in Natal beskik. Party van die ander Onafhanklikes het later ook nog by die Suid-Afrikaanse Party aangesluit. (Brookes, a.w., p. 267). Steinmeyer, a.w., p. 65, beweer dat uitgesonderd die twee Nasionaliste, agt van die vyftien Onafhanklikes by generaal Botha en sewe by dr. Jameson aange=sluit het. Hy bring nie in berekening dat met die verkiesing alreeds vier Unioniste verkies is nie.
74. Natal Witness, 14.10.10; Staatskoerant, 18.10.10, p. 215.

Die Natal Witness was van oordeel dat bogenoemde byna deurgaans Nasionaliste is.[75] Schreiner wat 'n Onaf= hanklike was, was die Regering goedgesind. Die Natal Mercury wat die benoemings as "barefaced political jobbery" beskou het, was ontevrede oor Moor se benoeming want "Mr. Moor is a discredited politician, whose native policy has been a failure, and is not acceptable to the natives or the whites".[76] Moor se aanstelling as senator kon op konstitusionele gronde nie weerspreek word nie, daar hy minister van naturellesake was, maar aangesien hy dikwels in die openbaar kritiek uitge= spreek het oor Bantoes se onvermoë om politieke regte uit te oefen, was sy gesindheid sodanig dat dit nie bo kritiek verhewe was nie.[77]

### (d) Die Hertzog-onderwyswet

Die saak wat die vernaamste verkiesingskreet uitgemaak het, naamlik die Hertzog-Onderwyswet het 'n nasleep gehad toe kol. Crewe op die eerste sitting van die Parlement in November 1910 voorgestel het dat generaal Hertzog se onderwyswet afgekeur en verwerp word.[78] Die gevolg van die voorstel was dat 'n Gekose Komitee benoem is om vas te stel of die Onderwys in al die

---

75. Natal Witness, 14.10.10.
76. Aangehaal deur die Cape Times Weekly, 19.10.10.
77. Brookes, a.w., p. 267.
78. Trollip, a.w., p. 182; Van der Schyff, a.w., p. 54.

provinsies volgens Artikel 137 gereël is en of daar enige dwang is. Die bevinding van die Gekose Komitee was:[79] "They found inequality between Dutch and English in all provinces except the Free State, and drew attention to the fact that in every case of in= equality, English is in the more favoured and Dutch in the less favoured position. In the Transvaal for example, proficiency in English was a condition for promotion between Standards; English was a compulsory subject, whereas parents could claim exemption for their children from Dutch, English was the general medium of instruction after Standard III; and English was a compulsory subject in examinations for the Second Class Teachers' Certificate.

Compulsion existed in every Province, and there was more compulsion in the Orange Free State than anywhere else. But it was found that in the Free State compul= sion applied equally to both languages, while in the other three Provinces it was exercised in favour of English only".

(e) <u>Hertzogprys</u>

'n Ander belangrike nagevolg wat indirek uit die ver= kiesing ontstaan het, was die toekenning van die soge= naamde Hertzogprys.[80] Een van die drie afgedankte

---

79. Trollip, a.w., p. 184; Van der Schyff, a.w., p. 56.
80. In die "Gedenkboek" Generaal J.B.M. Hertzog wy P.J. Nienaber 'n hele hoofstuk aan Die Hertzogprys, pp. 106-112.

inspekteurs "wegens insubordinatie" naamlik Fraser het 'n lasteraksie teen generaal Hertzog ingestel. Dit was na aanleiding van sekere woorde wat generaal Hertzog sou gebruik het in vraetyd op 'n vergadering op Faure=smith op 26 Augustus 1910. Die uitspraak is op 2 November 1911 gelewer. Fraser het die saak gewen, R50 skadevergoeding gekry en generaal Hertzog moes ook die hofonkoste betaal. Bydraes wat gewissel het van 'n paar pennies tot R50 is ingesamel vir generaal Hertzog. Na onkoste afgetrek is, het R2 400 oorgebly en dié geld het generaal Hertzog aan die Suid-Afrikaanse Aka=demie vir Taal, Lettere en Kuns geskenk om jaarliks die beste letterkundige werk in Afrikaans met 'n geldprys (die rente op R2 400) te bekroon.[81)]

---

81. Gedenkboek, p. 106.

HOOFSTUK XI

## SLOTBESKOUING

Met die Vrede van Vereeniging in 1902 is die twee Boererepublieke ook na 'n enkele paar jare op gelyke konsititusionele vlak geplaas met die ander twee Britse kolonies naamlik die Kaapkolonie en Natal. Die Kaapkolonie was egter veel verder gevorder in die Britse parlementêre tradisie as Natal wat teen 1910 nie 'n sterk of ervare regering aan bewind gehad het nie. Die gewese twee Boererepublieke het verbasend vinnig die Britse stelsel aanvaar en Afrikanervoor= manne is aan bewind geplaas.

Die behoefte aan eenwording onder die vier selfregerende state het teen 1908 so sterk geword dat 'n Nasionale Konvensie daarvoor bymekaar geroep en 'n konsep-grond= wet opgestel is wat deur die Britse Regering in 1909 aanvaar is en waardeur die Unie van Suid-Afrika op 31 Mei 1910 tot stand kon kom.

Die grondwet het onder andere voorsiening gemaak vir die daarstelling van 'n Volksraad wat saam met die Senaat die wetgewende gesag vorm. Die netelige stem= regkwessie is deur 'n kompromis opgelos deurdat die Kaapprovinsie se Nie-Blanke stemreg nie uitgebrei is nie, en die noordelike provinsies die stemreg slegs aan Blanke mans toegeken het. 'n Afbakeningskommissie

sou die afbakening van die land in kiesafdelings volgens sekere voorskrifte afhandel, maar die ver= kiesing sou nog volgens die prosedure van die ver= skillende vroeëre koloniale bewinde afgehandel word.

Elke provinsie het in die verband sy eie verkiesings= tradisies gehad. So het in die Kaap al 'n partygroe= pering ontwikkel van die jare 1880 af en was daar al 'n skerp partyverdeling in die laaste dekade van die 19de eeu, wat voortgesit is na die Anglo-Boereoorlog. Verkiesings het in heftigheid toegeneem sodat die verkiesings van 1898, 1904 en 1908 gekenmerk was deur sterk mededinging en aktiewer belangstelling van die kiesers as vroeër.

In Natal waar daar voor en na die Anglo-Boereoorlog geen partyvorming plaasgevind het nie, het die ver= kiesings eerder om persoonlikhede en persoonlike vraagstukke gegaan en was daar 'n tradisie van onge= bondenheid in die politieke lewe.

In die twee Boererepublieke was die verkiesing van offisiere en lede van die Volksraad op 'n direkte kies= stelsel gebaseer en was dit vry van partypolitieke invloede. Die verkiesing van die staatspresident was veral van groot belang. Dit het egter baie stil ver= loop in albei republieke, behalwe gedurende die laaste tien jaar. S.J.P. Kruger is in 1883 vir die eerste keer as staatspresident verkies en is teengestaan, soos

ook in 1888, deur die kommandant-generaal Piet Joubert. Vanaf 1890 het daar sterk opposisie teen die regering van president Kruger ontstaan en so heftig was die verkiesing in 1893 dat verkiesingskomitees en ver= kiesingsveldtogte gehou is, wat tot op daardie stadium iets onbekends was. Kruger het 'n naelskraap oorwinning in 1893 behaal. Na die Jameson-inval het Piet Joubert baie van sy aanhang verloor en het Kruger in 1898 'n maklike oorwinning oor S.W. Burger en Piet Joubert behaal.

In die Vrystaat het president Brand die steun van die volk gehad vanaf 1864 tot met sy dood in 1888. Sy opvolger is vir twee termyne in 1888 en in 1893 onbe= strede verkies. In die 1896-verkiesing het Steyn en Fraser, twee kandidate van uiteenlopende opvattinge mekaar beveg. Steyn het maklik die oorwinning behaal.

Na die verlening van selfbestuur aan Transvaal en die Oranjerivierkolonie in 1907 het die bewind oorgegaan in die hande van Afrikanerleiers wat aan die hoof gestaan het van politieke partye wat pas in die twee kolonies gestig was.

Met die oorwinning wat die Afrikanerbond in 1908 aan Merriman in die Kaapkolonie besorg het, was die Afrikaners aan bewind in drie van die vier kolonies, terwyl in die vierde kolonie, naamlik Natal geen partypolitieke groepering was nie.

Teen die einde van 1909 is al voorbrand gemaak dat die bestaande partye moes verdwyn en dat 'n nuwe party ge=vorm moes word. Dit is in 1910 verder gevoer toe sir Percy Fitzpatrick met sy idee van 'n "Fresh Start" propaganda begin maak het vir 'n nuwe party op uniale grondslag wat albei rasse sou insluit. Dit was in wese dieselfde as die pleidooie van dr. Jameson ten gunste van koalisieregering.

Alhoewel generaal Botha baie ernstige oorweging geskenk het aan dr. Jameson se toenadering, het hy die wind so van voor gekry dat hy sy koalisieplanne laat vaar het. Hy het dit tewens moeilik gevind om die goedgesinde regeringspartye in een organisasie te omskep. Hy het hom toe maar daarop toegelê om sy nuwe party in Trans=vaal 'n werklikheid te maak, waarin hy in Maart 1910 geslaag het.

Sy kollegas het hul eie partyorganisasies ook in lyn probeer bring met generaal Botha se party, maar die onderskeie partye het besluit om nog vireers onder die ou partyorganisasie te funksioneer. Intussen het die Arbeiders al landswyd gereorganiseer en was hulle die eerste uniale party om tot stand te kom in Januarie 1910.

Nadat dit vir dr. Jameson duidelik geword het dat sy koalisieplanne misluk het, het hy en sy kollegas begin organiseer om 'n sentrale opposisieparty te vorm. Dit het finale beslag gekry in Mei 1910 toe die Unioniste Party gevorm is onder die leierskap van dr. Jameson.

Natal wat 'n afwagtende en onafhanklike houding ingeneem het, het probeer om nie verbind te word met die regering of die opposisie nie. Dit het gedurende Mei en Junie daartoe ge=lei dat 'n nuwe party, die sogenaamde Natal Party, gestig is, wat homself onafhanklik wou hou. Die Afrikaners het toe alreeds hul organisasie opgeknap met die oog op die verkiesing, terwyl die Unioniste ook pogings begin aanwend het om takke van hul party in Natal gestig te kry.

Die Naturelle en Kleurlinge was so teleurgesteld met die nuwe grondwet dat hulle nie veel belangstelling vir die Unie en die naderende verkiesing gehad het nie.

Die afbakeningskommissie het sy werksaamhede op 1 November 1909 begin en dit op 10 Mei 1910 afgehandel. Dit is op 31 Mei bekend gemaak. 'n Leidraad is aan die kommissie gegee waarvolgens kiesafdelings ingedeel moes word. Daarvolgens is voorsiening gemaak vir 'n afwyking tot vyftien persent van die kwota in elke provinsie. Dit is so deur die kommissie vertolk dat stedelik kiesaf=delings belaai en plattelandse kiesafdelings ontlaai is.

Die inwerkingtreding van die Unie het dit ook nodig ge=maak dat 'n regering benoem moes word. Die diensaan=vaarding van Herbert Gladstone as goewerneur-generaal op 17 Mei 1910 het die bal aan die rol gesit. Sy keuse, het geval op generaal Louis Botha as eerste minister. Generaal Botha het 'n kabinet saamgestel uit die re=geringsleiers van die verskillende kolonies, alhoewel heelwat propaganda gemaak is vir 'n sogenaamde "best-men"-regering, wat ook opposisieleiers sou ingesluit het.

Die eerste minister het homself heelwat kritiek op die hals gehaal deur die insluiting van Fischer en veral van Hertzog in die kabinet.

Met die Regering in die tuig, die Afbakeningskommissie se verslag bekend en die politieke partye georganiseerd was alles gereed vir die verkiesingsveldtog, waarin die pers 'n leeue-aandeel sou hê.

Alhoewel die Nasionaliste darem kon reken op die steun van drie Engelstalige dagblaaie, het hulle oor geen Afrikaanse dagblad beskik nie. Die Engelssprekendes was baie meer koerantbewus as die Afrikaanssprekendes. Dit spreek uit die twee-en-twintig daaglikse koerante, almal Engelse, en verder daaruit dat nie minder nie as twintig weeklikse koerante in die Oostelike Provinsie verskyn het, teenoor sewentien in die res van die Kaap=provinsie, dertien in Transvaal en slegs vier in Natal en drie in die Vrystaat. Alhoewel die Unioniste oor geen Afrikaanse koerant beskik het nie, het die oorgrote meerderheid Engelse koerante die party gesteun. Enkele koerante het 'n onafhanklike houding ingeslaan, alhoewel een van hulle onverbloemde steun aan die Arbeiders ge=lewer het.

Die verkiesingsveldtog is in werklikheid ingelui met generaal Botha se toespraak in Pretoria op 14 Junie 1910. Daarmee is ook sy manifes bekend gestel. Daarna is op publieke platforms en in die pers die verskillende mani=

feste en beleidsverklarings vergelyk en bespreek. Die merkwaardige was die groot ooreenkoms wat in die ver= skillende manifeste opgesluit was. Alhoewel daar etlike noemenswaardige verskille was, was die ooreen= koms groter en het geblyk dat daar eerder in die ge= ledere van die Regering self verskil van opinie was.

Ongeveer 'n maand na die openingstoespraak van generaal Botha is die nominasie- en verkiesingsdatums bekend ge= maak as 19 Augustus (31 Augustus vir Natal) en 15 September onderskeidelik.

Lank voor die tyd is kandidate al deur middel van rek= wisisies gevra om hulle beskikbaar te stel. Party= nominasies is voor die tyd afgehandel en na die ampte= like nominasie was daar nege-en-dertig onbestrede nominasies (dertig Nasionaliste, sewe Unioniste en twee Onafhanklikes) terwyl in twee-en-tagtig kiesafdelings verkiesing gevoer sou word deur 190 kandidate: vyf-en-sewentig Nasiona= liste, agt-en-veertig Unioniste, twee-en-veertig Onaf= hanklikes, een-en-twintig Arbeiders en vier Sosialiste.

Die onbestrede Nasionaliste het plattelandse setels verteenwoordig en die onbestrede Unioniste stedelike en plattelandse kiesafdelings in die Oostelike Provin= sie. In die Kaapprovinsie het Nasionaliste mekaar in veertien kiesafdelings beveg. Die grootste belang= stelling was in die setels waar ministers verkiesing moes veg, veral die drie in Transvaal, waarvan die een in Pretoria-Oos die verbeelding van die hele land die

meeste aangegryp het. In Natal het die Natal Party as Onafhanklikes aan die verkiesing deelgeneem. Die Ar= beiders het slegs in stedelike kiesafdelings gevegte aangeknoop.

Die Unioniste het die Vrystaatse Onderwyswet aangegryp en dit onder die naam "Hertzogism" as verkiesingskreet aangehef. Deur dit op 'n behendige wyse in die poli= tiek te sleep het hulle daarin geslaag om die skyn te verwek dat dit generaal Botha en sy kollegas is wat nie te vinde was vir samewerking nie en rassehaat ingevoer het. Die eintlike sondebok, volgens die opposisie, was generaal Hertzog, en deur sy insluiting in die kabinet het generaal Botha homself as 'n swakkeling laat kenmerk. Die hele aangeleentheid het egter getoon dat daar 'n groter verskil was tussen generaals Botha en Hertzog wat in die= selfde kabinet was as tussen Botha en Jameson, die leier van die opposisie.

Die Nasionaliste en die Arbeiders het hul toevlug geneem tot die slagkreet van "Kapitaliste" teen die Unioniste, wat tot 'n mate uitgedien was na die terugsending van die laaste Sjinese arbeiders vroeg in 1910. Verder het die opposisiekoerante die administrasie van die regering onder verdenking geplaas. Daarvoor was die sogenaamde R600-toekenning aan parlementslede die beste skyf.

Die verkiesingsveldtog is geopen deur generaal Botha se eerste openbare vergadering op 14 Junie 1910 in die

